

DIE WYSHEID VAN JESUS SIRAG wat ook genoem word DIE BOEK EKKLESIASTIKUS

Inleiding

Die Wysheid van Ben Sira, ook bekend as *Die Wysheid van Jesus Sirag*, of *Die Boek Ekklesiastikus*, vorm deel van die wysheidsliteratuur wat internasionaal en ook in die ou Nabye Ooste voorgekom het. Hierdie versameling van 51 hoofstukke is aanvanklik in Hebreeus deur die grootvader van Ben Sira, Jesjua ben Eleasar ben Sira (Jesus, die seun van Eleasar, die seun van Sira), in Jerusalem geskryf. Dit het gebeur tydens die Seleukiede Ryk se oorheersing van Palestina, maar voor die optrede van Antiochus Epifanes IV (ongeveer 167 vC), wat alles in werking gestel het om Jerusalem in 'n Griekse stad te verander. Van hierdie Hebreeuse weergawe bestaan daar ongelukkig net bepaalde gedeeltes. Die Hebreeuse komposisie is in 132 vC in Aleksandrië deur sy kleinseun in Grieks vertaal. Die hele komposisie is in twee Griekse weergawes beskikbaar en die korter Griekse weergawe dien as bronteks vir hierdie vertaling. Naas die Griekse en Hebreeuse weergawes bestaan daar ook Siriese en Latynse weergawes. Daar is groot verskille tussen die teks van die •Vulgaat (Latyn) en die teks wat hier gevolg word.

Die bedoeling van die oorspronklike weergawe was volgens sommige geleerdes om Joodse geloofsgenote gedurende die Hellenistiese tydperk in hulle daaglikse lewenstryd te ondersteun. Volgens hulle wou Ben Sira

aantoon dat die ware wysheid nie in Athene nie, maar in Jerusalem te vinde is; nie in die slim, wysgerige, humanistiese Hellenistiese geskrifte nie, maar in die geïnspireerde, heilige boeke van Israel.

Hierdie boek kan in agt dele verdeel word wat oor 'n uiteenlopende aantal temas handel. Hoofstuk 1 bevat die inleiding tot die boek en handel oor die oorsprong van die wysheid. Daar is ook 'n proloog van 22 verse wat net in die Grieks voorkom.

1-1g Proloog

1:1h — 4:10 Oorsprong en betekenis van Wysheid

4:11 — 6:17 Verwerwing van Wysheid

6:18 — 14:18 Wysheid as dissipline

14:19 — 23:27 Wysheid se seëninge

24:1 — 32:12 Lof van Wysheid

32:13 — 39:10 Ontslag vir die Here

39:11 — 43:33 Lof oor die skepping

44:1 — 50:25 Lied vir die beroemdes

50:27-29 Slotwoord

51:1-30 Gebed van Jesus, seun van Sira

Proloog

¹ Aangesien baie en groot dinge aan ons gegee is deur die Wet en die Profete en die ander Geskrifte wat daarop gevolg het, is dit nodig om Israel te prys vir sy opvoeding en wysheid. En dit is nodig nie alleen dat hulle wat dit lees, self kundiges word nie, ^{1a} maar dat die leergieriges ook in staat sal wees om vir die buitelanders tot diens te wees, sowel deur wat hulle sê as wat hulle skryf. My oupa Jesus het hom vir 'n geruime tyd gewy aan die lees van die Wet en die Profete ^{1b} en die ander Geskrifte van ons vaders; en nadat hy groot bedrewenheid daardeur bekom het, is hy daartoe beweeg om self ook iets te skryf wat gepas sou wees vir opvoeding en wysheid. Sy doel was dat die

leergieriges wat hulle ook hiermee bemoei het, veel meer vordering kon maak deur te leef volgens die Wet.

^{1c} Jy word daarom uitgenooi om met welwillendheid en aandag te lees en toegewings te maak oor sake ten opsigte waarvan dit sou blyk dat ons ^{1d} sekere uitdrukkings nie korrek kon vertaal nie, ten spyte van ons harde werk. Want dit wat daarin in Hebreeus gesê word, het nie dieselfde krag wanneer dit in 'n ander taal vertaal word nie. Dit geld nie alleen hierdie werk nie, maar ook die Wet self en die Profete, ^{1e} en die res van die Geskrifte verskil in geen geringe mate van dié wat in hulle eie tale vertaal word nie.

Want in die agt-en-dertigste regeringsjaar^a van koning Euergetes^b het ek in Egipte aangekom en nadat ek 'n geruime tyd daar was, het ek 'n afskrif gevind van geen geringe onderrigwaarde nie. ^{1f} Ek het dit uiters noodsaaklik gevind om self ook ywer en toewyding aan die dag te lê om hierdie •boekrol te vertaal. Nadat ek met baie min slaap my kennis toegepas het, het ek met verloop van tyd die boekrol voltooi om dit uit te gee, ook met die oog op hulle wat in die buiteland wil studeer ^{1g} en hulle vooraf voorberei op die gewoonte om volgens die Wet te leef.

1

Oorsprong en betekenis van wysheid

^{1h c*} Alle wysheid kom van die Here
en by Hom bly dit vir altyd.

^a**Proloog 1e 38ste regeringsjaar:** 132 vC.

^b**Proloog 1e Euergetes:** Dit verwys waarskynlik na Ptolemeus VII Euergetes II. Die •Vulgaat lui “Ptolemeus Euergetus”.

^c**1:1h-30** Sommige vertalings nommer hierdie verse as Sir 1:1-40.

^{*}**1:1h-10** Job 28:12-27; Spr 8:22-31

²* Die sand van die seë
en die druppels van die reën
en die dae van die ewigheid —
wie kan dit tel?

³ Die hoogte van die hemel
en die breedte van die aarde
en die onpeilbare diepte
en die wysheid —
wie kan dit naspour?

⁴* Voor alle dinge
is die Wysheid geskep
en verstandige insig
bestaan van ewig af.^d

⁶ Die wortel van haar^e wysheid —
aan wie is dit geopenbaar?
Die vernuftigheid van haar dade —
wie ken dit?^f

⁸* Daar is net een Wyse,
een werklik Ontzagwekkende,
wat op sy troon sit.

***1:2** Jes 40:12-14

***1:4** Spr 8:22

^d**1:4 af:** Sir 1:5 ontbreek hierna in sommige Griekse mss. Die •Vulgaat lui “Die bron van wysheid is die woord van God in die hoogte en die ingang daartoe die ewige gebooië.”

^e**1:6 haar:** Wysheid (*Sofia* in Grieks) word altyd in ‘n vroulike vorm aangedui.

^f**1:6 dit:** Sir 1:7 ontbreek hierna in sommige mss. Die Vulgaat lui ⁷ “Aan wie is die kennis van wysheid geopenbaar en verduidelik? En wie verstaan haar veelvoudige lewenservaring?”

***1:8** Op 4:2,9,10; 21:5

⁹ Die Here self het haar^g geskep

¹⁰ * om met alle mense^h te wees,

as sy gawe,

en Hy het haar voorsien

aan dié wat Hom liefhet.

¹¹ * Ontslag vir die Here

is eer en roem en vreugde,

asook 'n kroon van blydschap.

¹² Ontslag vir die Here

sal die hart verbly;

dit sal vreugde en blydschap

en 'n lang lewe verskaf.

¹³ Met die een wat ontsag het

vir die Here,

sal dit goed gaan tot aan die einde,

en op die dag van sy dood

sal hy geseën word.

¹⁴ Die begin van die wysheid

is om ontsag vir die Here te hê;

vir gelowiges is syⁱ saam met hulle

in die moederskoot geskep.

¹⁵ ^j Sy het onder mense

^g**1:9 haar:** Vgl voetnoot in Sir 1:6. Die Vulgaat lui “het haar in die Heilige Gees geskep. Hy het haar gesien en gemeet en sy was gemeet.”

* **1:10** 1 Kor 2:9

^h**1:10 mense:** Letterlik ‘vlees’.

* **1:11-30** Spr 1:7; 10:27-28; Sir 19:20; Jak 1:5-8

ⁱ**1:14 sy:** Vgl voetnoot in Sir 1:6.

^j**1:15-30** Die Vulgaat nommer Sir 1:15-30 as Sir 1:19-40.

'n ewige fondament gelê
en onder hulle nageslag
sal sy vertrou word.

¹⁶ Die volheid van wysheid
is om ontsag vir die Here te hê;
sy maak hulle dronk met haar vrugte.

¹⁷ Hulle hele huis sal sy vul
met hulle hartsbegeertes
en hulle skure met haar opbrengste.

¹⁸ 'n Kroon van wysheid
is ontsag vir die Here;
dit laat vrede en volkome
gesondheid weer opbloeï.

¹⁹ Hy het haar sowel aanskou
as uitgemeet;
kennis en volledige insig
het Hy laat neerreën
en Hy het die roem verhoog
van hulle wat haar beheer.

²⁰ * Die wortel van wysheid
is om ontsag vir die Here te hê
en haar takke is 'n lang lewe.^{kl}

²² Onregverdige woede
kan nooit geregverdig word nie,
want die gewig van 'n mens se woede

* **1:20** Spr 3:16; 4:10

^k**1:20** en haar ... lewe: Die Vulgaat lui “en sy bedwelms hulle met sy vrugte”.

^l**1:20** lewe: Sir 1:21 ontbreek hierna in sommige Griekse mss. Die Vulgaat lui ²¹
“sy sal sy hele huis vul met waardevolle dinge, sy opslagplekke met sy skatte.”

- lei tot sy ondergang.
- ²³ Die geduldige sal tot op
die regte oomblik uithou,
en later sal blydskap hom vergoed.
- ²⁴ Tot op die regte oomblik
sal hy sy woorde verberg,
maar die lippe van vele
sal sy insig bekend maak.
- ²⁵ Onder die skatte van wysheid
is daar verstandige spreuke,
maar godsdienstigheid
is 'n gruwel vir die sondaar.
- ²⁶ As jy Wysheid begeer,
moet jy die gebooie bewaar
en die Here sal haar aan jou voorsien.
- ²⁷ Want ontsag vir die Here
is wysheid en opvoeding
en sy behae is trou en sagmoedigheid.
- ²⁸ Moenie ongehoorsaam wees
aan die ontsag vir die Here nie
en moet Hom nie dubbelhartig
nader nie.
- ²⁹ Moenie skynheilig wees
voor mense nie
en plaas 'n wag voor jou mond.
- ³⁰ Moenie jouself verhef nie,
sodat jy nie struikel
en skande oor jouself^m bring nie,

^m**1:30 jouself:** Letterlik 'jou siel'. Die mens se bewuste, innerlike self.

want die Here
sal jou geheime openbaar,
selfs midde-in die vergadering
jou verneder,
omdat jy nie in ontsag vir die Here
nadergekom het nie
en jou hart vol bedrog was.

2

¹ nKind,^o as jy die Here nader
om Hom te dien,
berei jou voor om getoets te word.

² Rig jou hart op die regte pad
en volhard;
moenie ongeduldig wees
in tye van swaarkry nie.

³ Verbind jou aan Hom
en moet Hom nie versaak nie,
sodat jy tot aan jou einde kan groei.

⁴ Aanvaar alles wat oor jou
gebring word.

Onder vernederende omstandighede
moet jy geduldig wees,

⁵ *want goud word deur vuur gelouter,
en aanvaarbare mense deur die oond

ⁿ2:1-18 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 2:1-23.

^o2:1 **Kind:** In die onderrigsituasie word 'n persoonlike verhouding tussen die onderwyser en die student veronderstel. Word dus ook vertaal as “My kind”.

^{*}2:5 Spr 17:3; Wys 3:5-6; 1 Pet 1:7

van vernedering.

⁶* Glo in Hom en Hy sal jou help;
maak jou paaie reguit en hoop op Hom.

⁷ Wag op sy ontferming,
julle wat vir die Here ontsag het,
en moenie afwyk nie,
sodat julle nie struikel nie.

⁸ Vertrou op Hom,
julle wat vir die Here ontsag het,
dan sal julle beslis nie julle beloning
verbeur nie.

⁹ Hoop vir die goeie,
julle wat vir die Here ontsag het,
ja, op ewige vreugde en genade.

¹⁰* Kyk na die geslagte van ouds
en let op:

Wie het in die Here geglo
en is beskaam?

Of wie het volhard om aan Hom
ontsag te betoon,
maar is in die steek gelaat?

Of wie het Hom aangeroop,
vir wie Hy dan verontagsaam het?

¹¹ Want die Here is vol deernis
en ontferming,
ja, Hy vergewe sondes
en red in 'n tyd van verdrukking.

*2:6 Spr 3:6; Sir 2:8

*2:10 Ps 37:25

¹² Ellende wag op dié met bang harte
en slap hande
asook op die sondaars
wat dubbelhartig lewe.^p

¹³ Ellende wag op die mens
met 'n lamsakkige hart,
want hy glo nie;
daarom sal hy geen beskerming
geniet nie.

¹⁴ * Ellende wag op julle
wat die moed verloor het
om te volhard;
wat sal julle doen wanneer die Here
julle kom ondersoek?

¹⁵ * Wie vir die Here ontsag het,
sal sy woorde nie verontagsaam nie,
en hulle wat Hom liefhet,
sal sy paaie bewaar.

¹⁶ Wie vir die Here ontsag het,
sal daarna streef om Hom
tevrede te stel —
ja, hulle wat Hom liefhet,
sal met die Wet vervul word.

¹⁷ Wie vir die Here ontsag het,
sal hulle harte voorberei

^p**2:12 dubbelhartige lewe:** Letterlik ‘wat op twee paaie gaan’. Dit verwys na 'n vals lewe.

***2:14** Sir 17:24

***2:15-16** Deut 6:4-6; Wys 6:18; Joh 14:15,21,23

en sal hulle siele^q
voor Hom verneder.

¹⁸*Mag ons in die hande
van die Here val
en nie in die hande
van mense nie!

Want net soos sy majesteit,
so ook is sy ontferming.

3

¹rKinders, luister na my, julle vader,
en tree so op dat julle verlos kan word,

²want die Here plaas die vader
in 'n ereposisie oor sy kinders
en die moeder se beslissing
bevestig Hy teenoor haar seuns.

³Hy wat sy vader respekteer,
doen versoening vir sonde,

⁴en soos een wat rykdom versamel,
is hy wat sy moeder eer.

⁵Hy wat sy vader respekteer,
sal vreugde van sy kinders ervaar,
en op die dag van sy gebed
sal hy verhoor word.

⁶*Hy wat sy vader eer,

^q2:17 siele: Die mens se bewuste, innerlike self.

*2:18 2 Sam 24:14; Ps 37:5

r3:1-31 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 3:1-34.

*3:6 Eks 20:12; Deut 5:16

sal lank leef,
en hy wat die Here gehoorsaam,
sal sy moeder rus besorg.
⁷ Onder dié wat hom verwek het,
sal hy wees soos 'n slaaf
teenoor meesters.
⁸ Eer jou vader in woord en daad
sodat sy seën oor jou kan kom,
⁹ want 'n vader se seën
versterk die kinders se huise,
maar 'n moeder se vloek
ontwortel hulle fundamente.
¹⁰ Moenie jouself eer toe-eien
deur jou vader sy eer
te ontnem nie,
want sy eerloosheid
strek jou nie tot eer nie;
¹¹ *¹ 'n mens se eer spruit voort
uit die eer van sy vader,
maar 'n moeder sonder eer
is 'n skande vir kinders.
¹² Kind, ondersteun jou vader
in sy ouderdom
en moet hom nie leed laat ervaar
in sy lewe nie.
¹³ *Selfs wanneer sy verstand hom
in die steek laat,

***3:11** Spr 30:17

***3:13** Spr 23:22

wees tegemoetkomend,
en ontnem hom nie sy eer
in die volheid van jou krag nie,
¹⁴ want medelye met 'n vader
sal nie vergeet word nie
en dit sal, in die plek van jou sondes,
bygevoeg word om jou op te bou.
¹⁵ Op die dag van verdrukking
sal dit in herinnering geroep word;
soos ryp in warm weer,
so sal jou sondes wegs melt.
¹⁶ Soos 'n godslasteraar is hy
wat sy vader in die steek laat,
en deur die Here vervloek,
is hy wat sy moeder kwaad maak.
¹⁷ Kind, hanteer jou sake
met nederigheid,
dan sal jy geag word deur die mens
wat guns gevind het by God.
¹⁸ *Hoe belangriker jy is,
hoe nederiger moet jy wees,
dan sal jy guns vind voor die Here.^s
²⁰ Want groot is die mag van die Here
en Hy word deur nederiges verheerlik.
²¹ Wat bo jou vuurmaakplek is,
moet jy nie najaag nie

***3:18** Spr 3:34; Fil 2:3

^s**3:18** Here: Sir 3:19 ontbreek hierna in sommige Griekse mss asook in die Vulgaat.

en wat bo jou vermoë is,
moet jy nie naspour nie.

²² Wat aan jou toevertrou is, bedink dit,
maar wat verborge is,
gaan jou nie aan nie.

²³ Moenie jou bemoei met dinge
wat groter as jou belange is nie,
want meer as wat vir die mens
verstaanbaar is, is aan jou getoon.

²⁴ Hulle valse aannames
het immers baie mense mislei
en slegte veronderstellings
het hulle denke laat ontspoor.^t

²⁶ 'n Verharde hart
sal tot 'n slegte einde kom,
en hy wat van gevaar hou,
sal daardeur ten gronde gaan.

²⁷ 'n Verharde hart
sal met swaarkry belas word;
die sondaar stapel sonde op sonde.

²⁸ Vir die swaarkry
van 'n aanmatigende mens
is daar geen genesing nie,
want 'n giftige plant het in hom
wortelgeskiet.

²⁹ Die hart van 'n verstandige mens
bedink 'n spreuk,

^t3:24 **ontspoor**: Sir 3:25 ontbreek hierna in sommige Griekse mss asook in die Vulgaat.

en 'n aandagtige oor
is die begeerte van die wyse.

³⁰ Water blus 'n verterende vuur,
en liefdadigheid versoen sonde.

³¹ Hy wat gunste terugbetaal,
word uiteindelik onthou
en wanneer hy struikel,
sal hy ondersteuning vind.

4

^{1 u*} Kind, moenie die arme sy lewe
ontneem nie;
moet ook nie behoeftige oë
wegwys nie.

² Moenie die een^v wat honger ly,
leed aandoen nie;
moet ook nie iemand
wat uitsigloos is,
kwaad maak nie.

³ Moenie 'n vertoornde mens
verder ontstel nie;
moet ook nie 'n aalmoes
vir 'n behoeftige uitstel nie.

⁴ Moenie iemand
wat in die moeilikheid is
en hulp vra, verwerp nie;

^u4:1-31 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 4:1-36.

^{*}4:1-10 Job 29:12,16; Spr 3:27-28; Jes 1:17; Tob 4:7; Jak 1:27

^v4:2 die een: Letterlik 'siel'. Dit verwys hier na die mens in sy totale bestaan.

moet ook nie jou gesig wegdraai
van 'n arme nie.

⁵ Van 'n behoeftige moet jy jou oog
nie wegkeer nie
en moet geen mens
die geleentheid bied
om jou te vervloek nie,

⁶ want as iemand jou vervloek
in die bitterheid van sy siel,
sal die Een wat hom geskep het,
sy versoek verhoor.

⁷ Maak jouself geliefd
in die byeenkoms
en verootmoedig jou
voor 'n maghebber.

⁸ Neig jou oor tot 'n arme
en antwoord hom vriendelik
en sagmoedig.

⁹ Bevry die verontregte
uit die hand van die een
wat hom verontreg,
en moenie huiwer
wanneer jy oordeel nie.

¹⁰ Wees vir weeskinders
soos 'n vader
en wees soos 'n man
vir hulle moeder.

Dan sal jy wees soos 'n seun
van die Allerhoogste,

en Hy sal jou meer liefhê
as jou eie moeder.

Verwerwing van Wysheid

¹¹ *Wysheid verhoog haar^w seuns
en ondersteun diegene
wat na haar soek.

¹² Die mens wat haar liefhet,
het die lewe lief
en dié wat haar vroegdag opsoek,
sal met vreugde vervul word.

¹³ Die mense wat haar beheers,
erf eer,
en waar sy ingaan,
seën die Here die huis.^x

¹⁴ Die mense wat hulle aan haar wy,
dien die Heilige,
en die mense wat haar liefhet,
vir hulle is die Here lief.

¹⁵ Wie haar gehoorsaam,
sal nasies oordeel
en wie aan haar aandag skenk,
sal vol vertrouwe leef.

¹⁶ As 'n mens haar vertrou,
sal hy haar erf
en sy nageslag sal haar besit.

* **4:11-31** 1 Kon 3:9-12; Spr 3:16-18; Dan 2:21-22; Wys 8:17-18; Sir 41:16 — 42:8

^w **4:11 haar:** Wysheid (*Sofia* in Grieks) word altyd in 'n vroulike vorm aangedui.

^x **4:13 die huis:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

¹⁷ Want aan die begin sal sy hom
krom paaie laat loop,
vrees en angs oor hom bring
en hom kasty met haar dissipline^y
totdat sy op sy siel kan vertrou;
sy sal hom toets
met haar voorskrifte.^z

¹⁸ Dan sal sy weer met 'n reguit pad
na hom terugkom
en hom gelukkig maak;
sy sal aan hom haar geheime openbaar.

¹⁹ As hy egter afdwaal,
sal sy hom verlaat
en hom oorgee aan die greep
van sy eie ondergang.

²⁰ Wag vir die geskikte geleentheid,^{*}
wees bedag op die kwaad
en moenie vir jouself skaam wees nie,

²¹ want daar is 'n skaamte
wat aanleiding gee tot sonde,^a
en daar is 'n skaamte
wat eer en guns inhou.

^y**4:17 dissipline:** Die Griekse naamwoord *paideia* kan benewens “opvoeding, onderrig” ook “dissipline” beteken; •Opvoed.

^z**4:17 totdat ... voorskrifte:** Die Vulgaat lui “totdat hy haar in sy gedagtes hou en sy sy siel vertrou.”

^{*}**4:20 Wag ... geleentheid:** Pred 3:1

^a**4:21 skaamte ... sonde:** Dit verwys na die eer-skande-kultuur van die ou Nabye Ooste.

- ²² Moenie tot jou eie skade
partydig wees teenoor mense nie
en moenie eerbied betoon
tot jou eie ondergang nie.
- ²³ Moenie 'n woord weerhou
wanneer die geleentheid dit vereis nie,
- ²⁴ want dit is deur die woord
dat wysheid geken sal word,
en opvoeding deur die woord
van die tong.^b
- ²⁵ Moenie die waarheid weerspreek nie
en skaam jou oor jou onkunde.
- ²⁶ Moenie skaam wees
om jou sonde te erken nie
en moenie teen die loop
van 'n rivier stry nie.
- ²⁷ Moenie jou aan 'n onnosele
onderwerp nie
en moenie partydig wees
teenoor maghebbers nie.
- ²⁸ Veg tot die dood toe vir die waarheid
en die Here God sal vir jou veg.
- ²⁹ Moenie met jou tong vermetel wees,
en lui en nalatig in jou daade nie.
- ³⁰ Moenie soos 'n leeu wees
in jou huis nie
en moenie jou huisbediendes

^b4:24 **tong:** Die tong word geassosieer met spraak.

teister^c nie.

³¹ Laat jou hand nie uitgestrek
wees om te ontvang,^{*}
maar terughoudend om te gee nie.

5

^{1 d*} Moet jou nie op jou rykdom
verlaat nie,
moet ook nie sê, “Ek het genoeg” nie.

² Moenie aan jou siel^e
en jou krag toegee
om volgens die begeertes
van jou hart te leef nie.

^{3 *} Moenie sê,
“Wie het mag oor my?” nie,^f
want die Here sal beslis reg laat geskied.

^{4 *} Moenie sê, “Ek het oortree,
en wat het my oorgekom?” nie,
want die Here is geduldig.

⁵ Moenie vreesloos wees

^c**4:30 teister:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Griekse woord wat net hier voorkom.

^{*}**4:31 Laat ... ontvang:** Hand 20:35

^d**5:1-15** Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 5:1-18.

^{*}**5:1** Ps 62:11

^e**5:2 siel:** Die mens se gemoed met sy emosies en stemmings.

^{*}**5:3** 1 Thess 4:6

^f**5:3 my?” nie:** Die Vulgaat voeg hierna by “of, ‘Wie sal my ondersoek oor my dade?’ ”

^{*}**5:4** Pred 8:11

wat betref versoening
deur sonde by sonde te voeg nie.

⁶ Moet ook nie sê,
“Sy ontferming is groot;
Hy sal my menigte sondes versoen” nie,
want medelye sowel as toorn
is by Hom te vinde,
maar op sondaars rus sy woede.

⁷ Moenie wag om na die Here
terug te keer nie
en moet dit nie van dag tot dag
uitstel nie,
want die toorn van die Here
kan onverwags ontbrand
en in die tyd van vergelding
kan jy vernietig word.

⁸ *Moenie vertrou op rykdom
wat onregverdig verkry is nie,
want dit sal jou nie baat op die dag
van ramspoed nie.

⁹ Moenie koring uitwan
in enige wind nie
en moet jou nie op enige afdraaipad
begewe nie, soos die sondaar,
die een met twee tonge.⁸

¹⁰ * Hou onwrikbaar vas aan jou insig

*5:8 Spr 10:2; 11:4

⁸5:9 tonge: Die tong word geassosieer met spraak.

*5:10-12 Spr 29:20; 30:32; Jak 1:19

en laat jou woord eenduidig wees.

¹¹ Wees gou om te luister,
maar traag om te antwoord.

¹² As jy insig het, antwoord jou naaste;
indien nie, plaas jou hand
voor jou mond.

¹³ *Eer sowel as skande
kom deur dit wat gesê word,
en 'n mens se tong kan lei tot sy val.

¹⁴ Moenie 'n kwaadprater
genoem word nie
en moenie met jou tong
valstrikke stel nie,
want op die dief wag daar skande
en op die een met twee tonge,
genadelose veroordeling.

¹⁵ Moenie onkundig wees
in groot of klein sake nie,
en moenie 'n vyand wees
in plaas van 'n vriend nie,
want 'n slegte naam
sal skande en vernedering
oor jou laat kom,
soos gebeur met die sondaar,
die een met twee tonge.

*5:13 Spr 10:14; Sir 23:8

6

^{2 h}Moet jou nie verhef
deur die planne van jou sielⁱ nie,
sodat jou lewe^j nie gegryp word
soos 'n bul gegryp word nie.

³Jy sal jou blare opeet
en jou vrugte verwoes
en jouself as 'n verdroogde boom
agterlaat.

⁴'n Slegte siel^k sal sy besitter vernietig
en hom tot 'n bespotting maak
van sy vyande.

^{5 *}Soet woorde^l vermeerder vriende^m
en 'n welsprekende tong
laat hoflikheid toeneem.

⁶Laat diegene wat met jou
in vrede leef, baie wees,
maar jou raadgewers een uit 'n duisend.

^h6:2 Sir 6:1 kom nie in die •bronteks voor nie. Die •Vulgaat lui ¹ “Moenie min (mense) of baie benadeel nie en moenie 'n vyand word in plaas van 'n vriend nie. Want jy sal 'n slegte naam en smaad en skande erf, so ook elke jaloerse en huigelagtige sondaar.” Sommige vertalings nommer hierdie verse as Sir 6:2-37.

ⁱ6:2 **siel:** Die mens as redenerende wese; die wesenlike ‘ek’ van die mens.

^j6:2 **lewe:** Letterlik ‘siel’. Dit verwys hier na die mens in sy totale bestaan.

^k6:4 **siel:** Die mens se gemoed met sy emosies en stemminge.

^{*}6:5-17 1 Sam 20:30-34; Spr 19:4

^l6:5 **Soet woorde:** Letterlik ‘soet keel’. Word ook vertaal “vriendelike taal”.

^m6:5 **vermeerder vriende:** Die Vulgaat voeg by “en temper vyande”.

⁷ * As jy iemand bevriend,
bevriend hom deur hom te toets
en moet hom nie oorhaastig vertrou nie,
⁸ want daar is 'n vriend
wat net 'n vriend is
wanneer dit hom pas,
maar beslis nie by jou sal staan
op die dag van jou swaarkry nie.
⁹ Ook is daar 'n vriend
wat in 'n vyand sal verander
en tot jou skande van julle onenigheid
sal vertel.
¹⁰ * Ook is daar 'n vriend
wat jou maaltyd met jou deel,
maar beslis nie by jou sal staan
op die dag van jou swaarkryⁿ nie.
¹¹ Wanneer dit met jou goed gaan,
sal hy soos jy wees en openhartig
met jou huisbediendes praat.
¹² As jy verneder word,
sal hy teen jou draai
en sal hy hom van jou gesig verberg.
¹³ Bly weg van jou vyande
en wees op jou hoede vir jou vriende.
¹⁴ 'n Betroubare vriend
is 'n stewige beskutting

* **6:7-9** Spr 19:4,6-7; Sir 12:8-9; 37:1-5

* **6:10** Sir 37:4

ⁿ**6:10 swaarkry:** Die Vulgaat lui “gebrek”.

en wie so iemand gevind het,
het 'n skat gevind.

¹⁵ 'n Betroubare vriend

kan 'n mens vir niks verruil nie,
en geen maatstaf kan sy waarde
meet nie.

¹⁶ 'n Betroubare vriend

is 'n geneesmiddel vir die lewe
en dié wat ontsag het vir die Here,
sal so iemand vind.

¹⁷ Hy wat ontsag het vir die Here,

sal sy vriendskap goed rig,
want soos hy is, so is sy naaste ook.

Wysheid as dissipline

¹⁸ Kind, kies opvoeding van jou jeug af,

dan sal jy Wysheid vind
tot in jou gryse ouderdom.

¹⁹ * Soos een wat ploeg en saai,

moet jy na haar^o kom
en wag op haar goeie vrug,

^pwant deur haar te bewerk,

sal jy weinig moeite hê
en spoedig sal jy van haar opbrengs eet.

²⁰ Soos 'n erg ruwe pad

is sy vir die onopgevoedes

* **6:19** Jak 5:7-8

^o**6:19** haar: Wysheid (*Sofia* in Grieks) word altyd in 'n vroulike vorm aangedui.

^p**6:19-34** Die Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 6:20-35.

en die mens sonder verstand
sal by haar nie bly nie.

²¹ Sy sal soos 'n swaar toetssteen^q
op hom rus

en hy sal nie huiwer om haar
af te gooi nie.

²² Want Wysheid se naam
spreek vanself,
maar sy is vir baie nie sigbaar nie.

²³ Luister, kind, wag op my mening
en moenie my raad verwerp nie.

²⁴ * En plaas jou voete in haar kniehalter
en jou nek in haar strop.

²⁵ Buig jou skouers en dra haar
en moenie wrewelrig raak
oor haar boeie nie.

²⁶ Kom na haar met jou hele siel^r
en bewaar haar paaie met al jou krag.

²⁷ Speur haar na, soek haar,
en sy sal vir jou bekend word,
en wanneer jy haar in jou greep
gekry het,
moet haar nie laat gaan nie,

²⁸ want jy sal uiteindelik
rus in haar vind

^q**6:21 toetssteen:** Swart silikaatsteen wat vroeër gebruik is om die suiwerheid van goud, silwer en ander metale vas te stel.

* **6:24-25** Sir 51:26

^r**6:26 siel:** Die mens se bewuste, innerlike self.

en sy sal vir jou in vreugde
verander word.

²⁹ Ja, haar kniehalter sal vir jou

'n sterk beskutting wees
en haar strop 'n erekleed,

³⁰ *want sy dra goue versiersels

en haar boeie is 'n koord
met die kleur van hiasint.^s

³¹ * Jy sal haar aantrek soos 'n erekleed

en haar dra as 'n kroon van vreugde.

³² As jy gewillig is, kind,

sal jy onderrig word
en as jy jou^t inspan,
sal jy verstandig word.

³³ As jy graag luister,

sal jy kennis ontvang
en as jy jou oor fyn instel,
sal jy wys word.

³⁴ Staan tussen die menigte oudstes,

en wie wys is, skaar jou by hom.

³⁵ * Luister gretig na elke gesprek

oor God
en moenie dat insiggewende spreuke
jou ontglip nie.

* **6:30** Jes 62:3

^s**6:30 hiasint:** Diepblou (Op 9:17); •Edelstene.

* **6:31** Spr 4:9; Wys 5:16; Sir 47:6

^t**6:32 jou:** Letterlik 'siel'. Die mens se gemoed met sy emosies en stemmings.

* **6:35** Sir 8:8-9

³⁶ As jy iemand met insig teëkom,
soek hom vroeg op
en laat jou voet sy drumpel deurtrap.

³⁷ *Dink na oor die opdragte
van die Here
en besin voortdurend oor sy gebooie;
Hy sal jou hart versterk
en die begeerte na wysheid
sal vir jou gegee word.

7

¹ *Moenie kwaad doen nie,
dan sal die kwaad
jou beslis nie oorval nie.

² Draai jou weg van die onreg,
dan sal dit van jou wyk.

³ Seun, moenie saai in die vore
van onreg nie,
dan sal jy beslis nie die onreg
sewевoudig oes nie.

⁴ Moenie die Here
vir 'n regeringsamp vra nie;
vra ook die koning
nie om 'n ereplek nie.

⁵ *Moet jouself nie voor die Here
regverdig nie

* 6:37 Ps 1:2

* 7:1-17 Job 4:8; Spr 22:8

* 7:5 Job 9:2; Ps 143:2; Spr 25:6

en moet jou nie slim hou
voor die koning nie.

⁶ Moenie daarna streef
om 'n regter te wees nie —
miskien het jy nie die gesag
om onreg uit te roei nie;
moenie met vrees en bewing staan
voor die aangesig
van 'n magtige persoon nie,
dat jy nie 'n struikelblok
voor jou integriteit plaas nie.

⁷ Moenie sondig teen die menigte
van die stad,
en jouself onder die massas
verneder nie.

⁸ Moenie dieselfde sonde herhaal nie,
want jy sal nie eers vir die eerste keer
onskuldig verklaar word nie.

^{9 u*} Moenie sê, “Hy sal kyk
hoeveel geskenke ek gee,
en wanneer ek dit aan
die allerhoogste God offer,
sal Hy dit aanvaar,” nie.

¹⁰ Moenie sonder hoop wees as jy bid nie,
en moenie nalaat om aalmoese
te gee nie.

^u7:9-36 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 7:11-40.

*7:9 Sir 35:14-15

¹¹ Moenie vir iemand lag
wanneer sy siel bitter is nie;
daar is immers net Een
wat verneder en ophef.

¹² Moenie leuens oor jou broer saai^v nie;
moet dit ook nie aan 'n vriend doen nie.

¹³ Weier om enige leuen te versprei,
want om daarmee vol te hou,
lei tot niks goeds nie.

¹⁴ *Moenie leë woorde gebruik
in die teenwoordigheid
van die oudstes nie,
en moenie woorde herhaal
wanneer jy bid nie.

¹⁵ *Moenie 'n weersin daarin hê
om hard te werk,
of om die aarde
wat die Allerhoogste geskep het,
te bewerk nie.

¹⁶ *Moet jou nie reken
onder die menigte sondaars nie;
onthou dat die oordeel oor jou
nie sal uitbly nie.

¹⁷ Verootmoedig jou siel

^v7:12 saai: Letterlik 'ploeg'.

*7:14 Sir 32:7-9; Matt 6:7

*7:15 Gen 2:15; 3:17,19

*7:16 Spr 16:18

tot die uiterste toe,
want die straf vir die goddelose
is vuur en wurms.

¹⁸ Moenie 'n vriend
vir wins verruil nie,
ook nie 'n ware broer
vir die goud van Ofir^w nie.

¹⁹ *Moenie 'n wyse en goeie vrou
wegwys nie,
want haar goedgunstigheids
is meer werd as goud.

²⁰ *Moenie 'n huisbediende
wat met integriteit werk,
mishandel nie,
ook nie 'n huurling
wat met hart en siel werk nie.

²¹ *Laat jou siel^x steeds
'n verstandige huisbediende liefhê,
en moet hom nie sy vryheid ontsê nie.

²² Het jy vee?
Pas hulle op,
en as hulle vir jou voordeel inhou,

^w**7:18 Ofir:** Die hawe vanwaar Salomo se skepe goud en silwer gebring het; vgl Ps 45:10.

^{*}**7:19** Spr 31:10; Sir 26:1-4

^{*}**7:20** Lev 19:13; Deut 24:14-15; Jak 5:4

^{*}**7:21** Eks 21:2; Deut 15:12

^x**7:21 siel:** Die mens se bewuste, innerlike self, dikwels ook “hart” genoem.

behou hulle.

²³ *Het jy kinders?

Voed hulle op,
en maak hulle van jongs af onderdanig.^y

²⁴ Het jy dogters?

Hou 'n wakende oog oor hulle liggame
en moenie 'n opgeruimde gesig
vir hulle wys nie.^z

²⁵ Gee jou dogter in die huwelik uit
en jy sal 'n belangrike taak
uitgevoer het,
maar gee haar aan 'n verstandige man.

²⁶ Het jy 'n vrou wat jou sielsgenoot is?
Moet haar nie verstoot nie,
maar moet jouself nie toevertrou
aan een van wie jy 'n afkeer het nie.

²⁷ *Eerbiedig jou vader
met jou hele hart
en vergeet ook nie jou moeder
se geboortepyne nie.

²⁸ Onthou dat jy uit hulle gebore is^a
en hoe kan jy hulle vergoed

*7:23 Spr 23:13-14; 29:15,17; Sir 30:1-13

^y7:23 onderdanig: Letterlik 'buig hulle nekke'.

^z7:24 moenie ... wys nie: Dit beteken 'en moet jou nie jou te veel oor hulle verbly nie'.

*7:27 Eks 20:12; Deut 5:16; Tob 4:3-4; Sir 3:1-16

^a7:28 Onthou ... is: Die Vulgaat lui "Onthou dat, behalwe deur hulle, jy nie gebore sou gewees het nie".

vir dit wat hulle jou gebied het?

²⁹ *Toon ontsag vir die Here
met jou hele siel^b

en respekteer sy priesters.

³⁰ Wees met al jou krag lief
vir Hom wat jou geskep het
en laat sy tempeldienaars
nie in die steek nie.

³¹ Toon ontsag vir die Here
en eerbied vir sy priesters,
en gee aan Hom die deel
soos jy beveel is:^{*}
eersteling^c en •soenoffers
en 'n simboliese offer,^d
asook •wydingsoffers
en die eersteling
van die gewyde gawes.^e

³² *Steek ook jou hand uit na die arme,

***7:29-31** Deut 6:4-6

^b**7:29 siel:** Die mens se gemoed met sy emosies en stemmings. Hier word ons totale menswees bedoel.

***7:31 gee ... beveel is:** Eks 29:27; Lev 7:31-34; Num 18:8-20; Deut 18:3

^c**7:31 eersteling:** Dit verwys na die eerste graan of vrugte wat aan die begin van die oes aan God gewy is.

^d**7:31 simboliese offer:** Dit is 'n deel wat die hele offer verteenwoordig.

^e**7:31 gewyde gawes:** Die deel van die offer wat na die priesters gegaan het nadat geoffer is; vgl Lev 2:3; Num 18:29.

***7:32** Deut 14:28-29

sodat jou seën volkome kan wees.

³³ Wees vrygewig met geskenke

aan almal wat leef;

moet ook nie jou gawes weerhou

van dié wat gesterf het nie.^f

³⁴ *Moet jou nie afsydig hou

van dié wat ween nie,

maar rou saam met dié wat treur.

³⁵ *Moenie huiwerig wees

om siekes te besoek nie,

want op grond van sulke dade

sal jy jou geliefd maak.

³⁶ Hou in al jou woorde^g

jou uiteinde in gedagte,

en jy sal tot in ewigheid nooit sondig nie.

8

¹ *Moenie in 'n stryd gewikkel raak

met 'n invloedryke mens nie,

sodat jy nie in sy mag kom nie.

² Moenie in geding tree

met 'n welgestelde mens nie;

sy rykdom mag joune dalk oortref.

^f7:33 gawes ... het nie: Dit verwys bv na geskenke en speserye, wat saam met afgestorwenes begrawe is; vgl Tob 1:17-18; 2:3-5.

*7:34 Rom 12:15

*7:35 Matt 25:36

^g7:36 woorde: Die Vulgaat en ander vertalings lui “dade”.

*8:1-2 Pred 10:20

Goud het immers al
menige mens vernietig
en die harte van konings
korrup gemaak.

³* Moenie met 'n praatsieke mens
'n woordstryd aanknoop
en moenie hout op sy vuur gooi nie.

⁴* Moenie met 'n onopgevoede mens
korswel
sodat jou voorgeslagte hulle eer
ontneem word nie.

⁵* Moenie iemand wat gebreek het
met sy sonde, teregwys nie;
onthou dat ons almal straf verdien.

⁶ Moenie iemand in sy grysheid
beledig nie,
want sommige van ons word ook oud.

⁷ Moenie oor iemand se dood
verheug wees nie;
onthou dat ons almal moet sterf.

⁸* Moenie die redevowering van wyses
geringskat nie
en wend jou weer na hulle spreuke,
want van hulle sal jy opvoeding ontvang

* 8:3 Spr 26:20-21; Sir 28:10

* 8:4 Spr 23:9; Sir 9:15

* 8:5 1 Kon 8:46; 1 Joh 1:8-10

* 8:8-9 Sir 6:34-36

en leer hoe om maghebbers te dien.

^{9h}Moenie die redevoering
van die oudstes verontagsaam nie,
want hulle het self ook
 van hulle vaders geleer.
Van hulle sal jy insig verkry
en leer om 'n antwoord te gee
 in 'n tyd van nood.

¹⁰Moenie 'n sondaar se kole stook nie,
sodat jy nie deur sy vuurvlam
 verbrand word nie.

¹¹Moenie 'n vermetelete mens teengaan
sodat hy vir jou 'n lokval stel
 met jou eie woorde nie.

¹²Moenie iets uitleen aan iemand
 wat magtiger is as jy nie;
as jy egter iets uitleen,
tree op asof jy dit reeds verloor het.

^{13*}Moenie borg staan
 bo jou vermoë nie
en as jy wel borg staan,
 sorg dat jy dit kan betaal.

¹⁴Moenie 'n regsgeeding aangaan
 met 'n regter nie,

^h8:9-19 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 8:9-22.

^{*}8:13-14 Spr 6:1-5; 17:18; Sir 29:4-7

want mense sal in sy guns beslis
vanweë sy aansien.ⁱ

¹⁵ Moenie saam met 'n roekelose mens
op reis gaan,
sodat hy vir jou 'n las word nie,
want hy sal maak net soos hy wil
en deur sy onbesonnenheid
sal jy ten gronde gaan.

¹⁶ *Moenie rusie maak
met 'n humeurige mens nie,
en moenie saam met hom
deur die woestyn trek nie,
want hy dink niks daarvan
om bloed te vergiet nie
en hy sal jou oorweldig,
daar waar geen hulp beskikbaar is nie.

¹⁷ Moenie by 'n onnosele raad vra nie,
want hy sal nie in staat wees
om die gesprek geheim te hou nie.

¹⁸ *Moenie voor 'n vreemdeling
dinge doen wat geheim moet bly nie,
want jy weet nie waarmee hy
voor die dag sal kom nie.

¹⁹ Moenie vir enige mens jou hart
oopmaak nie
en laat so iemand jou nie 'n guns bewys nie.

ⁱ**8:14 want ... aansien:** Die Vulgaat lui “want hy veroordeel volgens sy mening”.

***8:16** Spr 22:24; Sir 28:8

***8:18** Spr 25:9-10

9

^{1 **} Moenie jaloers wees op die vrou
na aan jou hart^j nie
en moet haar nie tot jou eie nadeel
'n slegte les leer nie.

² Moenie jou siel^k aan 'n vrou oorgee
sodat sy jou krag vertrap nie.

³ Moenie naby 'n gesellin kom,
sodat jy in haar strikke val nie.

⁴ Moenie bande aanknoop
met 'n sangeres,^l
sodat jy vasgevang word
deur haar kunsies nie.

^{5 *} Moenie 'n maagd met jou oë begeer,
sodat jy in skadevergoeding^m vir haar
verstrik raak nie.

⁶ Moenie jou siel aan prostitute oorgee,
sodat jy jou erfporsie verloor nie.

⁷ Moenie in die strate van die stad
rondloer
en in verlate dele ronddwaal nie.

* **9:1-9** Job 31:1; Spr 2:16; 5:1-6,10-20; 6:24-27; 7:5-27; Sir 25:16-26

* **9:1** Num 5:12-15

^j**9:1 na ... hart:** Letterlik 'teen jou bors'.

^k**9:2 siel:** Die mens in sy totale bestaan.

^l**9:4 sangeres:** In Jes 23:15-16 word verwys na die singende vrou as 'n prostituut.

* **9:5** Eks 22:16

^m**9:5 skadevergoeding:** Volgens Deut 22:29 moes iemand wat 'n maagd verlei het, skadevergoeding van 50 •sikkel aan haar vader betaal.

⁸ Draai jou oë weg

van 'n mooi geboude vrou,
en moenie vreemde skoonheid
begeer nie.

Deur die skoonheid van 'n vrou
is vele verlei;

daardeur word hartstog
immers aangesteek soos 'n vuur.

^{9 n} Moet onder geen omstandighede
saam met 'n getroude vrou
sit en eet nie,

en moenie saam met haar wyn drink
as jy feesvier nie,

sodat jou siel nie na haar hunker
en jy met jou gees in die verderf
afgly nie.

¹⁰ Moenie 'n ou vriend

in die steek laat nie,
want die nuwe een is nie sy gelyke nie.

'n Nuwe vriend is soos nuwe wyn;
eers wanneer dit verouder het,
sal jy dit met genot kan drink.

^{11 *} Moenie die sondaar sy roem beny nie,
want jy weet nie wat sy uiteinde
sal wees nie.

ⁿ9:9-18 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 9:9-25.

^{*}9:11-12 Ps 37:13

¹² Moenie genot put uit dit
wat die goddelose behaag nie;
onthou dat hulle beslis nie ongestraf
na Hades^o sal gaan nie.

¹³ Bly ver weg van iemand
wat die mag het om dood te maak
en jy sal beslis nie vreesbevange
vir die dood wees nie.

As jy wel in sy nabyheid is,
moet hom nie aanstoot gee nie,
sodat hy nie jou lewe neem nie.

Jy moet besef
dat jy tussen valstrikke beweeg
en bo-op die beskermingsmure
van die stad loop.

¹⁴ Leer ken jou naaste
na die beste van jou vermoë,
en soek raad by die wyses.

¹⁵ *Bespreek sake met mense
wat insig het,
en laat al jou gesprekke handel
oor die Wet van die Allerhoogste.

¹⁶ Laat regverdige mense
saam met jou 'n maaltyd nuttig,

^o9:12 **Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

*9:15 Sir 6:34-37

en laat jou roem bestaan
in jou ontsag vir die Here.

¹⁷ Werk deur opgeleide vakmanne
gedoen, sal geprys word,
maar die leier van 'n volk
sal op grond van sy woorde
verstandig genoem word.*

¹⁸ Gevrees in sy stad
is die praatsieke mens,
en wie ook al roekeloos is in wat hy sê,
word gehaat.

10

¹ *'n Wyse regter sal sy volk opvoed
en die leierskap van 'n verstandige mens
sal ordelik wees.

² Soos die volk se regter,
so is ook sy amptenare,
en soos die stad se leier,
so is ook al sy inwoners.

³ *'n Onkundige koning
sal sy volk ten gronde laat gaan,
maar deur die insig van sy heersers
sal 'n stad bewoonbaar gemaak word.

* **9:17** maar ... genoem word: Sir 20:27

* **10:1-2** Spr 20:8; 29:4,12

* **10:3** Spr 29:4-8

⁴*Die mag oor die aarde
is in die hande van die Here
en Hy sal 'n geskikte persoon
vir 'n bepaalde tyd daaroor aanstel.

⁵'n Mens se voorspoed is in die hande
van die Here
en Hy sal aan 'n skrifkenner
sy eer skenk.

⁶*Moenie vir jou naaste kwaad wees
oor elke oortreding nie,
en moet glad nie vermetel optree nie.

⁷Verwaandheid is haatlik
vir die Here en vir die mens,
en vir albei is onreg verfoeilik.

⁸Heerskappy word van een nasie
na 'n ander oorgedra
vanweë onreg, hoogmoed en geld.

⁹^PWaarom is die mens,
wat net stof en as is, verwaand?
Sy ingewande verrot immers
terwyl hy nog leef.

¹⁰^Q'n Lang siekte spot met die dokter —
vandag is hy koning, môre is hy dood.

*10:4 Spr 21:1

*10:6 Lev 19:18

^P10:9-31 Sommige vertalings nommer hierdie verse as Sir 10:9-34.

^Q10:10 Die •Vulgaat lui “'n Lang siekte beswaar die geneesheer; 'n kort siekte verlig die geneesheer.”

¹¹ *Want wanneer 'n mens sterf,
sal kruipende en wilde diere
en wurms sy deel word.

¹² Die begin van die mens se hoogmoed
is om die Here te versaak;
sy hart het dan sy Skepper versaak.

¹³ *Want die begin van hoogmoed
is sonde,
en hulle wat daarin volhard,
sal 'n gruwel laat opborrel.
Daarom stuur die Here ongekende ellende
en vernietig Hy hulle heeltemal.

¹⁴ *Die Here werp die trone
van die heersers omver
en Hy stel nederiges aan in hulle plek.

¹⁵ Die Here ruk die nasies se wortels uit
en Hy plant* ootmoediges in hulle plek.

¹⁶ Die Here verwoes die grondgebied
van die nasies
en vernietig dit tot in die fundamente
van die aarde.

¹⁷ Hy verdryf en roei sommige
van die nasies uit
en wis hulle nagedagtenis uit op aarde.

¹⁸ Verwaandheid pas nie vir mense nie,

* **10:11** Job 17:14; Jes 66:24; Sir 7:17

* **10:13** Spr 11:2; 16:18

* **10:14** 1 Sam 2:8,10; Luk 1:52

* **10:15 Hy plant:** Eks 15:17; Ps 44:3; 80:8; Luk 1:52

ook nie onbeteuelde woede vir hulle
wat uit 'n vrou gebore is nie.

¹⁹ Watter soort nageslag is geëerd?

Die menslike nageslag.

Watter soort nageslag is geëerd?

Hulle wat vir die Here ontsag het.

Watter soort nageslag is nie geëerd nie?

Die menslike nageslag.

Watter soort nageslag is nie geëerd nie?

Hulle wat die gebooi oortree.

²⁰ Onder broers is hulle leier geëerd,
en hulle wat vir die Here ontsag het,
is geëerd in sy oë.^r

²² Die ryke en die geëerde en die arme,
hulle roem bestaan in ontsag
vir die Here.

²³ *Dit is nie reg om 'n verstandige,
arm mens se eer te ontneem nie,
ook is dit nie gepas om 'n sondige mens
te vereer nie.

²⁴ 'n Maghebber en 'n regter
en 'n heerser sal geëer word,
maar nie een van hulle is groter as hy
wat ontsag het vir die Here nie.

^r10:20 oë: Sir 10:21 ontbreek hierna in sommige Griekse mss. Die Vulgaat lui
“Die vreemdeling, die reisiger en die behoeftige: ontsag vir God is hulle roem.”

*10:23 Jak 2:1-4

²⁵ *Mense wat vry is,
sal 'n wyse huisbediende bedien
en 'n verstandige mens
sal nie daaroor murmureer nie.

²⁶ *Moenie jou probeer slim hou
as jy jou werk doen nie,
en moenie op jousef roem
in die tyd van jou benouing nie.

²⁷ Iemand wat werk
en in alles oorvloed het,
is beter as een wat rondloop en spog,
maar broodgebrek ly.

²⁸ Kind, toon in beskeidenheid
agting vir jousef
en skat jousef na waarde.

²⁹ Wie sal iemand regverdig ag
wat homself te na kom?

Wie sal iemand eer
wat sy lewe minag?

³⁰ 'n Arm man word geëer
oor sy kennis,
maar 'n ryke word geëer
op grond van sy rykdom.

³¹ Hy wat in sy armoede geëer word —
hoeveel te meer as hy ryk was?
En hy wat in sy rykdom

*10:25 Spr 17:2

*10:26 Spr 12:9

nie geëer word nie —
hoeveel te meer as hy arm was?

11

¹ Die wysheid van die nederige
sal hom sy kop laat optel
en hom laat plaasneem
onder die maghebbers.

² Moenie iemand aanprys
oor sy skoonheid nie
en moenie 'n mens minag
oor sy voorkoms nie.

³ Die by is die kleinste
onder dié wat vlerke het,
maar sy produk is die bron
van soetheid.

⁴ Moenie spog oor hoe jy aantrek nie,
en moenie verwaand wees
op jou dag van glorie nie.

Want wonderbaarlik is die werke
van die Here, *

ja, duister is sy werke vir mense.

⁵ *Baie alleenheersers moes al
op die grond gaan sit,
maar iemand van wie
dit nie verwag is nie,
het 'n kroon gedra.

* **11:4** Want ... Here: Pred 7:13

* **11:5** 1 Sam 2:8; Ps 75:8; Luk 1:52

⁶ Baie maghebbers is al heeltemal
hulle eer ontnem
en geëerdes is oorgelewer
in die hande van ander.

⁷ Moenie foutvind voordat
jy self ondersoek ingestel het nie;
begryp eers waarom dit gaan
en kritiseer daarna.

⁸ *Moenie antwoord
voordat jy geluister het nie
en moenie iemand onderbreek
in die middel van sy betoog nie.

⁹ Moenie stry oor 'n saak
wat jou nie tot nut is nie
en moenie deel word van die dispute
van sondaars nie.

¹⁰ Kind, moenie by baie kwessies
betrokke raak nie;
as jy toenemend daarmee besig is,
sal jy nie onskuldig wees nie
en as jy dit najaag, sal jy dit beslis
nie in die hande kry nie;
ook sal jy dit glad nie ontvlug
deur daarvan weg te hardloop nie.

¹¹ *Daar is mense wat hard werk
en swoeg en hulle haas,

*11:8 Spr 18:13

*11:11 Ps 127:2; Pred 4:8; 6:2; Luk 12:19

maar al hoe meer gebrek ly.

¹² Iemand anders weer is traag,
afhanklik van hulp,
sonder dryfkrag en brandarm;
tog kyk die Here gunstig na hom
en hef Hy hom op uit sy toestand
van vernedering.

¹³ En die Here tel so iemand se kop op
en baie mense staan verwonderd oor hom.

¹⁴ Goed en kwaad, lewe en dood,
armoede en rykdom,
kom van die Here af.^s

¹⁷ Die Here se gawe aan die vromes
is blywend
en sy guns sal vir altyd voorspoed bring.

¹⁸ * Iemand kan ryk word
op grond van nougesetheid
en gierigheid,
en dit is deel van sy beloning

¹⁹ ^twanneer hy sê, “Ek het rus gevind,
nou gaan ek van my winste geniet;”
hy weet egter ook nie

^s**11:14 Here af:** Sir 11:15-16 ontbreek hierna in sommige Griekse mss. Die
•Vulgaat lui ¹⁵ “Wysheid en verstand versamel jy by die Here en kennis van die
wet, liefde en die paaie na die goeie is by Hom. ¹⁶ Dwaling en duisternis is saam
met sondaars geskep; wie hom in bose dinge verlustig, sal in die kwaad oud word.”

* **11:18-19** Ps 49:19; Luk 12:16-21

^t**11:19-34** Die Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 11:19-36.

wanneer die tyd sal aanbreek
dat hy alles aan ander moet nalaat
en sterf nie.

²⁰ Staan by jou ooreenkoms,
gee aandag daaraan
en hou in jou ouderdom aan
om jou werk te doen.

²¹ Moet jou nie verbaas oor die dade
van 'n sondaar nie,
maar vertrou die Here
en hou aan met jou harde werk.
Want dit is maklik in die oë
van die Here
om 'n arm mens vinnig en onverwags
ryk te maak.

²² Die Here se seën is die beloning
van die vrome
en in 'n oogwink laat Hy
sy seën opbloei.

²³ Moenie sê, “Wat het ek verder nodig
en watter verdere voordeel sal daar
vir my van nou af wees?” nie.

²⁴ Moenie sê, “Ek het genoeg
en watter skade kan my van nou af
aangedoen word?” nie.

²⁵ * In tye van voorspoed
is teenspoed vergete,

*11:25 Sir 18:24-25

en in tye van teenspoed

word voorspoed nie onthou nie.

²⁶ *Want dit is maklik vir die Here
om op die dag dat iemand sterf,
hom te vergeld in ooreenstemming
met sy optrede.

²⁷ 'n Uur se ellende laat 'n mens
vergeet van goeie tye,
en aan die einde van 'n mens se lewe
sal sy dade geopenbaar word.

²⁸ Moenie iemand gelukkig noem
voor sy dood nie;^u
aan sy kinders sal 'n mens geken word.

²⁹ Moet geen mens in jou huis
toelaat nie,
want talryk is die lokvalle
van die bedrieër.

³⁰ Soos 'n lokpatrys in 'n hok,
so is die hart van 'n verwaande mens
en soos 'n spioen is hy ingestel
op jou val.

³¹ Want hy lê en loer om goed
in kwaad te verander,
en op goeie eienskappe werp hy blaam.

³² Met 'n vonk van vuur word kole
aan die brand gesteek;

* **11:26-28** Sir 17:23; 18:24; Rom 2:6

^u **11:28 Moenie ... dood nie:** Die slotreëls van die klassieke drama *Koning Oidipus*.

só is die sondige mens op die uitkyk
om bloed te vergiet.

³³ Pasop vir hom wat kwaad bedink,
want hy beplan wat sleg is,
sodat hy nie vir altyd skande
oor jou bring nie.

³⁴ Huisves 'n vreemdeling,
en hy sal jou verstrengel in probleme
en jou vervreem van jou eie familie.

12

¹ * As jy goed doen, moet jy weet
aan wie jy dit moet doen,
en daar sal dankbaarheid wees
vir jou goeie dae.

² Doen goed aan 'n godvresende mens
en jy sal beloning vind;
indien nie deur homself nie,
dan deur die Allerhoogste.

³ Daar is geen voorspoed vir hom
wat aanhou om kwaad te doen nie,
ook nie vir hom wat nie vrywillig
aarmoese gee nie.

⁴ Gee aan 'n godvresende mens,
maar moenie 'n sondaar bystaan nie.

⁵ Doen goed aan 'n nederige mens,
maar moenie aan 'n goddelose gee nie.
Weerhou sy brood en moenie

* 12:1-7 Tob 4:7,17; Matt 7:6; Gal 6:10

vir hom gee nie,
sodat hy nie daardeur die oorhand
oor jou kry nie,
want jy sal dubbel soveel
slegte dinge ervaar
as al die goeie dinge
wat jy aan hom doen.

⁶ Want ook die Allerhoogste haat sondaars
en die goddeloses sal Hy straf.

⁷ Gee aan 'n goeie mens,
maar moenie 'n sondaar bystaan* nie.

^{8*} 'n Vriend sal nie in voorspoed
gestraf word nie
en in teenspoed sal die vyand
nie verborge bly nie.

⁹ In 'n mens se voorspoed
voel sy vyande gegrief
en in sy teenspoed sal selfs
sy vriende van hom weggaan.

¹⁰ Moet jou vyand tot in ewigheid
nie vertrou nie,
want net soos koper aanslaan,^v
so ook die vyand se boosheid.

^{11*} Selfs as hy verneder word

* **12:7 sondaar bystaan:** Sir 12:4

* **12:8** Spr 17:17; Sir 6:8-13; 37:1-6

^v**12:10 aanslaan:** Letterlik 'verroes'.

* **12:11** Spr 26:24-26

en krom loop,
neem jou siel^w in ag
en wees versigtig vir die vyand.^x
En jy sal vir hom wees soos iemand
wat 'n spieël^y skoonmaak,
en jy sal weet dat die spieël
nie heeltemal verdof het nie.
¹² Moet hom nie langs jou
laat staan nie,
sodat hy nie, wanneer hy jou opsy
geskuif het, jou plek inneem nie;
moet hom nie aan jou regterhand^z
laat sit nie,
sodat hy nie jou sitplek begeer
en jy uiteindelik my woorde verstaan
en as gevolg van my woorde
seergemaak word nie.

^{13 a*} Wie sal simpatie hê
vir 'n slangbesweerder
wat gepik word,
of vir hulle wat dit naby aan
wilde diere waag?

^w**12:11 siel:** Die mens se gemoed met sy emosies en stemmings.

^x**12:11 die vyand:** Letterlik 'hom'.

^y**12:11 spieël:** Antieke spieëls is van gepoleerde metaal gemaak.

^z**12:12 regterhand:** 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

^a**12:13-18** Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 12:13-19.

* **12:13** Pred 10:11

¹⁴ So gaan dit met iemand
wat hom tot 'n sondaar wend
en by sy sonde betrokke raak.

¹⁵ Vir 'n kort rukkie sal hy
by jou vertoef,
maar as jy terugdraai, sal hy beslis
nie langer by jou bly nie.

¹⁶ Met sy lippe sal die vyand
soet woorde sê,
maar in sy hart sal hy planne beraam
om jou in 'n put te gooi.

Met sy oë sal die vyand trane stort,
maar as hy die geleentheid kry,
sal hy selfs nie deur jou bloed
versadig word nie.

¹⁷ As teenspoed jou tref,
sal jy vind dat hy voor jou daar is,
en hy sal maak of hy wil help,
maar hy sal jou pootjie^b.

¹⁸ Hy sal sy kop skud^c
en sy hande saamslaan,
en baie woorde fluister
en sy ware kleure wys.

13

¹ Hy wat aan teer vat, sal vuil word

^b12:17 **jou pootjie**: Letterlik 'jou hakskeen vastrap'.

^c12:18 **kop skud**: 'n Spottende gebaar; vgl Ps 22:8; Matt 27:39.

en hy wat met 'n hoogmoedige
mens meng, sal net soos hy word.

^{2 d} Moenie optel

wat vir jou te swaar is nie,
en moenie met iemand meng
wat sterker en ryker as jy is nie.

Hoe kan 'n kleipot met 'n koperketel
meng?

Die een sal teen die ander stamp,
en een van hulle sal gebreek word.

³ 'n Ryke tree verkeerd op
en dan is hy ook nog verontwaardig;
'n arme is benadeel,
maar moet verskoning vra.

⁴ As jy diensbaar is,
werk die ryke^e met jou saam,
maar as jy hulpbehoewend is,
sal hy sy rug op jou draai.

⁵ As jy iets te bied het,
sal hy met jou saamleef
en hy sal jou uitbuit^f
en hy sal nie swaarkry nie.

⁶ Sodra hy 'n behoefte aan jou het,
sal hy jou mislei
en hy sal vir jou glimlag
en jou hoop gee;

^d13:2-26 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 13:2-32.

^e13:4 die ryke: Letterlik 'hy'.

^f13:5 uitbuit: Kan ook vertaal word "leegmaak".

hy sal mooi met jou praat en sê,

“Wat het jy nodig?”

⁷ en hy sal jou verleë maak

met sy voedsel --

totdat hy jou twee of drie keer

uitgebuit* het

en hy jou uiteindelik bespot.

Daarna sal hy jou aankyk en jou verlaat

en sy kop vir jou skud.

⁸ Wees versigtig dat jy

nie mislei word nie,

en moenie verneder word

deur jou dwaasheid nie.

⁹ Wanneer 'n magtige persoon

jou uitnooi, wees terughoudend,

en hy sal jou soveel te meer uitnooi.

¹⁰ Moenie voor op die wa wees

sodat jy verwerp word nie;

moet jou egter nie afsydig hou

sodat jy vergeet word nie.

¹¹ Moenie probeer om as 'n gelyke

met hom te praat,

en moenie vertrou stel

in sy baie woorde nie,

want met baie gepraat

sal hy jou op die proef stel,

en selfs met 'n glimlag

*13:7 uitgebuit: Vgl Sir 13:5

sal hy jou toets.

¹² Ongenaakbaar is hy
wat nie sy woorde terughou nie,
en hy sal jou beslis nie mishandeling
en tronkstraf spaar nie.

¹³ Wees op jou hoede
en let noukeurig op,
want jy loop rond
met jou eie ondergang.^g

¹⁵ Elke lewende wese hou van sy gelyke
en elke mens van sy medemens.

¹⁶ Alle vlees vergader volgens soort
en aan een soos hy
sal 'n man hom verbind.

¹⁷ *Waarom sal 'n wolf
met 'n lam meng?
So is dit ook tussen
'n sondaar en 'n vrome.

¹⁸ Watter vrede is daar tussen
'n hiëna en 'n hond?^h
En watter vrede is daar tussen
'n ryke en 'n arme?

¹⁹ Die prooi van leeus is die wilde

^g**13:13 ondergang:** Sir 13:14 ontbreek hierna in sommige Griekse mss.

^{*}**13:17** 2 Kor 6:14-17

^h**13:18 hiëna ... hond:** Spreekwoordelike vyandskap tussen honde wat kleinvee oppas (Job 30:1) en hiënas as roofdiere (Jer 12:9).

donkies in die woestyn;ⁱ
so is die armes voer vir die rykes.

²⁰ Vir 'n trotsaard is nederigheid
'n gruwel;
so is 'n arme 'n gruwel
vir 'n ryke.

²¹ *Wanneer 'n ryke struikel,
word hy ondersteun deur vriende,
maar wanneer 'n nederige persoon val,
word hy verstoot deur sy vriende.

²² Wanneer 'n ryke struikel,
is daar baie helpers;
hy uiter woorde wat verbode is,
en hulle regverdig hom.
'n Nederige persoon struikel,
en hulle kritiseer hom;
hy praat sin, maar word
geen ruimte gegun nie.

²³ 'n Ryke praat, en almal bly stil
en verhef sy woorde tot aan die wolke.
'n Arme praat en hulle vra:
“Wie is hy?”
En as hy struikel,
sal hulle hom daarby nog omstamp.

²⁴ Rykdom waarin daar

ⁱ13:19 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

*13:21-23 Spr 14:20; 19:4,7

geen sonde is nie, is goed,
maar armoede is boos
in die mond van die goddelose.

²⁵ *'n Mens se hart verander sy gesig
óf ten goede, óf ten kwade.

²⁶ 'n Vrolike gesig is 'n teken^j
van 'n hart vol goeie dinge,^k
en die uitdink van gelykenisse
vereis moeitevolle argumente.

14

¹ *Gelukkig is die mens
wat nie 'n fout met sy mond maak,
en wat nie deur die pyn
van sy sonde deurboor word nie.

² Gelukkig is die mens
wie se gewete^l hom nie veroordeel,
en wat sy hoop nie prysgee nie.

³ *Vir 'n suinige mens
is rykdom nie goed nie
en vir 'n gierige --
wat is die waarde van sy geld?

*13:25 Spr 15:13

^j13:26 teken: Letterlik 'spoor'.

^k13:26 'n hart ... dinge: Dit beteken 'as 'n mens voorspoedig is'.

*14:1 Sir 5:13-14; 19:16; Jak 1:26; 3:2

^l14:2 gewete: Letterlik 'siel'. Die mens se bewuste, innerlike self.

*14:3 Spr 23:6-8

⁴*Hy wat dinge van homself
weerhou, versamel vir ander,
en met sy besittings sal ander
weelderig leef.

⁵Hy wat homself kwaad aandoen,
teenoor wie sal hy goed wees?
Hy sal nooit vreugde ervaar
met sy geld nie.

⁶*Daar is niks so erg soos iemand
wat homself te na kom nie,
en dit is die vergelding vir sy boosheid:

⁷Selfs al doen hy goed,
doen hy dit onbewus
en aan die einde
openbaar hy sy boosheid.

⁸Boos is die een
met 'n afgunstige oog,
hy wat sy gesig wegdraai
en mense miskyk.

⁹Die oog van die hebsugtige
is nie tevrede met 'n deel nie,
en bese onreg verteer sy siel.^m

¹⁰'n Bese oogⁿ is jaloers oor brood,

*14:4 Pred 2:18-19; 6:2

*14:6 Spr 11:17

^m14:9 siel: Die mens se bewuste, innerlike self.

ⁿ14:10 Bese oog: In die antieke wêreld was die bygeloof in die skadelike invloed van die “bese oog” wydverspreid. Allerlei amulette is gebruik om dit af te weer; vgl Sir 14:8-10; Matt 6:23.

en dit ontbreek op sy tafel.

¹¹ *Kind, behandel jouself goed,
in ooreenstemming met wat jy besit,
en bring offerandes aan die Here
op 'n waardige wyse.

¹² Onthou dat die dood
nie gaan talm nie
en die ooreenkoms van Hades^o met jou
is nog nie aan jou openbaar nie.

¹³ *Voor jy te sterwe kom,
doen goed aan 'n vriend;
reik uit volgens jou vermoë,
gee vir hom.

¹⁴ *Moet jou nie onttrek
aan 'n goeie dag nie
en laat nie 'n stukkie
van 'n goeie begeerte
by jou verbygaan nie.

¹⁵ Jy sal tog nie die vrug
van^p jou harde werk
vir 'n ander agterlaat
en jou verdienste deur die lot

***14:11-12** Pred 5:17-19

^o**14:12 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

***14:13** Spr 3:27-28; Tob 4:7

***14:14** Pred 7:14

^p**14:15 die vrug van:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

laat verdeel nie?

¹⁶ ^qGee, en neem, en laat jou verlei,^r

want in Hades kan 'n mens

geen genot soek nie.

¹⁷ * Alle vlees verouder

soos 'n kledingstuk,

want die eeue oue ooreenkoms is:

Jy sal die dood sterf.

¹⁸ Soos 'n blaar wat uitspruit

aan 'n blaarryke boom

-- sommige val af,

maar ander spruit uit --

so is 'n geslag van vlees en bloed;

die een sterf,

en die ander word gebore.

¹⁹ Elke daad vergaan

en gaan ten gronde,

en die een wat dit verrig,

sal daarmee saam vergaan.

Wysheid se seëninge

²⁰ * Gelukkig is die mens

wat oor Wysheid nadink

en die een wat verstandig redeneer,

²¹ wat oor haar^s paaie

^q**14:16-24** Sommige vertalings nommer hierdie verse as Sir 14:17-25.

^r**14:16 verlei:** Die bronteks lui “geniet”.

* **14:17-18** Job 14:1-2; Ps 103:14-16; Pred 1:4; Jes 40:6; Jak 1:10; 1 Pet 1:24.

* **14:20-25** Ps 1:2; Spr 8:32-35

^s**14:21 haar:** Wysheid (*Sofia* in Grieks) word altyd in 'n vroulike vorm aangedui.

in sy hart nadink
en oor haar geheimenisse reflekteer.

²² Gaan agter haar aan
soos 'n spoorsnyer
en lê haar voor op haar paaie.

²³ Wie deur haar vensters loer,
sal ook by haar deure luister.

²⁴ Wie naby haar huis oorbly,
sal ook 'n tentpen by haar mure
inslaan.

²⁵ Hy sal sy tent naby haar opslaan
en tuisgaan in 'n herberg
van goeie dinge.

²⁶ Hy sal sy kinders
in haar beskutting plaas
en onder haar takke oornag.

²⁷ Hy sal deur haar teen die hitte
beskerm word
en in haar heerlikheid sal hy tuisgaan.

15

¹ Wie ontsag het vir die Here,
sal daarvolgens handel,
en wie die wet beheers,
sal haar^t begryp.

² *En sy sal hom tegemoet kom
soos 'n moeder

^t15:1 haar: Wysheid (*Sofia* in Grieks) word altyd in 'n vroulike vorm aangedui.

^{*}15:2 Spr 7:4; Sir 51:13-21

en hom soos 'n maagdelike vrou
ontvang.

³ *Sy sal hom brood van insig^u laat eet
en hom water van wysheid^v laat drink.

⁴ Hy sal op haar steun en beslis nie
'n misstap begaan nie;
hy sal aan haar aandag gee
en beslis nie beskaamd staan nie.

⁵ Sy sal hom bo sy naaste verhef
en hy sal in die vergadering
sy mond open.^w

⁶ *Vreugde en 'n kroon van blydskap
sal hy vind,
en 'n ewige naam sal hy erf.

⁷ Onwyse mense sal haar
beslis nie ontvang nie
en sondige mense sal haar
beslis nie sien nie.

⁸ Sy is ver verwyderd van hoogmoed,
en leuenaars sal haar
beslis nie onthou nie.

⁹ 'n Pryslied klink nie mooi
in die mond van 'n sondaar nie,

*15:3 Spr 8:4-21,34-35; 9:1-5; Joh 4:10; 6:31-33

^u15:3 insig: Die •Vulgaat lui “lewe en insig”.

^v15:3 wysheid: Die Vulgaat lui “heilsame wysheid”.

^w15:5 open: Die Vulgaat voeg hierna in “en sal hom vervul met 'n gees van wysheid en verstand en sal hom beklee met 'n gewaad van eer”.

*15:6 Sir 6:28-33

want dit is nie deur die Here
gestuur nie.

¹⁰ Want in wysheid sal 'n pryslied
geuiter word,
en die Here sal dit suksesvol maak.

¹¹ *Moenie sê, “Vanweë die Here
het ek afgedwaal” nie,
want wat Hy haat, sal Hy nie doen nie.

¹² *Moenie sê, “Hy het my verlei” nie,
want Hy het geen behoefte
aan 'n sondige mens nie.

¹³ Die Here haat alle gruwels
en hulle is nie aanvaarbaar vir díe
wat vir Hom ontsag het nie.

¹⁴ *Hy het die mens van die begin af
gemaak
en hom oorgelaat in die mag^x
van sy eie oordeel.^{yz}

*15:11-20 Spr 19:3; Sir 17:1-12

*15:12 Jak 1:13

*15:14 Gen 1:27

^x15:14 mag: Letterlik ‘hand’.

^y15:14 sy eie oordeel: Die Griekse woord dui op ‘sy inklinasie’ en vorm deel van die Joodse teologiese siening dat die mens self kan kies of hy goed of kwaad wil doen. Hiervolgens het elke mens 'n goeie en slegte inklinasie; vgl Spr 2:11,17 •Septuagint.

^z15:14 oordeel: Die •Vulgaat in Sir 15:15 lui hierna “Hy het sy gebooië en voorskrifte toegevoeg en die verstand.” Sommige mss voeg ook by “... en die verstand om te doen wat Hom behaag”.

^{15 a}As jy wil, kan jy die gebooie bewaar,
en om die geloof te beoefen,

spreek van 'n goeie besluit.

¹⁶Hy het vir jou vuur en water

opsy gesit;

na die een wat jy verkies,

kan jy jou hand uitsteek.

^{17 *}Voor die aangesig van die mens

is die lewe en die dood,

en wat hy ook al goeddink,

sal aan hom gegee word.

¹⁸Want groot is die wysheid

van die Here;

Hy is magtig in heerskappy

en sien alles.

^{19 *}Boonop is sy oë op diegene

wat vir Hom ontsag het,

en net Hy is bewus van elke daad

van die mens.

²⁰Hy het niemand beveel

om goddeloos op te tree nie,

ook het Hy aan niemand die vryheid

verleen om te sondig nie.

16

¹ Moenie 'n veelheid nuttelose

^a15:15-20 Die Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 15:15-21.

*15:17 Deut 30:15,19; Jer 21:8

*15:19 Ps 33:18; 34:16; Sir 17:15; Heb 4:13

kinders begeer nie,
en moenie verheug wees
oor goddelose seuns nie.

² As hulle meer word,
moet jy nie oor hulle verheug wees nie,
tensy die ontsag vir die Here
met hulle is.

^{3 b*} Moenie jou vertrou
op hulle lewe stel nie
en moenie op hulle veelheid
ag slaan nie.

Want een is beter as duisend
en om kinderloos te sterf,
beter as om goddelose kinders te hê.

⁴ Want deur een verstandige
kan 'n stad bevolk word,
maar 'n stam van wetteloses
sal dit verlate maak.

⁵ Baie sulke dinge het my oog gesien;
selfs gewigtiger dinge as dit
het my oor gehoor.

^{6 *} In 'n vergadering van sondaars
sal 'n vuur ontsteek word,
en in 'n ongehoorsame nasie
ontbrand toorn.

^b16:3-30 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 16:3-31.

*16:3-4 Wys 4:1-2

*16:6 Num 16:35; Ps 78:21-22; 106:18; Sir 21:9

⁷ *Die Here^c het nie versoening bewerk
vir die reuse van ouds nie,
hulle wat in opstand gekom het
deur hulle mag.

⁸ *Hy het nie die bure van Lot
gespaar nie,
wat Hy verafsku het as gevolg van
hulle hoogmoed.

⁹ *Hy het nie medelye betoon
met 'n nasie gedoem tot uitwissing —
die mense wat weggevoer is
as gevolg van hulle sonde —

¹⁰ en so ook nie met
seshonderdduisend voetsoldate*
wat in hulle hardkoppigheid
versamel is nie.

¹¹ *Selfs al is daar net een
hardnekkige persoon
sal dit 'n wonder wees
as hy ongestraf bly.

Want ontferming en toorn is by Hom,
'n versoenende Heerser
wat ook toorn uitgiet.

*16:7 Gen 6:4; Wys 14:6

^c16:7 Die Here: Letterlik 'Hy'.

*16:8 Gen 19:1-25

*16:9 Eks 23:33; 33:3

*16:10 600 000 voetsoldate: Eks 12:37; Num 1:46; 11:21; 14:20-35

*16:11 Eks 32:9; 33:3,5

¹² *So oorvloedig soos sy ontferming,
so oorvloedig is sy tereg wysing.

Hy sal 'n mens volgens sy daad oordeel.

¹³ 'n Sondaar sal nie met sy buit
wegkom nie,
en die volharding van die godvresende
sal beslis nie tekortsiet nie.

¹⁴ *Hy sal ruimte skep
vir elke barmhartige daad;
elkeen sal ontvang
ooreenkomstig sy daad.^d

¹⁷ Moenie sê nie: “Ek sal my
vir die Here verberg,
en wie, uit die hoogte, sal my onthou?
Onder 'n groot aantal mense
sal ek beslis nie bekend wees nie.

Want wat is my siel^e
in 'n onmeetlike skepping?”

¹⁸ Kyk, die hemel,

***16:12** Job 34:11

***16:14** Sir 2:6; Rom 2:6

^d**16:14 daad:** Sir 16:15-16 ontbreek hierna in sommige Griekse mss. Die Vulgaat lui ¹⁵ “Die Here het Farao se hart verhard dat Hy hom nie kon vergewe nie, (of: dat hy Hom nie erken nie) sodat sy werke onder die hemel bekend sou word. ¹⁶ Sy barmhartigheid het voor al sy skepsels verskyn en Hy het vir die mensekinders sy lig geskei van donkerte.”

^e**16:17 siel:** Die mens se bewuste, innerlike lewenskern wat ná sy dood voortbestaan.

en die hemel van die hemele,^f
die onpeilbare diepte^g en die aarde
sal geskud word met sy besoeking.

¹⁹ Tesame word die berge
en die fundamente van die aarde
al trillend geskud
wanneer Hy hulle aanskou.

²⁰ Ja, daaroor sal die hart
nie kan nadink nie
en sy weë, wie sal dit kan bepeins?

²¹ *En daar is 'n storm wat 'n mens
nie sal raaksien nie,
en die meeste van sy dade
is in die geheim.

²² Dade van geregtigheid,
wie sal dit aankondig,
of wie sal daarop wag?
Die verbond is immers ver weg.

²³ *Wie sonder begrip is,
bedink sulke dinge
en 'n dwase en misleide mens
dink na oor dwase dinge.

^f**16:18 hemel van die hemele:** Dit dui hier op die allerhoogste hemel.

^g**16:18 onpeilbare diepte:** In Grieks *abussos*. Dit verwys na die beskouing in antieke tye waarvolgens bose geeste en demone in 'n diep onderaardse woonplek gevange gehou is.

* **16:21** Sir 23:18-20

* **16:23** Ps 14:1

²⁴ Luister na my, kind,
en verkry kennis,
en slaan van harte ag op my woorde.

²⁵ Ek sal volgens die norm onderrig gee,
en kennis met presiesheid weergee.^h

²⁶ *Deur die beslissing van die Here
is sy werke van die begin af daar,
en toe Hy hulle gemaak het,
het Hy hulle grense bepaal.

²⁷ Hy het sy werke vir altyd georden
en hulle magsgebiede geslagte lank.
Hulle het nóg honger gely,
nóg moeg geword,
en ook nie hulle funksies versaak nie.

²⁸ Nie een het die ander verdruk nie
en hulle sal nooit sy opdrag
verontagsaam nie.

²⁹ *En hierna het die Here
die aarde beskou
en dit met goeie dinge gevul.

³⁰ Hy het die oppervlak daarvan
bedek met die siel
van elke lewende wese

^h**16:25 weergee:** Hierna lui die Vulgaat “en gee aandag in jou hart aan my woorde. In eerlikheid van gees vertel ek jou die deugde wat God van die begin af in sy daade laat neerslag vind het, en in waarheid kondig ek sy kennis aan.”

***16:26** Gen 1:3-30

***16:29** Gen 1:11-31

en daarheen keer hulle terug.

17

¹ *Die Here het 'n mens
uit die aarde geskepⁱ
en het hom weer daarheen
laat terugkeer.^j

² *Hy het vir hulle 'n getal dae,
asook 'n tyd gegee;
boonop het Hy mag oor die dinge
op aarde aan hulle gegee.

³ Soos vir Homself,
het Hy hulle met krag beklee,
en na sy beeld
het Hy hulle gemaak.^k

⁴ ^lHy het vrees vir die mens^m
by alle vlees ingeboesem,
ook om te heers
oor wilde diere en voëls.ⁿ

* **17:1** Gen 1:26-28; 2:7; 3:19; Sir 40:11

ⁱ **17:1 geskep:** Die •Vulgaat voeg hierna by “en het hom gemaak na sy beeld”.

^j **17:1 terugkeer:** Die Vulgaat voeg hierna by “en het hom met krag beklee soos Homself”.

* **17:2-4** Gen 1:26-28; 9:2; Ps 8:4-9; Wys 9:2

^k **17:3 gemaak:** Vgl voetnoot in Sir 17:1.

^l **17:4-32** Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 17:4-31.

^m **17:4 die mens:** Letterlik ‘hom’.

ⁿ **17:4 voëls:** Sir 17:5 ontbreek hierna in sommige Griekse mss. Die Vulgaat kom met Sir 17:6 ooreen en voeg by “Hy het hulle hart met insig gevul.”

⁶ 'n Vrye keuse, en 'n tong^o en oë,
ore, en 'n hart om mee na te dink,
het Hy aan hulle gegee.

⁷ Met kennis wat tot insig lei,^p
het Hy hulle gevul,^q
en goed en kwaad het Hy
aan hulle getoon.

⁸ Hy het sy oog^r op hulle harte gerig
om aan hulle die grootsheid
van sy werke te toon^s

¹⁰ en hulle^t sal sy heilige Naam prys,
sodat^u hulle die grootsheid
van sy werke bekend kan maak.

¹¹ *Hy het insig aan hulle verskaf,
en 'n wet vir die lewe het Hy
aan hulle toebedeel.

¹² *'n Ewige verbond het Hy
met hulle opgerig

^o17:6 **tong**: Die tong word geassosieer met spraak.

^p17:7 **Met ... lei**: Die Vulgaat lui “Hy het in hulle kennis van die gees geskep.”

^q17:7 **het Hy hulle gevul**: Die Vulgaat lui “Hy het hulle hart met skerpsinnigheid gevul.”

^r17:8 **oog**: Die Vulgaat lui “ontsag”.

^s17:8 **toon**: Sir 17:9 ontbreek hierna in sommige Griekse mss. Die nommering verskil ook van die Vulgaat.

^t17:10 **en hulle**: Die Vulgaat lui “sodat hulle”.

^u17:10 **sodat**: Die Vulgaat lui “en”.

* 17:11 Sir 45:5

* 17:12 Eks 24:8; Deut 5:1-24; 30:15-20

en sy oordele^v

het Hy aan hulle getoon.

¹³ Die grootheid van sy heerlikheid

het hulle oë aanskou,

en die heerlikheid van sy stem

het hulle ore gehoor.

¹⁴ En Hy het aan hulle gesê:

“Waak teen alle ongeregtigheid!”

En Hy het elkeen beveel

om vir sy naaste om te gee.

¹⁵ Hulle paaie is altyd voor Hom;

hulle sal nie verberg word vir sy oë nie.^w

¹⁷ *Vir elke nasie het Hy

'n leier aangestel,

en die Here se deel is Israel.^x

¹⁹ Al hulle werke is soos die son

voor Hom,

en sy oë is voortdurend op hulle paaie.

²⁰ Hulle ongeregtighede is nie vir Hom

verberg nie,

en al hulle sondes is voor die Here.^y

²² Die medelye van 'n man

^v**17:12 sy oordele:** Die Vulgaat lui “sy geregtigheid en sy oordele”.

^w**17:15 oë nie:** Sir 17:16 ontbreek hierna in sommige Griekse mss.

^{*}**17:17 Eks** 19:5; Deut 4:19-20; 32:8-9; Dan 10:13-21; 12:1

^x**17:17 Israel:** Sir 17:18 ontbreek hierna in sommige Griekse mss.

^y**17:20 Here:** Sir 17:21 ontbreek hierna in sommige Griekse mss.

is by Hom soos 'n seëling,
en 'n mens se welwillendheid
sal Hy bewaar soos sy oogappel.

²³ *Ná hierdie dinge sal Hy opstaan
en hulle vergeld
en hulle vergelding sal Hy
op hulle hoofde laat neerkom.

²⁴ *Maar vir dié wat berou het,
het Hy 'n terugkeer bewerk
en diegene wat hoop verloor het,
het Hy aangemoedig tot volharding.

²⁵ *Keer terug na die Here
en sien af van sondes;
bid in sy teenwoordigheid
en verminder die aanstoot.

²⁶ Keer terug na die Allerhoogste,
draai weg van die onreg
en haat gruwels intens.^z

²⁷ *Wie sal vir die Allerhoogste
lofliedere sing in Hades,^a

***17:23** Ps 7:17; Joël 3:7; Sir 11:26-27

***17:24** Sir 2:14

***17:25-26** Jer 3:12

^z**17:26 intens:** Die Vulgaat (Sir 17:24) voeg hierna by “En erken die geregtigheid en die oordele van God en staan in die bestemde plek van gebed tot die allerhoogste God.”

***17:27-28** Ps 6:6; 88:4-7; 115:17; Jes 38:18-19; Bar 2:17-18

^a**17:27 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

in die plek van die lewendes
en diegene wat dankseggings bring?^b

²⁸ By 'n dooie, aangesien hy
nie meer bestaan nie,
het dankbaarheid opgehou;
'n lewende en gesonde mens
sal die Here loof.

²⁹ Hoe groot is die ontferming
van die Here
en sy versoening vir diegene
wat na Hom terugkeer!

³⁰ *Want nie alle dinge
is binne die vermoë van mense nie,
aangesien die mensekind
nie onsterflik is nie.

³¹ Wat is helderder as die son?
Selfs dit sal faal,
ja, vlees en bloed sal kwaad bedink.

³² *Net Hy oorskou die mag
van die hoogste hemele,
en alle mense is aarde en as.

18

¹ Hy wat vir ewig lewe,
het alles op gelyke basis geskep.

^b**17:27 bring:** Die Vulgaat (Sir 17:24) voeg hierna by “Moenie in die dwaling van die goddeloses vertoef nie en dank Hom voor jou dood.”

***17:30** Jes 55:8

***17:32** Job 4:18; 25:5-6

² Die Here alleen sal geregverdig word.^c

⁴ Hy het niemand toegelaat

om sy werke aan te kondig nie,
en wie kan sy grootse dae naspour?

⁵ Wie sal die krag van sy grootheid
kan meet?

En wie sal daarby nog
van sy genade kan vertel?

⁶ *Niemand kan weglaat of toevoeg nie,
en dit is nie moontlik
om die wonders van die Here
na te spour nie;

⁷ *wanneer 'n mens eindig,
dan begin hy eintlik eers
en wanneer hy dit staak,
sal hy radeloos wees.

⁸ Wat is die mens
en wat is sy waarde?

Wat is sy goeie kenmerke
en wat sy slegtes?

⁹ *Die aantal dae van die mens
is wel baie jare — honderd jaar!

¹⁰ Soos 'n druppel water van die see

^c**18:2 word:** Sir 18:3 ontbreek hierna in sommige Griekse mss. Die •Vulgaat lui
“en wie sal sy grootse dae naspour?”

***18:6** Sir 42:21

***18:7** Ps 139:17-18

***18:9** Vgl Ps 90:10

en 'n korrel sand,
so is 'n paar jaar gemeet teen 'n dag
van die ewigheid.

¹¹ Daarom was die Here geduldig
met hulle,
en het Hy sy ontferming
oor hulle uitgegiet.

¹² ^dHy het hulle ondergang gesien
en begryp dat dit verskriklik is;
daarom het Hy sy vergifnis^{*}
vermeerder.

¹³ ^{*}Die ontferming van die mens
is op sy naaste gerig,
maar die ontferming van die Here
op alle vlees.

Hy bestraf en dissiplineer^e en onderrig
en begelei sy kudde soos 'n herder.

¹⁴ Hy ontferm Hom oor diegene
wat dissipline^f aanvaar,
asook oor diegene wat erns maak
met sy oordele.

^d**18:12** Die Vulgaat lui “Hy het die voorbarigheid van hulle harte gesien, dat dit boos is, en Hy het hulle vernietiging geken, dat dit sleg is. Daarom het Hy sy genade teenoor hulle vermeerder en hulle die weg van geregtigheid gewys.”

^{*}**18:12 vergifnis:** Vgl Sir 17:29; 18:20

^{*}**18:13** Ps 23:1-4; Jes 40:11; 49:9-10; Joh 10:11-16; Heb 13:20; Op 7:17

^e**18:13 dissiplineer:** Die Griekse werkwoord *paideuō* kan benewens ‘opvoed, onderrig’ ook ‘dissiplineer, tugtig’ beteken; •Opvoed.

^f**18:14 dissipline:** Die Griekse naamwoord *paideia* kan benewens ‘opvoeding, onderrig’ ook ‘dissipline, tugtiging’ beteken; •Opvoed.

¹⁵ *Kind, moenie skande
tot jou goeie daade toevoeg nie,
ook nie pynlike woorde
by elke geskenk nie.

¹⁶ Verbreek dou nie 'n versengende
hitte nie?

So is 'n woord beter as 'n geskenk.

¹⁷ Kyk, is 'n woord nie selfs beter
as 'n goeie gawe nie?

Beide is te vinde by 'n persoon
wat begenadig is.

¹⁸ *'n Dwaas verwyd genadeloos
en die geskenk van die afgunstige
verdoof die oë.

¹⁹ Wees ingelig voordat jy praat;
voor jy siek word,
sorg vir jou gesondheid.

²⁰ Ondersoek jouself
vóór die oordeel,
en jy sal vergifnis vind
in 'n tyd van toetsing.

²¹ Voordat jy siek word, verneder jou,
en toon in 'n tyd van sonde
dat jy bekeer is.

*18:15 Sir 41:22-25

*18:18 Sir 20:14-15

²² *Moenie verhinder word
om 'n gelofte betyds te betaal nie,
en moenie tot die dood toe wag
om geregverdig te word nie.

²³ Voordat jy 'n gelofte maak,
berei jou voor,
en moenie soos 'n mens wees
wat die Here versoek nie.

²⁴ *Dink in die dae van jou dood
aan sy toorn,
so ook in 'n tyd van oordeel
wanneer Hy sy gesig wegdraai.

²⁵ *Dink aan 'n tyd van honger
in 'n tyd van oorvloed,
aan armoede en gebrek
in tye van welvaart.

²⁶ Van die oggend tot die aand
verander geleenthede
en alles gebeur vinnig voor die Here.

²⁷ 'n Wyse man sal op sy hoede wees
in alle opsigte,
en in tye van sonde sal hy
aandag skenk aan oortredings.

²⁸ Elke verstandige persoon
herken Wysheid

*18:22-23 Num 30:3; Deut 23:22; Ps 50:14; Spr 20:25; Pred 5:3-4

*18:24 Sir 7:16

*18:25 Sir 11:25-27

en aan diegene wat haar^g vind,
sal sy erkenning verleen.

²⁹ *Mense wat vindingryk is
met woorde tree wys op,
en hulle bring gepaste spreuke voort.^h

³⁰ ⁱ*Moenie langer agter
jou begeertes aan loop nie
en weerhou jou van jou luste.

³¹ As jy jou siel^j se begeertes goedkeur,
sal dit jou 'n voorwerp van bespotting
maak vir jou vyande.

³² Moenie verheug wees
oor baie luukses nie;
moenie verarm word deur te veel
daaraan te spandeer nie.

³³ Moenie arm word deur op skuld
feestelik te lewe
terwyl jy niks in jou beursie het nie.

19

¹ 'n Besope arbeider
sal nie ryk word nie,

^g**18:28 haar:** Wysheid (*Sofia* in Grieks) word altyd in 'n vroulike vorm aangedui.

^{*}**18:29** Sir 16:25; 24:32-33

^h**18:29 voort:** Die Vulgaat lui verder "... en verstaan waarheid en geregtigheid en giet soos reën spreekwoorde en besinnings uit".

ⁱ**18:30** 'n Opskrif "Selfbeheersing" kom hier voor in sommige Griekse mss.

^{*}**18:30** Rom 6:12; 13:14; 2 Tim 2:22; Jak 1:14-15

^j**18:31 siel:** Die mens se gemoed met sy emosies en stemmings.

en hy wat geringe dinge versmaai,
sal stukkies vir stukkies verval.

²*Wyn en vroue sal verstandige mans
tot 'n val bring,

en hy wat met prostitute assosieer,
sal al hoe roekeloser raak.

³*Verrotting en wurms sal sy deel wees
en 'n roekelose mens^k
sal vernietig word.

⁴Hy wat goedgelowig is, is lughartig,¹
en hy wat sondig, sal homself
skade berokken.

⁵*Hy wat hom in die kwaad^m verheug,
sal veroordeel word.

⁶Hy wat gesprekvoering haat,
sal in sy hartⁿ geskaad word.

⁷Moet nooit 'n gerug herhaal nie,
dan sal jy in geen opsig
geskaad word nie.

***19:2** Spr 20:1; 23:20-28; Sir 9:1-9

***19:3** Sir 6:4; 10:11; Gal 6:8

^k**19:3 mens:** Letterlik 'siel'. Die mens se bewuste, innerlike lewenskern wat voortbestaan na sy dood.

¹**19:4 lughartig:** Letterlik 'lig van hart'.

***19:5-17** Eks 20:16; Deut 5:20

^m**19:5 die kwaad:** Die bronteks lui "sy hart" ipv "die kwaad". Die lesing van die bronteks maak nie sin nie. Sommige mss ruil "hart" en "kwaad" in Sir 19: 5,6 om.

ⁿ**19:6 sy hart:** Die bronteks lui "die kwaad" ipv "sy hart".

⁸ *Moet geen stories oorvertel
tussen vriend of vyand nie,
en behalwe as dit vir jou 'n sonde is,
moet jy dit nie bekend maak nie.

⁹ Want as hy jou sou gehoor
en jou in die oog gehou het,
sal hy jou mettertyd ook haat.

¹⁰ Het jy 'n woord gehoor?
Laat dit saam met jou vergaan.
Hou moed!

Dit sal jou beslis nie breek nie.

¹¹ Deur 'n woord kan 'n dwaas
in barensnood gaan,
soos 'n vrou wat aan 'n baba
geboorte skenk.

¹² 'n Pyl^o wat gestek is
in die vleis van 'n dy,
so is 'n woord in die maag van 'n dwaas.

¹³ Spreek 'n vriend aan —
miskien het hy niks gedoen nie,
of as hy het, sodat hy dit
nie weer sal doen nie.

¹⁴ Spreek jou naaste aan —
miskien het hy niks gesê nie,
en indien hy wel iets gesê het,
sodat hy dit nie herhaal nie.

*19:8-9 Sir 22:26

^o19:12 Pyl: Dit kan ook dui op enige voorwerp wat gegooi word.

¹⁵ ^pSpreek 'n vriend aan,
en moenie elke woord glo nie,
want dikwels is dit laster.

¹⁶ Daar is 'n mens wat fouteer,
maar nie doelbewus^q nie,
en wie het nog nie met sy tong^r
gesondig nie?

¹⁷ *Spreek jou naaste aan
voordat jy hom dreig,
en gee ruimte vir die wet
van die Allerhoogste.^s

²⁰ * Alle wysheid is ontsag vir die Here
en alle wysheid behels die uitvoering
van die wet.^t

²² Kennis van boosheid
hou geen wysheid in nie,
en daar is ook geen insig
in die advies van sondaars nie.

²³ Daar is slinksheid
en dit is ook 'n gruwel,
en daar is 'n dwaas

^p**19:15-30** Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 19:15-27.

^q**19:16 doelbewus:** Letterlik 'van sy siel nie'.

^r**19:16 tong:** Die tong word geassosieer met spraak.

***19:17** Lev 9:17-18; Matt 18:15

^s**19:17 Allerhoogste:** Sir 19:18-19 ontbreek hierna in sommige Griekse mss asook die Vulgaat.

***19:20** Job 28:28; Spr 1:7; Sir 1:14-16

^t**19:20 Wet:** Sir 19:21 ontbreek hierna in sommige Griekse mss.

wat wysheid kortkom.

²⁴ "Beter is 'n godvresende mens

wat verstand kortkom,

as een wat oorfloedige insig het,

maar wat die wet oortree.

²⁵ Daar is slimmighede wat skerp is,

maar wat onregverdig is,

en daar is 'n mens wat 'n guns misbruik

om 'n beslissing te verkry.

²⁶ Daar is 'n mens wat boos optree,

gebuk onder smart,^v

maar sy binneste is vol bedrog.

²⁷ Terwyl hy sy gesig verberg

en hom doof hou —

as niemand aandag gee nie,

sal hy jou inloop.

²⁸ En as hy weens 'n gebrek aan krag

verhinder word om te sondig —

as hy 'n geleentheid vind,

sal hy kwaad doen.

²⁹ 'n Mens word geken aan sy voorkoms,

en in 'n persoonlike ontmoeting

sal 'n redelike mens herken word.

³⁰ Die kleding van 'n mens,

"**19:24** Die Vulgaat (Sir 19:21) lui "Beter is die mens wie se wysheid beperk is en wie se verstand tekortskiet, as die een wat oorfloedige verstand het maar die Wet van die Allerhoogste oortree."

^v**19:26 smart:** Letterlik 'swartheid'.

'n breë glimlag^w
en die manier waarop hy stap,
sal iets van hom vertel.

20

¹ Daar is 'n teregwysing
wat nie tydig is nie;
ook is daar iemand wat stilbly,
en hy is verstandig.

² Hoe mooi is dit om te berispe
eerder as om kwaad te wees.

³ ^xEn hy wat vryelik bely,
sal gevrywaar word van verliese.

⁴ Soos 'n eunug^y se begeerte
om 'n jong meisie te verkrag,
so is iemand wat beslissings
met geweld afdwing.

⁵ ^{*}Daar is 'n persoon
wat, omdat hy stilbly,
as wys beskou word;
daarenteen is daar 'n persoon
wat gehaat word
omdat hy baie praat.

⁶ Daar is 'n persoon wat stilbly

^w19:30 **glimlag**: Letterlik 'n lag van tande'.

^x20:3 Moenie iemand verbied wat in gebed wil bely nie.

^y20:4 **eunug**: 'n Ontmande haremopsigter of hofamptenaar wat veral in 'n paleis werksaam was.

^{*}20:5-7 Spr 17:27-28; Sir 1:23-24

omdat hy inderdaad
geen antwoord het nie,
maar daar is 'n persoon wat stilbly
omdat hy die gepaste tyd ken.

⁷ 'n Wyse mens sal stilbly
tot die gepaste tyd,
maar die verwaande en dwase
ignoreer die gepaste tyd.

⁸ Hy wat te veel praat,
sal verag word
en hy wat op sy regte aandrang,
sal gehaat word.

⁹ In teenspoed is sukses
vir 'n man moontlik,
maar 'n bietjie geluk
kan tot verlies lei.

¹⁰ Daar is 'n gawe wat jou
nie sal bevoordeel nie
en 'n gawe waarvan
die beloning dubbel is.

¹¹ Daar is verlies ter wille van aansien,
en daar is 'n persoon
wat uit sy geringe status
sy kop kan optel.

¹² Daar is 'n persoon
wat baie koop vir min
en hy betaal sewe maal daarvoor.

¹³ Wie wys is met woorde

sal hom daardeur geliefd maak,
maar die gunste van dwases
sal verlore gaan.

¹⁴ Die geskenk van 'n dwaas
sal jou nie bevoordeel nie,
want hy het baie oë
in plaas van een.^z

¹⁵ ^aHy sal min gee
en baie keer verwyd,
en hy sal sy mond oopmaak
soos 'n herout;^b
vandag sal hy geld uitleen
en môre terugeis —
so 'n mens is haatlik.

¹⁶ 'n Dwaas sal sê:
“Ek het nie 'n vriend nie
en daar is geen dank
vir my goeie dae nie.”

¹⁷ Diegene wat sy brood eet,
is boos van tong,^c
en hoe gereeld en deur hoeveel
sal hy nie bespot word nie?

^z**20:14 hy het ... een:** •Siriese en Latynse vertalings lui “sy oë kyk uit vir sewevoudige terugbetaling.”

^a**20:15-31** Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 20:15-33.

^b**20:15 herout:** Doen alle aankondigings namens die koning, en dien as skakelbeampte tussen koning en volk.

^c**20:17 tong:** Die tong word geassosieer met spraak.

¹⁸ Om te gly op die grond is beter
as om te gly met die tong;
so sal die val van bouse mense
skielik gebeur.

¹⁹ *'n Onwaardige persoon
is soos 'n ontydige storie —
in die mond van ongeletterdes
sal dit bly vassteek.

²⁰ 'n Gesegde uit die mond
van 'n dwaas sal afgekeur word,
want hy het dit nie op die gepaste
tyd uitgespreek nie.

²¹ Daar is 'n mens wat deur tekort
verhinder word om te sondig,
en in sy rus sal hy nie gekwel
word nie.

²² Daar is 'n mens wat sy lewe^d
vernietig deur skande,
en hy sal dit verwoes
vanweë sy dwaasheid.

²³ Daar is 'n mens wat 'n guns
aan 'n vriend belowe uit skaamte,
en hy maak hom onnodig
tot 'n vyand.

²⁴ 'n Leuen is 'n bouse smet

*20:19-20 Spr 26:7,9; Sir 20:7; 22:6

^d20:22 lewe: Letterlik 'siel'. Dit verwys hier na die mens in sy totale bestaan.

op 'n mens;
dit sal bly voortbestaan
in die mond van onopgevoedes.

²⁵ *'n Dief is verkieslik bo iemand
wat volhard met 'n leuen,
maar beide sal verwoesting erf.

²⁶ Die karakter van 'n leuenagtige
mens is een van oneer,
en sy skande bly voortdurend
by hom.

²⁷ eWie wys is met woorde
sal homself bevorder,
en 'n verstandige mens
sal magtiges tevrede stel.

²⁸ Hy wat die grond bewerk,
sal sy opbrengs opstapel,
en hy wat magtiges tevrede stel,
sal ongeregtigheid versoen.

²⁹ * Geskenke uit gasvryheid
en presente verblind die oë
van wyses,
en soos 'n muilband aan 'n bek,
wend dit vermanings af.

³⁰ Verborgte wysheid en onsigbare
skatte —

*20:25 Sir 5:14

e20:27 'n Opskrif “Spreekte” kom hier voor in sommige Griekse mss.

*20:29 Eks 23:8; Deut 16:19

watter voordeel is daar in enigeen?

³¹ 'n Mens wat sy dwaasheid

verberg,

is beter as 'n mens wat sy wysheid

verberg.^f

21

¹ Kind, het jy gesondig?

Moet dit nie meer doen nie,

en bid oor jou vorige sondes.

² ^gVlug van die sonde,

soos voor 'n slang,

want as jy nadergaan, sal hy jou pik;

sy tande is soos leeutande

wat mense se lewens^h verwoes.

³ Soos 'n tweesnydende swaard^{*}

is alle wetteloosheid;

vir die wond wat hy toedien,

bestaan daar geen genesing nie.

⁴ Paniek en oormoed

sal rykdom vernietig;

so sal die huishouding

van 'n hoogmoedige vernietig word.

^f**20:31 verberg:** Sir 20:32 ontbreek hierna in sommige Griekse mss.

^g**21:2-28 Die •Vulgaat** nommer hierdie verse as Sir 21:2-31.

^h**21:2 lewens:** Letterlik 'siele'. Dit verwys hier na die mens in sy totale bestaan.

^{*}**21:3 Soos ... swaard:** Spr 5:4

⁵* Die gebed van 'n arme
gaan uit sy mond tot God seⁱ ore,
en sy beslissing kom spoedig.

⁶* Iemand wat vermaning verafsku,
volg in die voetstappe
van 'n sondaar,
maar hy wat ontsag het vir die Here,
sal 'n hartsverandering ondergaan.

⁷ Bekend van ver af
is hy wat magtig van tong^j is,
maar hy wat insig het,
weet wanneer hy 'n fout begaan.

⁸ Hy wat sy huis oprig
met ander se geld,
is soos een wat klippe versamel
teen 'n winterstorm.

⁹* 'n Versameling wetteloses
is saamgebinde vlas,
en hulle uiteinde is 'n vlam van vuur.

¹⁰* Die pad van sondaars
is met klippe uitgeplavei,
maar aan die einde daarvan

*21:5 Sir 35:17

ⁱ21:5 God se: Letterlik 'sy'.

*21:6 Spr 12:1

^j21:7 tong: Die tong word geassosieer met spraak.

*21:9 Ps 21:10; Sir 16:6

*21:10 Ps 73:3-5,16-19; Spr 7:27; 14:12

is die put van Hades.^k

¹¹ Wie die wet bewaar,
is in beheer van sy denke,
en die uiteinde van die ontsag
vir die Here is wysheid.

¹² *Wie nie slim is nie,
sal nie onderrig word nie,
maar daar is 'n slimheid
wat bitterheid vermeerder.

¹³ *'n Wyse se kennis sal vermeerder
soos 'n watervloed
en sy raad is soos 'n fontein van lewe.

¹⁴ Die binneste van 'n dwaas
is soos 'n stukkende houer
en hy sal geen kennis behou nie.

¹⁵ 'n Wyse woord —
as 'n verstandige mens dit hoor,
sal hy dit aanprys en daarop uitbrei.
Hy wat uitspattig leef, hoor dit,
en is ontevrede daarmee,
en hy werp dit weg agter sy rug.

¹⁶ *Die stories van 'n dwaas

^k**21:10 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

***21:12** Sir 19:22-25

***21:13** Spr 13:14; 16:22; 18:4

***21:16** Pred 10:12

is soos 'n las op jou pad,
maar op die lippe
van 'n verstandige mens
sal innemendheid gevind word.

¹⁷ Die mond van 'n verstandige mens
sal in die volksvergadering
gesoek word,
en die vergadering sal sy woorde
in hulle harte oordink.

¹⁸ Soos 'n huis wat verwoes is,
so is wysheid vir 'n dwaas,
en 'n onkundige persoon se kennis
is onsinnige woorde.

¹⁹ Opvoeding is vir 'n onverstandige
mens boeie aan sy voete,
en soos handboeie aan sy regterhand.

²⁰ *'n Dwaas verhef sy stem
wanneer hy lag,
maar 'n verstandige mens swyg
en glimlag skaars.

²¹ Soos 'n goue ornament is opvoeding
vir 'n verstandige persoon,
en soos 'n armband om die regterarm.

²² *Die voet van 'n dwaas is haastig
om 'n huis te betree,
maar 'n ervare mens

*21:20 Pred 7:6

*21:22 Spr 25:17

sal beskeie buite wag.

²³ 'n Onverstandige loer
van die deur af by 'n huis in,
maar 'n opgevoede mens
sal buite staan.

²⁴ Dit dui op 'n gebrek
aan opvoeding vir 'n mens
om by die deur te staan en luister,
en 'n verstandige mens
sal dit as oneer ervaar.

²⁵ Die lippe van vreemdelinge¹
sal oor hierdie dinge uitwei,
maar die woorde van verstandige
persone sal op 'n skaal geweeg word.

²⁶ In die mond van dwases is hulle hart,
maar die hart van wyses, is hulle mond.

²⁷ Wanneer 'n goddelose
die teenparty^m vervloek,
vervloek hy sy eie siel.

²⁸ Hy wat fluister, besmet sy eie siel,
en hy sal gehaat word in die buurt.

¹**21:25 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet. Een Griekse ms lui “praatjiesmakers”.

^m**21:27 teenparty:** Word ook vertaal “Satan”, in Grieks *satanas*.

22

¹ 'n Luidard kan met 'n smerige klipⁿ
vergelyk word,
en almal sal siggeluide maak^o
oor sy oneer.

² 'n Luidard kan met beesmis
vergelyk word;
elkeen wat dit optel,
sal sy hand afskud.

³ *Dit is 'n skande vir 'n vader
as hy 'n onopgevoede^p seun het;
'n dogter word gebore as 'n verlies.

⁴ 'n Skrande dogter sal 'n man
as haar deel verkry,
maar sy wat beskaam,
veroorzaak smart vir die een
wat haar verwek het.

⁵ *'n Vermetele vrou beskaam
vader en eggenoot,
en sy sal deur beide
nie geëer word nie.

ⁿ22:1 smerige klip: Dit is waarskynlik ná ontlasting gebruik.

^o22:1 siggeluide maak: Dit verwys waarskynlik na 'n geluid om afkeur uit te druk.

^{*}22:3 Spr 10:1; 17:21,25

^p22:3 onopgevoede: Word ook vertaal “onopvoedbare”.

^{*}22:5 Spr 12:4

⁶ * Soos musiek in routyd
is ontydige gepraat,
maar sweepslae en dissipline^q
is te alle tye die kenmerk van wysheid.^r

⁹ ^s* Hy wat 'n dwaas probeer onderrig,
is soos iemand wat potskerwe
probeer aanmekaarlym,
soos iemand wat probeer om 'n slaper
uit 'n diep slaap wakker te maak.

¹⁰ Hy wat probeer om met 'n dwaas
gesprek te voer,
is soos een wat met iemand wat
deur die slaap is, gesprek voer;
aan die einde sal hy net sê:
“Wat is dit?”

¹¹ Huil oor 'n dooie,
want hy het die lig verlaat,
en huil oor 'n dwaas,
want hy het insig verlaat.
Moenie so bitterlik oor 'n dooie huil nie,
want hy het te ruste gegaan,
maar die lewe van 'n dwaas

* **22:6** Spr 23:13-14; Sir 30:1

^q**22:6 dissipline:** Die Griekse naamwoord *paideia* kan benewens ‘opvoeding, onderrig’ ook ‘dissipline, tugtiging’ beteken; •Opvoed.

^r**22:6 wysheid:** Sir 22:7-8 ontbreek hierna in sommige Griekse mss.

^s**22:9-27** Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 22:7-33.

* **22:9-12** Spr 23:9

is slegter as die dood.

¹² Roubetoon vir 'n dooie

beloop sewe dae,*

maar vir 'n dwase en goddelose persoon

duur dit al die dae van sy lewe.

¹³ Moenie baie woorde wissel

met 'n dwaas nie,

en moenie 'n onverstandige persoon

besoek nie.

Pasop vir hom sodat jy nie probleme

mag hê nie,

en dan sal jy geensins ontreinig word

deur sy handskud nie.

Draai weg van hom en jy sal rus vind,

en jy sal nooit vermoei word

deur sy waansin nie.

¹⁴ *Wat weeg swaarder as lood?

En watter ander naam sal hy hê,

as net: “Dwaas”?

¹⁵ Sand en sout en 'n stuk yster

is makliker om te dra

as om 'n onverstandige persoon

te verdra.

¹⁶ 'n Houtbalk wat vasgemaak is

aan 'n gebou,

sal nie deur 'n aardbewing

losgeruk word nie;

*22:12 Roubetoon ... dae: Gen 50:10; Judit 16:24

*22:14-15 Spr 27:3; Sir 21:16

so sal 'n hart wat vasbeslote
gerig is op 'n deurdagte idee
nie op enige tydstip bang wees nie.
¹⁷ 'n Hart gerig op deurdagte insig,
is soos 'n gegraveerde ornament
op 'n gepoleerde muur.
¹⁸ Heinings wat op 'n vlak geleë is,
sal nooit teen die wind
bestand wees nie;
so ook sal 'n vreesbevange hart
by die gedagte aan 'n dwaas
nooit bestand wees teen enige vrees nie.

¹⁹ Hy wat 'n oog prik,
sal trane laat vloei,
en hy wat 'n hart prik,
sal gevoelens na vore laat kom.

²⁰ Hy wat 'n klip na voëls gooi,
verwilder hulle,
en hy wat 'n vriend beledig,
sal 'n vriendskap vernietig.

²¹ As jy 'n swaard trek teen 'n vriend,
moet jy nie wanhoop nie,
want daar is 'n uitweg moontlik.

²² As jy jou mond oopmaak
teen 'n vriend,
moet jy nie besorg wees nie,
want versoening is moontlik,
tensy jy beledigend of verwaand is,

of 'n geheim openbaar maak,
of hom 'n agterbakse hou toedien;
in hierdie gevalle sal enige vriend vlug.

²³ *Wen jou naaste se vertrouwe
in sy armoede,
sodat jy in sy voorspoed kan deel.
Bly by hom in 'n tyd van verdrukking,
sodat as hy erf,
jy 'n mede-erfgenaar kan wees.

²⁴ Voor 'n vuur ontbrand,
is daar die stoom en die rook
van 'n oond;
so is daar skeldtaal
voor bloedige gevegte.

²⁵ Ek sal nie skaam wees
om 'n vriend te huisves nie,
en vir hom sal ek nooit wegkruip nie.

²⁶ En as bese dinge met my gebeur
as gevolg van hom,
sal elkeen wat dit hoor,
op sy hoede wees vir hom.

²⁷ *Wie sal 'n wag voor my mond plaas
en 'n seël van diskresie op my lippe,
sodat ek nie as gevolg van hulle val
en my tong^t my verwoes nie?

*22:23 Sir 6:7-12; 12:8-9

*22:27 Ps 141:3

^t22:27 tong: Die tong word geassosieer met spraak.

23

¹ *Here, Vader en Here^u oor my lewe,
moet my nie oorgee aan hulle raad nie,
en laat my nie onder hulle verval nie.

² Wie sal swepe op my gedagtes
gebruik,
en die dissipline^v van wysheid
op my hart,
sodat hulle my foute nie kan ontsien,
en Hy beslis my^w sonde sal vergewe nie,
³ sodat my onkunde nie sal vermeerder,
en my sonde toeneem,
en ek sal neerval
voor my teenstanders,
en my vyand hom oor my
sal verheug nie?

⁴ *Here, Vader en God van my lewe,
moet my nie 'n hooghartige oog
gee nie,

⁵ en keer begeerte van my weg.

⁶ *Laat die begeerte na voedsel

*23:1-6 Job 31:1; Spr 6:17; Tob 3:3; Matt 6:13

^u23:1 **Here:** Die Griekse woord hier is *despotes*. Gewoonlik is dit die woord *kurios* wat vertaal word as “Here”.

^v23:2 **dissipline:** Die Griekse naamwoord *paideia* kan benewens ‘opvoeding, onderrig’ ook ‘dissipline, tugtiging’ beteken; •Opvoed.

^w23:2 **my:** Die •bronteks lui “hulle”.

*23:4 Spr 6:17

*23:6 Rom 13:13

en seksuele omgang
my nie oorval nie,
en moet my nie oorgee
aan 'n skaamtelose lewe ^x nie.

^{7 y}Luister, kinders, na die dissipline
van die mond
en wie hom daaraan hou,
sal nooit betrap word nie.

⁸Maar die sondaar sal deur sy lippe
oormeester word,
en 'n skimper en hoogmoedige
persoon sal daardeur tot 'n val
gebring word.

^{9 z*}Moenie jou mond aan 'n eed
gewoond maak nie,
en moenie 'n gewoonte daarvan
maak om die Naam
van die Heilige te gebruik nie.

¹⁰Want net soos 'n huisbediende
wat gereeld uitvoerig
ondervra word,
nie 'n tekort aan verwonding sal hê nie,
so ook sal hy wat voortdurend sweer
en dié Naam gebruik,

^x23:6 lewe: Letterlik 'siel'; die wesenlike 'ek' van die mens.

^y23:7 'n Opskrif "Lering oor die mond" kom hier voor in sommige Griekse mss.

^z23:9-27 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 23:9-37.

^{*}23:9 Eks 20:7; Lev 19:12; 24:16; Deut 5:11; Sir 27:14; Matt 5:33-37; Jak 5:12

beslis nie van sonde
gereinig word nie.

¹¹ *'n Man wat baie sweer,
sal vol wetteloosheid wees,
en 'n sweep sal van sy huis nie wyk nie;
as hy oortree, is sy sonde op hom,
en as hy dit sou ignoreer,
het hy dubbel gesondig;
en as hy ydelik sou sweer,
sal hy nie geregverdig word nie,
want sy huishouding
sal vol ellende wees.

¹² Daar is 'n wyse van spreke
wat vergelykbaar is met die dood;
laat dit nie gevind word
in die erfdeel van Jakob nie,
want al hierdie dinge
moet verwyder wees
van die godvresendes,
en hulle moet nie vasgedraai wees
in sonde nie.

¹³ Moenie dat jou mond
gewoond raak aan
vuil en growwe taal nie,
want sulke woorde is sondig.

¹⁴ *Dink aan jou vader en moeder,

*23:11 Lev 5:4-10

*23:14 Eks 20:12; Deut 5:16; Sir 7:27

want jy sit in die volksvergadering
te midde van maghebbers,
sodat jy jousef nie voor hulle
vergeet nie,
en jy nie dwaas optree volgens
jou gewoonte nie,
en jy wens dat jy nooit gebore is nie,
en jy nie die dag van jou geboorte
vervloek nie.

¹⁵ 'n Mens wat gewoond is
om skeltaal te gebruik,
sal in al sy dae beslis nie opgevoed
kan word nie.

¹⁶ Twee soorte mense
vermenigvuldig sondes,
en 'n derde sal hom toorn
op die hals haal.

¹⁷ 'n Vurige temperament,^a
soos 'n brandende vuur,
sal beslis nie geblus word
totdat dit uitgebrand is nie;
'n mens wat owerspel pleeg
met sy vleeslike liggaam,^b
sal nooit ophou

^a**23:17 temperament:** Letterlik 'siel'. Dit verwys na die mens se gemoed met sy emosies en stemminge.

^b**23:17 vleeslike liggaam:** Dit verwys waarskynlik na sy vlees en bloed, dws familie.

totdat die vuur uitbrand nie.
Vir 'n mens wat owerspel pleeg,
is alle brood soet;*
hy sal nooit ophou
totdat hy sterf nie.

¹⁸ *Daar is 'n mens wat teen
sy huweliksbed oortree,
terwyl hy by homself sê:
Wie sal my sien?
Donkerte omring my
en die mure verberg my
en niemand sien my nie.
Waarom is ek bang?
Die Allerhoogste sal nooit
my sondes onthou nie.

¹⁹ Die oë van mense is wat hy vrees,
en hy is onbewus
dat die oë van die Here
tienduisend keer skerper is
as die son
wanneer hulle op al die paaie
van die mense neerkyk,
en in verborge plekke indring.

²⁰ Voordat alles geskep was,
was dit al aan Hom bekend,
so ook nadat dit voltooi was.

*23:17 Vir 'n ... soet: Spr 9:17

*23:18-19 Job 24:15; Spr 15:3,11; 24:12; Jes 29:15; Eseg 8:12

²¹ *So 'n owerspelige^c sal gestraf word
in die strate van die stad,
en hy sal gevang word
waar hy dit nie verwag het nie.

²² So sal dit ook gaan met 'n vrou
wat haar man verlaat het,
en 'n erfgenaam by 'n vreemde man
voortbring,

²³ *want eerstens was sy ongehoorsaam
aan die Wet van die Allerhoogste,
tweedens het sy 'n oortreding
teenoor haar man begaan,
en derdens het sy deur hoerery
owerspel gepleeg
en kinders by 'n vreemde man
voortgebring.

²⁴ Sy sal na 'n volksvergadering
geneem word,
en daar sal 'n ondersoek
van haar kinders geskied.

²⁵ Haar kinders sal nie wortel skiet,
en haar jong spruite
sal nie vrugte dra nie.

²⁶ Sy sal haar nagedagtenis

***23:21-22** Lev 18:20; 20:10; Deut 22:21-22

^c**23:21** So 'n owerspelige: Die bronteks lui “Hierdie” en dit verwys na die persoon wat in Sir 23:17 genoem is.

***23:23** Spr 2:17

as vloek agterlaat,
en haar oneer sal nie uitgewis word nie.
²⁷ *En diegene wat agtergelaat word,
sal weet dat niks beter is
as die ontsag vir die Here,
en dat niks soeter is
as om ag te slaan op die gebooie
van die Here nie.

24

Lof van Wysheid

¹ ^dWysheid sal haar^e eie^f lof besing,^g
en te midde van haar volk sal sy roem.

² In 'n volksvergadering
van die Allerhoogste
sal sy haar mond open
en voor sy mag sal sy roem:^h

³ ⁱ“Ek het uit die mond

*23:27 Spr 3:1-2; Pred 12:13; Sir 1:11-30; 46:10

^d24:1 'n Opskrif “Lof van wysheid” kom hier voor in sommige Griekse mss.

^e24:1 haar: Wysheid (*Sofia* in Grieks) word altyd in ‘n vroulike vorm aangedui.

^f24:1 eie: Letterlik ‘haar siel’.

^g24:1 besing: Die Vulgaat voeg hierna by “en sal in God verheerlik word”.

^h24:2 roem: Die Vulgaat voeg hierna in “en te midde van haar volk sal sy verhef word, en in die volle vergadering van die heiliges sal sy bewonder wees, en onder die menigte van die uitverkorenes sal sy lof ontvang, en onder die geseëdes sal sy geseën wees, terwyl sy sê:”

ⁱ24:3-34 Die Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 24:3-47.

*24:3-6 Spr 2:6; 8:22-36; Wys 7:24-25; Sir 1:1-4

van die Allerhoogste voortgekóm,^j
en soos 'n newel

het ek die aarde bedek.

⁴*Ek het in die hoogtes tent opgeslaan
en my troon was op 'n wolkpilaar.

⁵Ek alleen het in 'n kringloop
om die hemelboog beweeg,
en in die dieptes van onmeetlike
afgronde het ek gewandel.

⁶Oor die golwe van die see
en oor die hele aarde,
en oor elke volk en nasie
het ek beheer verkry.^k

⁷Hier het ek oral 'n rusplek gesoek;
in wie se erfdeel sal ek vertoef?

⁸Toe het die Skepper van alles
my beveel,
en Hy wat my geskep het,
het my tent neergesit^l
en gesê, 'Woon in Jakob,
en laat jou erfdeel in Israel wees.'^m

^j**24:3 voortgekóm:** Die Vulgaat voeg hierna by “eersgeborene voor alle skepping. Ek was werksaam in die hemele sodat onuitputlike lig kon ontstaan,”

^{*}**24:4** Eks 33:9-10; Wys 9:4

^k**24:6 verkry:** Die Vulgaat voeg hierna by “en in elke volk en in elke stam was ek hoog geëer. Met mag het ek geheers oor die harte van al wat verhewe of eenvoudig is.”

^l**24:8 het my tent neergesit:** Die Vulgaat lui “het my tent tot rus laat kom”.

^m**24:8 wees:** Die Vulgaat voeg hierna by “en plant jou wortels onder my uitverkorenes.”

⁹* Voor die ewigheid, van die begin af,
het Hy my geskep,
en tot in ewigheid sal ek beslis nie
tot 'n einde kom nie.

¹⁰ In 'n heilige tent het ek
voor Hom gedien,
en so is ek in Sion gevestig.

¹¹ In 'n geliefde stad het Hy my
so tot rus laat kom,
en in Jerusalem was my gesag.

¹² En ek het wortel geskiet
onder 'n geëerde volk;
in die deel van die Here is my erfdeel.ⁿ

¹³ Soos 'n seder is ek
in Libanon verhef,
en soos 'n sipres in die gebergtes
van Hermon.

¹⁴ Soos 'n dadelpalm
is ek in En-Gedi^o verhef
en soos oleanders^p in Jerigo,
soos 'n mooi olyfboom^q in die veld,
soos 'n plataan is ek verhef.^r

*24:9 Spr 8:22-31

ⁿ24:12 in die ... erfdeel: Die Vulgaat lui “in die deel van die Here, in sy erfdeel, en in die volle vergadering van die heiliges is my verblyf.”

^o24:14 En-Gedi: Die •bronteks lui “Aingada”.

^p24:14 oleanders: Immergroen sierstruik met wit, pienk of rooi blomme, Selonsroos.

^q24:14 olyfboom: Dit verwys waarskynlik na die aleppo-den; vgl 1 Kon 6:23.

^r24:14 plataan ... verhef: Die Vulgaat voeg hierna in “naby water, in die strate”.

¹⁵ *Ek was welriekend.

Soos kaneel en mirte^s vir spesery
en soos uitgesoekte mirre^t
het ek 'n geur versprei,
soos vinkel^u en skellak^v en harpuiolie,
en soos die rook van wierook in 'n tent.

¹⁶ Ek het soos 'n terebint^w

my takke uitgesprei
en my takke was takke van eer
en grasie.

¹⁷ Ek het soos 'n druiwestok

grasie voortgebring
en my blomme was die vrug
van eer en rykdom.^x

¹⁹ Kom na my toe,

***24:15** Eks 30:23-28,34-35

^s**24:15 mirte:** Word ook vertaal “kameeldoring”. Dit word egter tans aanvaar dat kameeldorings nie in Palestina voorgekom het nie.

^t**24:15 mirre:** Welriekende soort gomhars met bitter smaak wat verkry word van 'n struik wat in Arabië en Oos-Afrika voorkom, en as baie waardevol beskou is. Dit is as wierook gebrand, asook in medisyne, parfuums, olies en rome gebruik.

^u**24:15 vinkel:** Een van die ferula-plante waarvan die gom, wanneer dit gebrand word, die geur van ander bestanddele versterk.

^v**24:15 skellak:** Daar is onsekerheid oor die eiening van hierdie bestanddeel. Dit kan 'n sekere soort plant of die skulp van 'n weekdier wees.

^w**24:16 terebint:** 'n Palestynse boom met geveerde blare wat bladwisselend is en rooi bessies dra. Dit word ongeveer 5 m hoog.

^x**24:17 rykdom:** Sir 24:18 ontbreek hierna in sommige Griekse mss. Die Vulgaat lui hierna “Ek is die moeder van skone liefde en ontsag en erkenning en heilige hoop. In my is alle genade van weg en waarheid, in my alle hoop op lewe en krag.”

julle wat my begeer,
en word deur my opbrengs gevul.

²⁰ *Want die gedagte aan my^y
is soeter as heuning
en my erfdeel
soeter as 'n heuningkoek.

²¹ *Diegene wat my eet,
sal nog honger bly,
en diegene wat my drink,
sal nog dors bly.

²² Wie my gehoorsaam,
sal nie beskaamd word nie
en dié wat met my saamwerk,
sal nie sondig nie.”

²³ * Al hierdie dinge is die •boekrol
van die verbond
van die Allerhoogste God,
die Wet wat Moses julle beveel het
as erfdeel vir die samekomste^z
van Jakob.^a

*24:20 Ps 19:11

^y24:20 die ... my: Die Vulgaat lui “my leer”.

*24:21 Jes 55:1; Joh 4:10-14; 6:35

*24:23 Eks 24:7; Deut 33:4; Bar 4:1

^z24:23 samekomste: In Grieks *sunagoge*.

^a24:23 Jakob: Dit verwys hier na die volk Israel. Sir 24:24 ontbreek hierna in sommige Griekse mss. Die Vulgaat voeg hierna by “Hy het belowe aan Dawid, sy kind, om uit hom 'n baie sterk koning te verwek wat op die troon van glorie sal sit vir altyd.”

²⁵ *Die Wet wat die wysheid aanvul,
is soos die Pison en soos die Tigris
in tye van die eersteling;^b

²⁶ soos die Eufraat^c verskaf dit insig,
soos die Jordaan in tye
van die graanoes.

²⁷ Dit laat opvoeding skyn soos lig;^d
dit is^e soos die Gihon in oestye.

²⁸ Die eerste mens het haar^f
nie volkome geken nie,
en net so het die laaste een
haar nie deurgrond nie.

²⁹ Want haar gedagtes
word gevul uit die see,
en haar raad kom uit die groot,
onpeilbare diepte.^g

³⁰ “En ek is soos 'n kanaal uit 'n rivier,
en soos 'n akwaduk wat uitvloei

***24:25-27** Gen 2:11-14

^b**24:25 eersteling:** Dit verwys na die eerste graan of vrugte wat aan die begin van die oes aan God gewy is.

^c**24:26 Eufraat:** In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babilon en Assirië, vyande van Israel, gevloei.

^d**24:27 skyn soos lig:** Die Vulgaat lui “oorvloedig wees soos die Nyl”.

^e**24:27 dit is:** Die Vulgaat lui “en nuttig”.

^f**24:28 haar:** Vgl voetnoot in Sir 24:1.

^g**24:29 onpeilbare diepte:** In Grieks *abussos*. Die Vulgaat voeg hierna by “Ek, Wysheid, stort riviere uit.”

in 'n paradys.^h

³¹ Ek het gesê, 'Ek sal my tuin natlei,
en ek sal my beddings
deurdrenk laat word.'

En kyk, die kanaal het vir my
'n rivier geword,
en my rivier het 'n see geword.

³² Ek sal steeds opvoeding laat skyn
soos die dagbreek,
en ek sal dit aan die lig bring
tot aan die uiteindes.

³³ Ek sal steeds onderrig
soos profesie uitgiet,
en sal dit agterlaat vir geslagte
deur die eeue.

³⁴ Neem kennis dat ek nie slegs
vir myself geswoeg het nie,
maar vir almal wat haarⁱ naspeur.”

25

^{1j}“Ek was in drie opsigte pragtig,
en ek het lieflik voor die Here
en die mense opgestaan:
eensgesindheid tussen broers
en vriendskap tussen bure,
en 'n vrou en 'n man wat gelukkig

^h24:30 paradys: Die woord in Grieks verwys ook na 'n tuin.

ⁱ24:34 haar: Vgl voetnoot in Sir 24:1.

^j25:1-26 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 25:1-36.

met mekaar saam leef.

²*Maar daar is drie soorte mense
wat ek^k haat,
en ek word hewig ontstel
deur hulle lewenswyse:
'n arm man wat verwaand is,
'n ryk man wat 'n leuenaar is,
en 'n dwase ou man wat 'n egbreker is. ”

³As jy in jou jeug
nie bymekaargemaak het nie,
hoe sal jy dan op jou oudag iets vind?

⁴*Hoe lieflik is goeie oordeel
by grysaards
en om wyse raad te herken
by ouer mans.

⁵Hoe lieflik is die wysheid
van ouer persone,
en denke en raad
by geëerde persone.

⁶Ryke ervaring is die kroon
van ouer persone
en hulle roem is ontsag vir die Here.

⁷Nege dinge ag ek gelukkig
in my hart om te bedink

*25:2 Sir 42:8

^k25:2 ek: Letterlik 'my siel'. Die mens se bewuste, innerlike self.

*25:4 Job 32:7; Spr 16:31

en 'n tiende sal ek
met my tong uitspreek:

'n mens wat hom verheug
oor kinders,

'n mens wat leef en die val
van sy vyande aanskou.

⁸ Gelukkig is hy wat woon
saam met 'n verstandige vrou,
wat nie met sy tong struikel nie,
en wat nie 'n slaaf geword het
van iemand wat hom
onwaardig is nie.

⁹ Gelukkig is hy wat insig gevind het,
en wat dit meedeel aan diegene
wat luister.

¹⁰ Hoe groot is iemand
wat wysheid vind,
maar daar is niemand bo die een
wat ontsag het vir die Here nie.

¹¹ *Ontsag vir die Here oortref alles;
hy wat dit besit, met wie
sal hy vergelyk word?¹

¹³ Alle verwonding, maar net nie
'n verwonding van die hart nie!
Alle boosheid, maar net nie
die boosheid van 'n vrou nie!

*25:11 Sir 40:26-27

¹25:11 word: Sir 25:12 ontbreek hierna in sommige Griekse mss.

¹⁴ Alle ellende, maar net nie
die ellende van diegene wat haat nie!

Alle wraak, maar net nie
die wraak van vyande nie!

¹⁵ Daar is geen kop erger
as die kop van 'n slang nie,
ook is daar geen woede erger
as die woede van 'n vyand^m nie.

¹⁶ Ek sal tevrede wees om met 'n leeu
en 'n draak saam te woon,
eerder as om met 'n bose vrou
saam te woon.

¹⁷ Die boosheid van 'n vrou
verander haar voorkoms
en dit verdonker haar gesig
soos dié van 'n beer.

¹⁸ Tussen sy bure sal haar man
gaan aanleun vir ete,ⁿ
en onwillekeurig oor bitter sake sug.

¹⁹ * Alle boosheid is klein
teenoor die boosheid van 'n vrou;
mag die lot van 'n sondaar haar oorval.

²⁰ 'n Sanderige helling vir die voete
van 'n ouer persoon,
so is 'n praatsieke vrou

^m25:15 vyand: Ander vertaal “vrou” op grond van ander mss.

ⁿ25:18 aanleun vir ete: Mense het in Bybelse tye met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

*25:19 1 Kon 21:5

vir 'n saggearde man.

²¹ Moenie val vir die skoonheid

van 'n vrou nie,

en moenie 'n vrou begeer nie.

²² Woede en skaamteloosheid

en 'n groot skande

veroorzaak 'n vrou

as sy haar man onderhou.^o

²³ 'n Terneergedrukte hart,

'n somber voorkoms,

en 'n verwonding van die hart

is 'n bese vrou.

Slap hande en lam knieë

word veroorsaak

deur die vrou wat nie haar man

gelukkig maak nie.

²⁴ *By 'n vrou lê die begin van sonde,

en vanweë haar sterf ons almal.

²⁵ Moenie aan water 'n uitloop gee nie,

ook nie vryheid van spraak

aan 'n bese vrou nie.

²⁶ As sy nie optree volgens

jou voorskrifte^p nie,

sny haar af van jou vlees en bloed.

^o**25:22 as ... onderhou:** In 'n patriargale gemeenskap was 'n vrou nie veronderstel om vir haar man te sorg nie.

***25:24** Gen 3:1-6; 2 Kor 11:3

^p**25:26 voorskrifte:** Letterlik 'hande'.

26

¹ *Gelukkig is die man van 'n goeie vrou
en dubbel is die getal van sy dae.

² 'n Moedige^q vrou bring vreugde
vir haar man,
en hy sal sy jare in vrede voltooi.

³ *'n Goeie vrou is 'n goeie erfdeel;
sy sal as 'n erfdeel gegee word
aan wie ontsag het vir die Here.^r

⁴ *'n Goeie hart, by ryk of arm,
vertoon altyd 'n vriendelike gesig.

⁵ ^sVir drie dinge is my hart versigtig,
en in die aangesig van 'n vierde
het ek gebid:

die naamskending van 'n stad,
die byeenkoms van 'n gepeupel,
en 'n vals beskuldiging —
alles mistroostiger as die dood.

⁶ 'n Pyn in die hart en verdriet
is 'n vrou wat op 'n ander vrou
jaloers is,

*26:1 Spr 18:22; Sir 25:8

^q26:2 **Moedige:** Daar is woordspel in Grieks tussen die woorde vir “moedig” (*andreia*) en “man” (*aner*.)

*26:3 Sir 36:22-24

^r26:3 **Here:** Die Vulgaat voeg by “en vir 'n man wat goed doen.”

*26:4 Sir 13:26

^s26:5-29 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 26:5-28.

en 'n geselende tong^t
is sy wat met almal praat.

⁷'n Skawende juk vir osse
is 'n bouse vrou;
wie haar bekom, is soos iemand
wat 'n skerpioen vang.

⁸'n Groot ergernis
is 'n besope vrou;
sy kan haar skandalige optrede
nie verberg nie.

⁹* Die hoerery van 'n vrou
lê in haar fladderende oë,
en 'n mens herken dit
aan haar ooglede.

¹⁰* Oor 'n eiesinnige dogter,
versterk jou waaksaamheid,
sodat sy nie haar vryheid ontdek,
en dit gebruik nie.

¹¹ Vir haar skaamtelose oog
moet jy op jou hoede wees,
en moenie verbaas wees
as sy jou verontagsaam nie.

¹² Soos 'n reisiger wat dors het,
sy mond sal oopmaak
en van enige water drink

^t26:6 tong: Die tong word geassosieer met spraak.

*26:9 Spr 6:25

*26:10 Sir 42:11

wat naby is,
sal sy teenoor enige paal sit
en sy sal die pylkoker oopmaak
vir die pyl.

¹³ *'n Vrou se sjarme
sal haar man plesier verskaf,
en haar vaardigheid
sal vet aan sy beendere sit.

¹⁴ 'n Gawe van die Here
is 'n swygsame^u vrou,
en daar is geen plaasvervanger
vir haar gedissiplineerde^v
lewe^w nie.

¹⁵ Genade op genade is 'n beskeie vrou,
en niks weeg op teen haar lewe
van selfbeheersing nie.

¹⁶ Die son kom op in die hoogtes
van die Here,
en die skoonheid^x van 'n goeie vrou
is 'n ornament in haar huis.

¹⁷ 'n Lamp skyn
op 'n heilige staander,

*26:13-18 Spr 14:1; 15:30; 31:10-31

^u26:14 swygsame: Die Vulgaat lui “begaafde en swygsame”.

^v26:14 gedissiplineerde: Die Griekse werkwoord *paideuō* kan benewens ‘opvoed, onderrig’ ook ‘dissiplineer, tugtig’ beteken; •Opvoed.

^w26:14,15 lewe: Letterlik ‘siel’. Dit verwys hier na die mens in sy totale bestaan.

^x26:16 Die son ... skoonheid: Die Vulgaat lui “Soos die son opkom vir die wêreld in die hoogtes van die Here, so is die skoonheid ...”.

en skone voorkoms

op 'n rype ouderdom.^y

¹⁸ Goue pilare staan^z

op 'n silwer basis,

en pragtige bene

op stewige voete.^{ab}

²⁸ Deur twee dinge

is my hart gegrief,

en deur 'n derde

het woede oor my gekom:

'n soldaat wat tekort het

en daarom gebrek ly,

en verstandige mans

as hulle misken word;

'n persoon wat hom

van regverdigheid tot sonde keer —

die Here sal hom vir die swaard

voorberei.*

²⁹ 'n Handelaar sal met moeite

van foute verlos word,

en 'n verkoopsman sal nie

van sondes geregverdig word nie.

^y**26:17 op 'n rype ouderdom:** Word ook vertaal “op 'n statige gestalte”.

^z**26:18 staan:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^a**26:18 voete:** Die bronteks lui “borste”. Ander betroubare mss lui “voete”.

^b**26:18 voete:** Sir 26:19-27 ontbreek hierna in die bronteks en die Vulgaat.

^{*}**26:28 'n persoon ... voorberei:** Eseg 18:24

27

¹* Baie mense het gesondig
ter wille van geld,
en hy wat daarna streef
om meer te bekom,
sal sy oog wegdraai.

²In die nate tussen stene
sal 'n pen ingekap word,^c
en tussen koop en verkoop
kan sonde as wig ingeslaan word.

³^dAs iemand in sy ontsag vir die Here
nie sterk is nie,
sal sy huis gou-gou omvergewerp word.

⁴* Met die skud van 'n sif bly kaf agter,
so ook die onsin
in 'n mens se redenasie.

⁵*^fn Oond toets 'n pottebakker se potte,
en die toets van 'n mens
lê in sy^e oorlegpleging.

*27:1 Spr 30:7-9; Sir 7:18; 31:5-6

^c27:2 In ... ingekap word: Kan verwys na die slaan van 'n bres in 'n stadsmuur tydens 'n aanval.

^d27:3-30 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 27:3-33.

*27:4-7,11-15 Sir 20:1-8,18-20; 22:27 — 23:15.

*27:5 1 Pet 1:7

^e27:5 en die ... sy: Die Vulgaat lui “en die toets van regverdige mense lê in hulle”.

⁶ * Soos sy vrug die versorging
van 'n boom toon,
so toon redenasie die gedagtes
van 'n mens se hart.

⁷ Moenie 'n mens se lof besing
voordat hy argumenteer nie,
want dit is die toets vir mense.

⁸ As jy nastreef wat regverdig is,
sal jy dit vasgryp,
en aantrek soos 'n eervolle lang kleed.

⁹ Voëls sal neskop
met hulle eie soort,
en die waarheid sal terugkeer
na hulle wat dit beoefen.

¹⁰ 'n Leeu lê en wag op sy prooi,
so ook die sonde op hulle
wat onreg pleeg.

¹¹ * Die betoog van 'n godvresende
is altyd een van wysheid,
maar die dwaas verander
soos die maan.

¹² Beperk jou tyd
saam met onverstandiges,
maar gaan ongestoord voort
saam met denkendes.

*27:6 Matt 7:16-18; 12:33; Luk 6:44

*27:11 Sir 5:10

¹³ Die betoog van dwases gee aanstoot,
en hulle gelag is in sondige
ligsinnigheid.

¹⁴ *Die taal van mense wat baie vloek,
laat die hare rys,
en hulle gestry laat mense
hulle ore toestop.

¹⁵ *Bloedvergieting volg uit die gestry
van die verwaandes,
en hulle skeltaal is onaangenaam
om aan te hoor.

¹⁶ *Wie geheime verklap,
vernietig vertroue,
en sal beslis nie 'n sielsgenoot vind nie.

¹⁷ Bewys aan 'n vriend toegeneentheid
en wees getrou aan hom,
maar as jy sy geheime verklap,
moet jy nie agter hom aanloop nie.

¹⁸ Want net soos 'n mens
sy vyand^f vernietig,
so het jy die vriendskap
van jou buurman vernietig.

¹⁹ En net soos jy 'n voël vrygelaat het

*27:14 Sir 23:9-11

*27:15 Sir 22:4

*27:16-21 Spr 11:13; 20:19; 25:9-10; Sir 19:8; 22:22

^f27:18 vyand: Die •bronteks lui “lyk” wat nie sin maak nie. Ander mss lui “vyand”.

uit jou hand,
so het jy jou buurman vrygelaat
en jy sal hom nie weer vang nie.

²⁰ Moet hom nie agtervolg nie,
want hy het ver weg gegaan,
en hy het ontvlug soos 'n bok
uit 'n valstrik.

²¹ Omdat dit moontlik is om 'n wond
te verbind,
is daar ook versoening vir beledigings,
maar hy wat geheime verklap het,
is sonder hoop.

²² Hy wat met die oog knik,^g
beraam bose dade
en niemand sal hom keer
om dit te doen nie.

²³ *Voor jou oë sal hy sy mond
soet maak,
en oor jou woorde sal hy
verstom wees,
maar later sal hy sy mond
anders draai
en met jóú woorde aanstoot gee.

²⁴ *Ek het baie dinge gehaat,

^g**27:22 oog knik:** Om met 'n oog te knik, het beteken om iets onderduims te doen;
vgl Spr 6:12-13.

***27:23** Spr 26:24-28

***27:24** Spr 6:16-19

en ek het nie soos hy geword nie,
en die Here sal hom haat.

²⁵ *Hy wat 'n klip hoog
in die lug opgooi, gooi dit
op sy eie kop,
en 'n listige hou sal wonde
weer oopmaak.

²⁶ Hy wat 'n gat grawe,
sal daarin val
en hy wat 'n valstrik stel,
sal daarin gevang word.

²⁷ Hy wat bose dinge doen —
dit sal na hom terugslaan,
en hy sal glad nie agterkom
waarvandaan dit oor hom kom nie.

²⁸ Koggelry en belediging
hoort by 'n verwaande mens,
en wraak, soos 'n leeu,
sal vir hom lê en loer.

²⁹ Hulle wat verheug is oor die val
van godvresende mense,
sal in 'n valstrik gevang word,*
en verdriet sal hulle verteer
voor hulle dood.

³⁰ Nog afskuwelikhede
is woede en toorn,

*27:25-27 Ps 7:16; Spr 26:27; Pred 10:8

*27:29 sal in ... word: Ps 9:16

en 'n sondige mens sal dit besit.

28

¹ *Wie wraak neem, sal die wraak
van die Here ondervind,
en Hy sal beslis sy sondes
in ag neem.

² *Vergewe jou buurman 'n oortreding,
en dan, wanneer jy bid,
sal jou sondes vergewe word.

³ *'n Mens koester woede
teenoor 'n ander mens,
maar bly hy tog op soek
na genesing van die Here?

⁴ Hy betoon nie genade
vir 'n mens soos hyself nie,
maar bid hy tog vir sy eie sondes?

⁵ As hy, wat self vlees is,
vashou aan die woede,
wie sal versoening doen^h
vir sy sondes?

⁶ ⁱ*Dink aan die eindtye,
en staak jou vyandskap;

*28:1 Deut 32:35; Spr 20:22; Rom 12:10

*28:2 Matt 6:12,14; Mark 11:25

*28:3 Ps 30:3; Matt 18:23-35

^h28:5 **wie ... doen:** Die Vulgaat lui “sal hy versoening vra van God”.

ⁱ28:6-26 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 28:6-30.

*28:6 Sir 7:36; 38:20

dink aan verganklikheid en dood,
en bly binne die gebooie.

⁷ Dink aan die gebooie
en moenie 'n grief koester
teenoor jou naaste nie,
en dink aan die verbond
van die Allerhoogste
en sien onkunde^j oor.

⁸ Hou op rusie maak
en jy sal sondes verminder,
want 'n mens wat kort van draad is,
sal rusie aanvuur,

^{9*} en 'n sondige mens
sal sy vriende ontstel,
en onder mense wat vreedsaam verkeer,
sal hy tweedrag saai.

^{10*} Soveel hout as wat daar
in 'n vuur is,
so sal dit brand,
en soveel hardkoppigheid
as wat daar in 'n twis is,
so sal dit erger word;
en soveel krag as wat daar
in 'n mens is,
so sal sy woede wees;

^j28:7 onkunde: Die Vulgaat lui “die onkunde van jou naaste”.

*28:9 Spr 15:18

*28:10-11 Spr 26:20-21; Sir 22:24

en so groot as wat sy rykdom is,
so sal sy gramskap vermeerder.

¹¹ 'n Twis wat aangehits word,
stook 'n vuur
en 'n stryd wat aangehits word,
vergiet bloed.

¹² As jy 'n vonk aanblaas,
sal dit opvlam
en as jy daarop spoeg,
sal dit geblus word —
tog kom beide voort
uit jou mond.

¹³ *Vervloek 'n naamskender
en een wat met twee tonge praat,
want hy het baie mense
wat in vrede leef, vernietig.

¹⁴ 'n Derde tong^k het baie mense
al ontstel,
en hulle van nasie tot nasie verstrooi,
en sterk stede verwoes,
en die huise van maghebbers omgekeer.

¹⁵ 'n Derde tong het moedige* vroue
uitgewerp,
en hulle take van hulle weggeneem.

¹⁶ Wie hom daaraan skuldig maak,

*28:13 Sir 5:13-15

^k28:14 Derde tong: 'n Tegniiese term vir die tong van die lasteraar.

*28:15 moedige: Tob 6:12; Sir 26:2

sal beslis nie rus vind nie;
ook sal hy nie rustig tent opslaan nie.

¹⁷ 'n Sweepslag veroorsaak 'n wond,
maar die slag van die tong
sal bene breek.

¹⁸ *Baie mense het al geval
deur die snykant van 'n dolk,
maar nie so baie soos dié
wat deur 'n tong tot 'n val
gekom het nie.

¹⁹ Gelukkig is die een
wat van die tong bewaar is,
wat nie sy woede ervaar het nie,
wat nie in sy juk getrek het,
en in sy kettings nie vasgemaak is nie.

²⁰ Want die tong se juk
is 'n juk van yster,
en sy kettings is kettings van brons.

²¹ 'n Erge dood is die dood
wat hy bring,
en Hades¹ is verkieslik bo hom.

²² Hy sal nooit oor godvresende
mense heers nie,
en in sy vlam
sal hulle nie verbrand nie.

²³ Hulle wat die Here verlaat,

*28:18 Spr 18:21; Sir 5:13; Jak 3:5-6

¹28:21 Hades: Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

sal daarin val,
en die vlam sal in hulle binneste
brand, en nooit geblus word nie.
Die tong^m sal agter hulle aan
gestuur word soos 'n leeu,
en soos 'n luiperd hulle vermink.
²⁴ *Kyk! Omhein jou eiendom
met doringtakke,
sluit toe jou silwer en goud,
²⁵ en maak vir jou woorde
'n weegskaal en 'n gewig,
en vir jou mond 'n hek en 'n grendel.
²⁶ *Pasop dat jy nie met die tongⁿ
fouteer nie;
moenie voor iemand val wat lê en wag nie.

29

^{1 o*}Wie barmhartigheid beoefen,
sal aan sy naaste geld leen,
en hy wie se hand sterk is,
kom die gebooie na.

² Leen aan 'n naaste

^m**28:23 Die tong:** Letterlik 'Hy'.

***28:24** Ps 141:3; Sir 22:27

***28:26** Sir 25:8

ⁿ**28:26 met die tong:** Letterlik 'daarmee'.

^o**29:1-28** Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 29:1-35.

***29:1-2** Eks 22:25-26; Lev 25:35-38; Deut 15:8; Ps 37:26; 112:5; Spr 19:17; Matt 5:42

in sy tyd van nood,
maar dan ook, betaal 'n naaste
terug op die regte tyd.

³ Bevestig jou woord
en wees daaraan getrou,
en jy sal by elke geleentheid
vind wat jy nodig het.

⁴ Baie mense beskou 'n lening
as 'n meevaller
en hulle maak dit moeilik
vir diegene wat hulle gehelp het.

⁵ Totdat hy dit in ontvangs neem,
sal hy die uitlener^p se hande soen,
en oor sy naaste se geld
sal hy sy stem verlaag;^q
maar op die tyd om terug te betaal,
stel hy die tydstop van terugbetaling uit,
en sal hy met ongeërgde woorde
terugbetaal, en die tyd blameer.

⁶ As hy daartoe in staat is,
sal die uitlener^r nouliks
die helfte terugkry,
en dit as 'n meevaller beskou,
maar indien nie, is hy
van sy geld beroof,

^p29:5 die uitlener: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^q29:5 stem verlaag: 'n Teken van onderdanigheid.

^r29:6 die uitlener: Letterlik 'hy'.

en onnodig van hom 'n vyand gemaak;
met vervloekings en beledigings

sal die uitlener^s hom terugbetaal,
en in plaas daarvan om uit te leen,
sal hy hom met oneer terugbetaal.

⁷ Baie het geweier om uit te leen^t —
nie as gevolg van gemeenheid nie,
maar omdat hulle bang was
om onverdiend beroof te word.

⁸ Nietemin, wees geduldig
met 'n arm persoon
en moet hom nie laat wag
vir aalmoese nie.

⁹ *Help 'n arm man in nood
ter wille van die gebod,
en volgens sy behoefte moet jy hom
nie met leë hande wegstuur nie.

¹⁰ Verloor geld ter wille van
'n broer en 'n vriend,
en laat dit nie onder 'n klip verroes
en tot niet gaan nie.

¹¹ Gee jou skatte weg
ooreenkomstig die geboie

^s29:6 die uitlener: Letterlik 'hy'.

^t29:7 om ... leen: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*29:9-12 Lev 19:9-10; 19:21; Tob 4:7-11; Sir 3:30; 4:1-6; 17:22; Matt 6:19-21; Luk 12:33; 18:22

van die Allerhoogste,
en dit sal vir jou tot meer voordeel
wees as goud.

¹² Versamel aalmoese in jou skatkamers,
en dit sal jou bewaar van elke onheil.

¹³ Meer as 'n sterk skild
en meer as 'n swaar spies
sal dit namens jou teen die vyand veg.

¹⁴ *'n Goeie mens sal borg staan
vir sy naaste,
maar hy wat sonder skaamte is,
sal hom versaak.

¹⁵ Moenie die goedgunstigtheid
van iemand wat borg staan,
vergeet nie,
want hy het homself
ter wille van jou gegee.

¹⁶ 'n Sondaar sal die eiendom
van 'n borg vernietig
en 'n ondankbare persoon
sal doelbewus die een
wat hom gered het, versaak.

¹⁷ Borgskappe het baie mense
wat voorspoedig was, verwoes,
en het hulle rondgekommel
soos 'n golf van die see.

*29:14 Spr 6:1-5; Sir 8:13

¹⁸ *Dit het magtige persone
in ballingskap gestuur
en hulle het onder vreemde nasies
gedwaal.

¹⁹ 'n Sondaar sal in die valstrik
van borgskap trap,
en terwyl hy woekerwins najaag,
sal hy in hofsake verval.

²⁰ Help jou naaste volgens jou vermoë,
en let op jouself dat jy nie val nie.

²¹ *Die basiese behoeftes van die lewe
is water en kos en kleding,
en 'n huis wat naaktheid verberg.

²² *Beter is die lewe van 'n arme
onder die beskutting van balke
as feestelike kos onder vreemdelinge.

²³ Wees vergenoeg met tekorte
en oorvloed,
en jy sal nooit die belediging hoor
dat jy 'n bywoner^u is nie.

²⁴ Dit is 'n slegte lewe
om van huis tot huis te trek
en waar jy 'n bywoner is,

*29:18 Spr 6:1-2; 11:15

*29:21 Sir 39:26

*29:22 Sir 40:29

^u29:23 bywoner: 'n Persoon wat nie 'n burger van die land is nie, maar as ondergeskikte by iemand verblyf het.

nie jou mond te mag oopmaak nie.

²⁵ Jy sal mense gasvry ontvang
en drank verskaf sonder dank,
en op die koop toe
sal jy bitter woorde hoor:

²⁶ “Kom hierlangs, bywoner,
berei die tafel voor,
en as daar iets in jou hand is,
voed my.

²⁷ Gaan weg voor my, bywoner —
ek is 'n persoon van aansien;
my broer kom my as gas besoek,
ek het die huis nodig.”

²⁸ Hierdie dinge is swaar
vir 'n gevoelige mens —
kritiek oor vreemdelingskap^v
en beledigings van 'n geldskierter.

30

¹ *Wie sy seun liefhet,
sal hom gereeld straf,
sodat hy aan die einde bly sal wees.

² Hy wat sy seun opvoed,
sal oor hom gelukkig wees,
en onder bekendes oor hom spog.

³ Hy wat sy seun onderrig,
sal sy vyand jaloers maak

^v29:28 oor vreemdelingskap: Letterlik ‘oor die huishouding’.

*30:1-3 Spr 15:20; 23:13,24; 29:15; Heb 12:7

en voor vriende sal hy oor hom jubel.

⁴ Die vader het gesterf,
maar dit is asof hy nie doodgegaan
het nie,
want hy het iemand agtergelaat
soos hyself.

⁵ In sy lewe het hy gesien
en was hy verheug,
en aan sy einde het hy
nie droefheid ervaar nie.

⁶ Teen vyande het hy
'n wreker agtergelaat,
maar vir vriende een
wat hulle 'n guns terugbewys.

⁷ Wie sy seun pamperlang,
sal sy wonde verbind,
en met elke kreet sal sy ingewande
ontroer word.

⁸ 'n Perd wat nie ingebreek is nie,
word steeks,
en 'n seun wat vrye teuels kry,
word onhanteerbaar.

⁹ Bederf 'n kind,
en hy sal jou terroriseer;
speel met hom,
en hy sal jou pyn aandoen.

¹⁰ Moenie saam met hom lag nie,
sodat julle nie saam ly nie;
aan die einde sal jy op jou tande kners.

¹¹ Moet hom nie vrye teuels gee
in sy jeug nie.

¹² Slaan sy sye terwyl hy jonk is,
sodat hy nie ongehoorsaam is
in sy hardkoppigheid nie.

¹³ Voed jou seun op
en werk saam met hom,
sodat jy nie deur sy skandalige
optrede aanstoot neem nie.

¹⁴ Beter is 'n arm, gesonde mens
wie se gestel sterk is,
as 'n ryke wat in sy liggaam gekasty is.

¹⁵ Gesondheid en energie is beter
as alle goud,
en 'n sterk liggaam
as grenslose rykdom.

¹⁶ Daar is geen rykdom beter
as 'n gesonde liggaam nie,
en daar is geen vreugde groter
as die vreugde van die hart nie.

¹⁷ * Dood is beter as 'n bitter lewe,
en ewige rus as kroniese siekte.

¹⁸ * Goeie dinge wat op 'n geslote mond
uitgegiet word,
is spysoffers wat op 'n graf

* **30:17** Pred 4:2; Sir 41:2

* **30:18** Tob 4:17

geplaas word.

¹⁹ ^wVan watter waarde

is 'n offer vir 'n afgod?

Want hy sal tog nie kan ruik of eet nie.

So is hy wat deur die Here

vervolg word.

²⁰ Hy wat met die oog sien en sug,

is soos 'n eunug^x wat 'n maagd

omhels en sug.

²¹ *Moenie jou siel^y bedroef nie,

en moenie jouself met jou eie raad

in die noute bring nie.

²² Hartsvreugde is die lewe vir 'n mens,

en uitbundige vreugde is vir 'n man

verlenging van dae.

²³ *Verlei jou siel^z en troos jou hart,

en verwyder verdriet ver van jou.

Want verdriet het baie mense verwoes,

en daar is geen voordeel daarin nie.

²⁴ Jaloesie en woede verkort jou dae,

en voortydig bring sorge

die ouderdom mee.

^w**30:19-25** Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 30:19-27

^x**30:20 eunug:** 'n Ontmante haremopsigter of hofamptenaar wat veral in 'n paleis werksaam was; •Kamerheer.

***30:21-22** Spr 12:25; 15:13; Pred 11:9-10

^y**30:21 siel:** Die mens se gemoed met sy emosies en stemminge.

***30:23** Sir 38:18-19

^z**30:23 siel:** Die mens se bewuste, innerlike self.

²⁵ *Die een met 'n opgewekte
en goeie hart by maaltye
sal homself so versorg met voedsel.

31

¹ *Slapeloosheid oor rykdom
laat die liggaam kwyn,
en bekommernis daaroor
hou die slaap weg.

² Bekommernis oor slapeloosheid
sal die vaak verdryf,
en 'n ernstige siekte
sal die slaap weghou.

³ *'n Ryke werk hard
om besittings te versamel,
en wanneer hy rus,
vul hy homself met lekkernye.

⁴ 'n Arme werk hard
vir 'n karige bestaan,
en wanneer hy rus, ly hy gebrek.

⁵ Hy wat goud liefhet,
sal nie geregverdig word nie,
en hy wat geld najaag,
sal daardeur verlei word.

⁶ *Baie mense is uitgelewer aan

*30:25 Spr 15:15

*31:1-11 Matt 6:25-34

*31:3 Sir 11:18-19

*31:6 Sir 8:2

ondergang as gevolg van goud,
en hulle vernietiging
het reg voor hulle oë plaasgevind.

⁷ Dit is 'n struikelblok vir diegene
wat versot is daarop,
en elke dwaas sal daardeur
gevangene geneem word.

⁸ * Gelukkig is 'n ryke
wat onberispelik is,
en wat nie goud najaag nie.

⁹ Wie is hy? Ons sal hom inderdaad
gelukkig noem,
want hy het wonderlike dade verrig
onder sy volk.

¹⁰ Wie is daardeur getoets
en volmaak bevind?
Dit sal vir hom 'n rede tot roem wees.

Wie was ooit in die posisie
om te oortree,
en het nie oortree nie,
en om kwaad aan te rig,
en het dit nie gedoen nie?

¹¹ * So iemand se goeie dade
sal bevestig word,
en 'n volksvergadering
sal sy aalmoese vermeld.

* **31:8** Sir 5:1,8

* **31:11** Spr 29:4; Sir 39:10; 44:15

^{12 a}Het jy al jou plek ingeneem

by 'n ryk gevulde tafel?

Moenie daaroor grootpraat nie,^b

en moenie sê, “Daar is voorwaar

baie dinge op!” nie.

¹³ Onthou dat 'n bose oog^c iets slegs is;

wat is boser geskep as die oog?

Daarom stroom trane teen elke gesig af.

¹⁴ Wat jy ook al sien,

moenie jou hand daarna uitsteek nie,

en moet dit nie saam met iemand

in die skottel steek nie.

¹⁵ Dink oor die sake van jou naaste

asof dit joune is,

en wees deurdag oor elke saak.

^{16 *} Eet wat aan jou voorgesit word

soos 'n mens,

en moet dit nie verslind nie,

sodat jy nie verafsku word nie.

^{17 *} Wees die eerste om op te hou eet

op grond van jou opvoeding,

en moet jou nie ooreet nie,

^a**31:12-31** Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 31:12-42.

^b**31:12 Moenie ... grootpraat nie:** Letterlik ‘moenie jou keel daarvoor oopmaak nie’.

^c**31:13 bose oog:** In die antieke wêreld was die bygeloof in die skadelike invloed van die “bose oog” wydverspreid. Allerlei amulette is gebruik om dit af te weer; vgl Sir 14:8-10; Matt 6:23.

***31:16** Spr 23:1-2

***31:17** Sir 37:29-31

sodat jy nie aanstoot gee nie.

¹⁸ As jy tussen baie mense sit,
moenie jou hand uitsteek
voordat hulle dit doen nie.

¹⁹ *Vir die opgevoede mens
is min ook genoeg
en op sy bed snak hy
nie na sy asem nie.

²⁰ Gesonde slaap kom deur 'n maag
wat matig gevul is.
So iemand staan vroeg op
en sy siel voel verfris.^d

Die ongerief van slapeloosheid
en naarheid en koliek vergesel
die mens wat hom ooreet.

²¹ Indien jy wel deur die kos
oorweldig word, staan op,
gaan 'n ent weg en gooi op,
en jy sal verligting ervaar.

²² Luister na my, kind,
en moet my nie minag nie;
aan die einde sal jy wel
my woorde verstaan.^e
Wees vaardig in al jou werk,
dan sal geen siekte jou ooit oorval nie.

*31:19 Pred 5:11

^d31:20 sy ... verfris: Letterlik 'sy siel saam met hom'.

^e31:22 verstaan: Letterlik 'vind'.

²³ *Lippe sal dié mens prys
wat vrygewig is met kos,
en betroubaar is die getuienis
oor sy voortreflikheid.

²⁴ Die stad sal murmureer oor hom
wat suinig is met kos,
en betroubaar is die getuienis
oor sy gemeenheid.

²⁵ *Moenie met wyn manhaftig
wees nie,
want wyn het al baie mense vernietig.

²⁶ 'n Oond toets staal^f
as dit daarin gestek word;
so toets wyn harte
wanneer oormoediges baklei.

²⁷ *Wyn is soos lewe vir 'n mens,
as jy dit matig gebruik.

Wat is die lewe vir diegene
wat 'n tekort aan wyn het?

Dit is geskep om vir mense
vreugde te bring.⁸

²⁸ Daar is hartsverblyding
en sielevreugde

***31:23** Spr 22:9

***31:25-31** Spr 20:1; 23:29-35

^f**31:26** staal: Sommige mss lui “mond”.

***31:27** Ps 104:15; Pred 10:19; 1 Tim 5:23

⁸**31:27** Dit is ... bring: Ps 104:15.

wanneer genoeg wyn op die gepaste tyd
gedrink word.

²⁹ Daar is sielsbitterheid

wanneer baie wyn gedrink word,
te midde van getwis en konflik.

³⁰ *Dronkenskap vergroot 'n dwaas
se woede, tot sy eie skade,
aangesien dit 'n mens verswak
en beserings meebring.

³¹ *Moenie jou naaste berispe
by 'n wynbanket^h nie,
en moet hom nie verag
in sy vreugde nie.

Moenie 'n smalende woord
tot hom rig nie,
en moet hom nie onder druk plaas
met eise nie.

32

¹ ⁱHet hulle jou as banketleier
aangestel?

Moet jouself nie verhef nie,
wees onder hulle soos een van hulle,
bedien hulle en gaan sit dan.

*31:30 Spr 23:29-35

*31:31 Sir 22:22

^h31:31 wynbanket: In Grieks *sumposium*.

ⁱ32:1-24 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 32:1-27.

² *En wanneer jy al jou tafelpligte
nagekom het,
leun dan aan tafel aan,^j
sodat jy oor hulle vrolik kan wees,
en op grond van jou suksesvolle
optrede 'n krans kan ontvang.

³ Spreek, oudste
— want dit is vir jou gepas —
met noukeurige kennis,
en moenie die musiek stil maak nie.

⁴ Waar daar 'n uitvoering is,
moet jy nie baie praat nie,
en moenie ontydig probeer
gevat wees nie.

⁵ *'n Seël van •robyn^k
op 'n goue ornament,
is 'n musiekuitvoering
by 'n wynbanket.

⁶ 'n Seël van •smarag^l
in 'n goue omhulsel,
is 'n melodie van instrumente^m

*32:2 Spr 3:4

^j32:2 leun ... aan: Mense het in Bybelse tye met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

*32:5 Sir 49:1

^k32:5 robyn: Kan ook vertaal word “granaat”; •Edelstene.

^l32:6 smarag: Edelstene.

^m32:6 melodie van instrumente: Kan ook vertaal word “melodie van musikante”.

saam met soet wyn.

⁷ *Spreek, jeugdige,
as jy dit nodig vind,
en hoogstens 'n tweede keer
as jy gevra word.

⁸ Vat jou rede in hoofsake saam;
sê baie met min woorde.

Wees soos een wat kennis het
maar terselfdertyd tog swyg.

⁹ Moenie te midde van die maghebbers
soos hulle gelyke optree nie,
en as 'n ander praat, moet jy nie
allerhande aanmerkings maak nie.

¹⁰ Voor die donderweer flits die weerlig
skielik neer,
en innemendheid sal 'n beskeie mens
vooruitloop.

¹¹ Staan betyds op
en moenie laaste in die ry wees nie;
keer huiswaarts en moenie talm nie.

¹² Tuis kan jy ontspan
en doen wat jou hart begeer,
maar moenie sondig
deur grootpraterij nie.

¹³ En prys boonop die Een
wat jou gemaak het,
en wat jou oorlaai met sy seënninge.

Ontsag vir die Here

¹⁴ *Wie ontsag het vir die Here,
sal dissipline aanvaar,
en hulle wat vroeg opstaan,
sal goedkeuring vind.

¹⁵ *Wie die wet nastreef,
sal daardeur gevul word,
maar wie skynheilig is,
sal daardeur struikel.

¹⁶ *Hulle wat ontsag het vir die Here,
sal sy beslissing vind,
en hulle sal regverdige dade
aansteek soos 'n lig.

¹⁷ *'n Sondige mens
sal teregwysing vermy,
en volgens sy wil
sal hy 'n beslissing vind.

¹⁸ 'n Man met oorleg sal beslis nie
'n ingewing laat verbygaan nie;
'n vreemde en verwaande man
sal nie afgeskrik word
deur vrees nie.

¹⁹ *Moet niks doen sonder oorleg nie,
en moet dan nie berou hê

*32:14 Sir 21:11

*32:15 Sir 2:16

*32:16 Ps 37:6; Spr 28:5

*32:17 Spr 12:1; Sir 21:6

*32:19 Tob 4:18; Sir 33:30

as jy dit gedoen het nie.

²⁰ Moenie op 'n weg van konflik
gaan nie,
en moenie op klipperige grond
struikel nie.

²¹ Moenie 'n onbekende weg
vertrou nie,

²² en wees versigtig vir jou kinders.

²³ *Vertrou jouself in elke onderneming,
want dit is ook 'n manier
om die gebooie te bewaar.

²⁴ *Wie op die wet vertrou,
slaan ag op die gebooie
en wie op die Here vertrou,
sal nie verlies ly nie.

33

¹ * Oor hom wat ontsag het vir die Here
sal geen onheil kom nie,
maar wanneer hy in versoeking kom,*
sal hy telkens weer verlos word.

² 'n Wyse man sal die wet nie haat nie,
maar hy wat skynheilig daaroor is,
is soos 'n boot in 'n storm.

*32:23 Spr 16:17; Rom 14:5; 1 Tim 4:16

*32:24 Ps 22:6; Spr 19:16

*33:1 Ps 91:10-13; Spr 12:21; Matt 4:6; Luk 4:10-11

*33:1 in ... kom: Matt 6:13

³ 'n Verstandige mens
sal op die wet vertrou,
en die wet is vir hom betroubaar
soos 'n raadpleging van die orakel.ⁿ

⁴ Berei 'n voordrag voor
en so sal jy gehoor word;
verbind jou aan onderrig
en gee 'n antwoord.

⁵ Die emosies van 'n dwaas
is soos 'n wawiel,
en sy argument is soos 'n draaiende as.

⁶ 'n Teelhings is soos
'n spottende vriend;
onder elkeen wat op hom sit, runnik hy.

⁷ Waarom oortref een dag 'n ander
terwyl al die daglig in die jaar
van die son af kom?

⁸ *Deur die kennis van die Here
is hulle afgebaken,
en Hy het seisoene en feeste
verskillend gemaak.

⁹ *Sommige van hulle het Hy
verhef en geheilig,

ⁿ**33:3 orakel:** Die Urim en Tummim was vermoedelik twee stene wat die hoëpriester in sy borssak moes dra en wat hy moes gebruik wanneer hy oor regsake moes beslis; vgl Eks 28:30; Sir 45:10.

***33:8** Gen 1:14

***33:9** Eks 20:11; Deut 5:13-14

en ander van hulle het Hy
as gewone dae gestel.

¹⁰* En alle mense is uit die grond,
en uit die aarde is Adam geskep.

¹¹ In die volheid van sy kennis
het die Here hulle afgebaken,
en hulle paaie verskillend gemaak.

¹² Sommige van hulle het Hy geseën
en verhoog en geheilig
en naby Hom gebring;
ander van hulle het Hy vervloek
en verneder,
en hulle uit hulle posisies verwyder.

¹³* Soos klei in die hand
van die pottebakker,
so is mense in die hand van Hom
wat hulle gemaak het,
om hulle te beloon volgens sy oordeel,
want al God se^o paaie is ooreenkomstig
sy goeddunke.

¹⁴* Teenoor die kwaad is die goeie
en teenoor die dood, die lewe,
en net so teenoor 'n godvresende,
'n sondaar.

*33:10 Gen 2:7; Job 10:9

*33:13 Jer 18:1-6; Wys 15:7; Rom 9:20-21

^o33:13 God se: Letterlik 'sy'.

*33:14-15 Sir 42:24-25

¹⁵ Kyk ook so na al die werke
van die Allerhoogste,
twee-twee, die een teenoor die ander.

¹⁶ En as die laaste een
het ek wag gehou,
soos een wat agter
die druiweplukkers opruim.

¹⁷ Deur die seën van die Here
het ek eerste aangekom,
en 'n wynvat gevul
soos 'n druiweplukker.

¹⁸ *Neem kennis dat ek nie slegs
vir myself geswoeg het nie,
maar ook vir almal
wat opvoeding nastreef.

¹⁹ *Luister na my,
maghebbers van die volk,
en leiers van die volksvergadering,^p
gee aandag.

²⁰ Moenie aan seun en vrou,
aan broer en vriend,
gesag oor jou gee in jou leeftyd nie,
en moenie jou besittings

* **33:18** Sir 24:34

* **33:19** Wys 6:1-2

^p**33:19 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

aan 'n ander gee,
sodat jy dit met berou terugvra nie.

²¹ Solank jy nog leef
en daar asem in jou is,
moet jy jouself nie met enige mens
laat uitruil nie.

²² *Want dit is beter dat jou kinders
van j^oú vra,
as dat jy na die hande van jou seuns
moet kyk.

²³ *Wees soos een wat uitblink
in al jou werke
en laat geen vlek toe
op jou reputasie nie.

²⁴ Op die dag van die voltooiing
van jou lewensdae,
en ten tye van jou dood,
moet jy jou erflating verdeel.

²⁵ *Voer en 'n stok en vragte
vir 'n donkie,
brood en onderrig en werk
vir 'n huisbediende.

²⁶ Hou jou kneg aan die werk,
en jy sal rus vind;
maak sy hande los

* **33:22** Ps 123:2; Sir 40:29

* **33:23** Sir 7:6

* **33:25** Spr 26:3

en hy sal vryheid soek.

²⁷ 'n Juk en 'n sweep

sal 'n nek buig,

en vir 'n slegte huisbediende

is daar marteltuie en folteringe.

²⁸ Steek hom in die werk,

sodat hy nie ledig rondsit nie,

want ledigheid leer 'n mens

baie euwels.

²⁹ Steek hom in die werk

soos dit vir hom gepas is,

en as hy nie gehoorsaam is nie,

maak sy voetboeie swaar.

³⁰ *En moenie oordrewe reageer

op enige mens nie,

en moet niks doen sonder oorleg nie.

³¹ *As jy 'n huisbediende het,

laat hy net soos jy wees,

want met bloed het jy hom verkry.

³² As jy 'n huisbediende het,

behandel hom soos 'n broer,

want jy sal hom nodig kry

soos jy jouself nodig het.

³³ As jy hom mishandel en

hy jou verlaat en weghardloop,

op watter pad sal jy hom soek?

* **33:30** Spr 29:19; Sir 32:19; 33:31; Filem vs 16

* **33:31** Sir 7:20-21

34

¹ *'n Onverstandige mens
het leë en valse hoop,
en drome maak dwase opgewonde.

² Soos een wat probeer
om skaduwees te gryp
en wind najaag,
so is hy wat ag slaan op drome.

³ 'n Verskyning in drome
is 'n blote refleksie,
'n gesig wat terugkyk na sy eie beeld.

⁴ *Wat sal rein gemaak kan word
uit iets •onreins?

En wat sal waar kan wees
uit iets vals?

⁵ Waarsêery en voortekens,
asook drome, is onwerklik,
en die hart fantaseer soos dié
van 'n vrou in barensood.

⁶ *Behalwe as dit deur
die Allerhoogste gestuur is,
deur 'n besoeking,
moet jy nie jou hart vir hulle gee nie.

⁷ Want drome het baie mislei,
en dié wat op hulle gehoop het,

*34:1-8 Deut 13:1-5; 18:9-14

*34:4 Job 14:4

*34:6 Job 33:14-18

het tot 'n val gekom.

⁸ Sonder valsheid sal die wet
vervul word,
en wysheid is volmaak
in 'n betroubare mond.

⁹ ^{q1} 'n Mens wat rondgereis het,
weet baie,
en iemand met veel ervaring,
sal met insig kan vertel.

¹⁰ Wie geen ervaring het nie,
weet min,
maar hy wat rondgereis het,
sal sy vernuftigheid laat toeneem.

¹¹ Ek het baie dinge gesien
in my omswerwinge,
en meer as wat my woorde kan sê,
is my insig;

¹² dikwels was ek in lewensgevaar,
en is ek gered as gevolg hiervan.

¹³ Die gees van hulle
wat ontsag het vir die Here
sal leef,
want hulle hoop is gevestig
op die Een wat hulle kan red.

¹⁴ Wie ontsag het vir die Here

^{q34:9-26} Die •Vulgaat en sommige vertalings nommer hierdie verse as Sir 34:9-31.

sal vir niks bevrees wees nie,
en hy sal beslis nie terugdeins nie,
want die Here^r is sy hoop.

¹⁵ Gelukkig is die mens
wat ontsag het vir die Here;
op wie is hy gerig?
En wie is sy steun?

¹⁶ *Die oë van die Here
is op hulle wat Hom liefhet;
Hy is 'n sterke skild
en 'n kragtige steunpilaar:
'n beskutting teen skroeiende hitte
en 'n beskutting teen die middagson,
'n wag teen struikeling
en 'n hulp om nie te val nie.

¹⁷ Hy is die Een wat die siel^s ophef
en die oë verlig,
wat gesondheid, lewe en seën verskaf.

¹⁸ *Wanneer iemand 'n offerande
bring wat uit onreg verkry is,
is dit 'n besoedelde een,
en die geskenke van wetteloses
is nie aanvaarbaar nie.

^r34:14 die Here: Letterlik 'Hy'.

*34:16 Ps 23:4; 112:7-8; Spr 3:23-24; 28:1

^s34:17 siel: Die mens se gemoed met sy emosies en stemminge.

*34:18-19 Spr 21:27; Sir 35:14-15

¹⁹ *Die Allerhoogste is nie tevrede
met die offerandes van goddeloses nie,
ook versoen Hy nie sondes
weens 'n menigte offers nie.

²⁰ Wie 'n seun offer voor sy vader,
is hy wat 'n offer bring
uit die besittings van die armes.

²¹ *Brood is 'n lewensaar vir die armes;
hy wat dit weerhou, is 'n mens
wat bloed vergiet.

²² Wie lewensmiddele wegneem
van sy naaste, vermoor hom,
en wie die loon van 'n huurling
terughou, vergiet bloed.*

²³ Een persoon bou
en 'n ander breek af —
wat het dit vir hulle
meer opgelewer as moeite?

²⁴ Een persoon bid
en 'n ander vervloek —
na wie se stem sal die Here^t luister?

²⁵ *Wanneer iemand hom was

***34:19** Ps 33:18

***34:21-22** Lev 19:13; Deut 24:14-15; Tob 4:14

***34:22** wie die loon ... bloed: Sir 7:20

^t**34:24** Here: Die Griekse woord hier is *despotes*. Gewoonlik is dit die woord *kurios* wat vertaal word “Here”.

***34:25** Num 19:11-12; Spr 26:11; 2 Pet 2:22

nadat hy 'n lyk aangeraak het,
en hy dit dan weer aanraak,
watter nut was daar in sy wassing?

²⁶ So is 'n mens as hy vas
ter wille van sy sondes,
en hy gaan en doen weer
dieselfde dinge —
wie sal na sy gebed luister,
en wat het hy gebaat
deur homself te verneder?

35

¹ *Wie die wet bewaar,
bring baie meer offers;
wie ag slaan op die gebooie,
bring offers omdat hy verlos is.^v

² Iemand wat 'n guns terugbewys,
offer gesifte meel,^w
en wie 'n aalmoes gee,
bring 'n lofoffer.*

³ Om die Here te behaag,
is om weg te bly van boosheid,
en dit is versoening
om weg te bly van onreg.

***35:1-5** 1 Sam 15:22; Ps 51:18-19; Jes 1:11-18; Hos 6:6; Am 5:21-24

^v**35:1 bring ... verlos is:** Die Vulgaat lui “bring heilsame offers.”

^w**35:2 gesifte meel:** Dit verwys nie na hoe fyn die meel gemaal is nie, maar na meel van hoë gehalte.

***35:2 en wie ... lofoffer:** Spr 21:3

⁴ Moenie met leë hande
voor die Here verskyn nie,
want al hierdie offers
word deur 'n gebod bepaal.*

⁵ *Die offer van 'n regverdige
bring vet op die altaar,
en die behaaglike geur daarvan
styg op voor die Allerhoogste.

⁶ *Die offer van 'n regverdige man
is aanvaarbaar,
en die herinnering daaraan
sal nie vergeet word nie.^x

⁷ *Vereer die Here met 'n goeie oog,^y
en moenie die eersteling^z
van jou hand verminder nie.

⁸ *Toon 'n blye gesig met elke gawe,
en wy jou tiende met vreugde.

⁹ Gee aan die Allerhoogste
ooreenkomstig sy gawe aan jou,

* **35:4 want ... bepaal:** Eks 23:15; 34:20; Deut 16:16

* **35:5** Ps 20:4

* **35:6** Lev 2:2

^x**35:6 sal ... word nie:** Die Vulgaat lui “die Here sal die herinnering daaraan nie vergeet nie.”

* **35:7** Sir 7:31

^y**35:7 goeie oog:** Dit verwys na vrygewigheid; vgl Matt 6:22-23.

^z**35:7 eersteling:** Die eerste graan of vrugte wat aan die begin van die oes aan God gewy is.

* **35:8** Deut 14:22; 2 Kor 9:7

en met^a 'n goeie oog^b

ooreenkomstig wat jou hand vind.

¹⁰ *Want die Here is die Een wat beloon
en Hy sal jou sewevoudig beloon.

¹¹ Moet Hom nie probeer omkoop nie,^c
want Hy sal dit nie aanvaar nie,
en moenie 'n onregverdige offer
oorweeg nie,*

¹² want die Here is die Regter,
en die aansien van 'n persoon
geld nie vir Hom nie.*

¹³ Hy sal niemand ten koste van
'n arme aanvaar nie,
en Hy sal na die gebed van een
wat verontreg is, luister.

¹⁴ *Hy sal nooit die smeekgebed
van 'n weeskind ignoreer nie,
ook nie 'n weduwee,
as sy haar klaaglied^d uitstort nie.

^a**35:9 en met:** Die Vulgaat lui “en doen met”.

^b**35:9 goeie oog:** Vgl voetnoot in Sir 35:7.

***35:10** Spr 19:17; Matt 25:34-40

^c**35:11 Moet ... omkoop nie:** Die Vulgaat lui “Moenie verdorwe gawes offer nie”.

***35:11 en moenie ... oorweeg nie:** Spr 15:8; 21:27; Sir 34:18-19

***35:12 aansien ... Hom nie:** Deut 10:17; 2 Kron 19:7; Job 34:19; Hand 10:34;
Rom 2:11; Gal 2:6

***35:14-16** Eks 22:22; Deut 10:18; Ps 146:9; Rom 2:11; Gal 2:6; Jak 1:27

^d**35:14 klaaglied:** Letterlik ‘spraak’.

- ¹⁵ Vloei 'n weduwee se trane
nie oor haar wange nie,
en is haar kreet nie juis gerig
teen die een wat dit
laat neerstroom nie?^e
- ¹⁶ Hy wat met goeie trou gedien het,
sal aanvaar word,
en sy gebed sal tot aan die wolke reik.
- ¹⁷ Die gebed van 'n nederige persoon
dring deur die wolke heen,
en totdat dit naby kom,
sal hy nooit vertroos word nie.
- ¹⁸ Hy sal nooit ophou totdat
die Allerhoogste na hom luister nie,
en Hy sal ten gunste van
die regverdiges oordeel
en reg laat geskied.^{f*}
- ¹⁹ En die Here sal nooit talm nie;
ook sal Hy nie geduldig
teenoor hulle^g wees nie,
- ²⁰ totdat Hy die lendene^h
van die gevoellooses verbrysel het,

^e**35:15 neerstroom nie:** Die Vulgaat voeg by “Want van haar wang klim hulle op tot in die hemel, en die Here wat haar verhoor, sal nie bly wees oor hulle nie. ”

^f**35:18 en Hy ... geskied:** Die Vulgaat lui “en totdat die regverdige Regter reg laat geskied.”

^{*}**35:18 en Hy ... geskied:** Jes 42:13-16; Luk 18:7; 2 Pet 3:9

^g**35:19 hulle:** Dit verwys na die onbarmhartiges.

^h**35:20 lendene:** Dit verwys na hulle krag.

en Hy wraak oor die nasies sal bring,
²¹ totdat Hy die groot getal
verwaandes verdryf het,
en die septers van die onregverdiges
sal verbreek het,
²² * totdat Hy 'n mens volgens
sy daade,
en die werke van mense volgens
hulle bedoelings vergeld het,
²³ totdat Hy die saak van sy volk
beoordeel het,
en Hy hulle sal verbly
met sy ontferming.
²⁴ Lieflik is sy ontferming
in 'n tyd van verdrukking,
soos reënwolke in 'n tyd
van droogte. ^u

36

¹ ⁱ“Ontferm U oor ons, Here,^j
God van alles, sien ons aan,^k
en boesem die vrees vir U

***35:22** Spr 24:12

^u**35:1-24 wie ag ... droogte:** Die •Vulgaat en sommige vertalings nommer hierdie verse as Sir 35:2-26.

ⁱ**36:1-27** Die •Vulgaat en sommige vertalings nommer hierdie verse as Sir 36:1-28,31.

^j**36:1 Here:** Die Griekse woord hier is *despotes*. Gewoonlik is dit die woord *kurios* wat vertaal word “Here”.

^k**36:1 sien ons aan:** Die Vulgaat voeg by “en toon ons die lig van u erbarming”.

by al die nasies in.¹

² Lig u hand op teen vreemde nasies
en laat hulle u heerskappy^m sien.

³ Net soos U in hulle teenwoordigheid
onder ons geheilig is,
mag U so, in ons teenwoordigheid,
onder hulle grootgemaak word.

⁴ En laat hulle U ken,
net soos ons ook weet
dat daar geen God is
behalwe U nie, Here.

⁵ Hernu u tekens,
en bewerk verdere wonders;
verheerlik u hand en uⁿ regterarm.^o

⁶ *Wek u woede op
en giet u toorn uit;
vernietig 'n teenstander
en wis 'n vyand uit.

⁷ Verhaas die tyd en onthou u eed,^p
en laat hulle u magtige dade oorvertel.

⁸ Laat die een wat ontkom,
deur u vurige toorn verteer word,

¹**36:1 nasies in:** Die Vulgaat voeg by “wat U nie soek om te weet dat daar geen ander God behalwe U is nie, en om u grote dade te verkondig.”

^m**36:2 heerskappy:** Die Vulgaat lui “mag”.

ⁿ**36:5 en u:** Die Vulgaat lui “en sterk”.

^o**36:5 hand ... regterarm:** Dit dui op die kragtige werking van God; vgl Luk 1:51.

^{*}**36:6** Ps 79:6; Jer 10:25

^p**36:7 en onthou u eed:** Die Vulgaat lui “en dink aan u plan”.

en mag diegene wat u volk kwaad
aandoen, verwoesting vind.

⁹ Vermorsel die koppe
van vyandige regeerders wat sê,
'Daar is niemand behalwe ons nie.'

¹⁰ Versamel al die stamme van Jakob
en gee vir hulle 'n nalatenskap
soos van die begin af.

¹¹ *Ontferm U, Here, oor 'n volk
wat weens u Naam geroep is,^q
en oor Israel, wat U aan
'n eersgeborene gelykgestel het.

¹² *Wees genadig teenoor u heilige stad,
Jerusalem, die plek van u rus.

¹³ Vul Sion met 'n lofprysing
van u deugde^f
en u volk^s met u heerlikheid.

¹⁴ Gee getuienis aan dié
wat U in die begin geskep het,
en kondig weer profesieë aan
wat in u Naam uitgespreek is.

¹⁵ Gee 'n beloning aan dié wat op U wag,
en laat u profete betroubaar bevind word.

***36:11** Jer 31:9; Wys 18:13

^q**36:11** oor 'n ... geroep is: Die Vulgaat lui "oor u volk oor wie u Naam aangeroep is".

***36:12** 2 Kron 6:41; Ps 132:8,14; Jes 2:1-3; Miga 4:1-3

^r**36:13** met 'n ... deugde: Die Vulgaat lui "met u majesteit".

^s**36:13** volk: Ander mss en die Vulgaat lui "tempel".

¹⁶ Luister, Here, na die gebed
van u smekeling,
volgens die seëning van Aäron
oor u volk.^t

¹⁷ En almal wat op die aarde is,
sal weet^u dat U die Here is,
die God van die eeue.”

¹⁸ Die maag sal enige voedsel inneem,
maar daar is tog kos wat lekkerder is
as ander kos.

¹⁹ Die keel proe die kos van 'n jagtog,
so ook 'n verstandige hart
leuenagtige woorde.

²⁰ 'n Perverse hart^v
sal pyn veroorsaak,
maar 'n baie ervare mens
sal hom dit kan vergeld.

²¹ 'n Vrou sal enige man^w aanvaar,
maar een dogter is beter
as 'n ander dogter.

²² *'n Vrou se skoonheid

^t**36:16 volgens ... volk:** Die Vulgaat lui “volgens u welbehae ten opsigte van u volk, en lei ons op die regte weg.”

^u**36:17 En almal ... weet:** Die Vulgaat lui “Mag almal wat op die aarde is weet dat”.

^v**36:20 hart:** Dit wil sê ‘n mens’.

^w**36:21 man:** Dit verwys hier na 'n eggenoot.

^{*}**36:22** Spr 12:4; 18:22; 19:14; Sir 26:13-18

verlig die aangesig^x
en dit oortref alle begeertes van 'n man.

²³ As ontferming en sagtheid
op haar tong^y is,
het haar man geen gelyke
onder mans nie.

²⁴ Hy wat 'n vrou verkry,
vind 'n eerste besitting,
'n helper wat by hom pas,^{*}
en 'n pilaar wat rus bied.

²⁵ Waar daar geen omheining is nie,
sal eiendom geplunder word,
en waar daar geen vrou is nie,
sal 'n man al sugtend rond dwaal.

²⁶ Want wie sal 'n goed toegeruste
dief vertrou,
wat rondspring van een stad
na 'n ander stad?

²⁷ * So gaan dit met 'n mens
wat geen blyplek het nie,
en oorbly waar die nag
hom ook al oorval.

^x36:22 die aangesig: Dit verwys na die aangesig van haar man.

^y36:23 tong: Die tong word geassosieer met spraak.

* 36:24 helper ... pas: Gen 2:18; Spr 18:22

* 36:27 Spr 27:8; Sir 29:21-28

37

^{1 z*}Elke vriend sal sê,

“Ek was ook al 'n vriend,”

maar daar is 'n vriend

wat slegs in naam 'n vriend is.

²Verdriet sal werklik

tot die dood toe ervaar word

as 'n kameraad en 'n vriend

in 'n vyand verander, nie waar nie?

³O bouse neiging,^a hoe het jy

dit reggekry om die land

met listigheid te bedek?

⁴'n Kameraad verlustig hom

in sy vriend se vreugde,

maar in 'n tyd van benouing

sal hy teen hom draai.

⁵'n Kameraad swoeg saam met 'n vriend

ter wille van sy maag,

en in die aangesig van oorlog

sal hy die skild opneem.

⁶Moenie 'n vriend vergeet

in jou siel^b nie,

en moet hom nie verwaarloos

by jou geldsake nie.

^z**37:1-31** Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 37:1-34.

***37:1** Spr 20:6; Sir 6:5-17; 12:8-9

^a**37:3 bouse neiging:** Die Judeërs glo elke mens het 'n goeie en 'n slegte neiging wat hom rig.

^b**37:6 siel:** Die mens se bewuste, innerlike self, dikwels ook “hart” genoem.

⁷ Elke raadgewer probeer
raad verleen,
maar daar is een wat net homself
van raad bedien.

⁸ Bewaar jou siel teen 'n raadgewer
en maak vooraf seker wat sy belange is
— hy sal immers ook homself
van raad bedien —
sodat hy nie miskien die lot
oor jou werp nie,

⁹ en vir jou sê, “Jou pad is goed,”
en dan opsy staan om te sien
wat met jou gaan gebeur.

¹⁰ Verberg jou advies vir hulle
wat op jou afgunstig is,
en moenie met hom beraadslaag
wat jou met agterdog bejeën nie —

¹¹ met 'n vrou oor haar teenparty,
en met 'n lafaard oor oorlog;
met 'n sakeman oor besigheid,
en met 'n verkoopsman
oor 'n kooptransaksie;
met iemand wat nydig is,
oor dankbaarheid,
en met 'n ongenaakbare persoon
oor goedgesindheid;
met 'n luitaard oor enige werk,
en met 'n seisoenwerker

oor die voltooiing van sy arbeid;
met 'n lui huiskneg
oor 'n groot opdrag —
moenie op hierdie mense steun
vir enige advies nie.

¹² Maar volhard eerder
met 'n godvresende man,
wat jy weet iemand is
wat die gebooie onderhou
en wat jou sielsgenoot is,
en wat, as jy struikel,
saam met jou ly.

¹³ En bly by die raad van jou hart,
want daar is niks betroubaarder
as dit nie.

¹⁴ Want 'n man se siel^c is gewoond
om soms meer inligting te verskaf
as sewe spioene wat op 'n hoogte sit
op 'n uitkyktoring.

¹⁵ *En bo alles, bid tot die Allerhoogste
sodat Hy jou pad reguit kan maak
in waarheid.

¹⁶ *Die begin van elke daad is gesprek
en voor elke optrede is daar oorleg.

¹⁷ Die voetstap van verandering

^c**37:14 siel:** Die mens se gemoed met sy denke en intuïsie.

***37:15** Spr 16:9

***37:16** Sir 32:19

is uit die hart;
dit lei tot vier sake:
¹⁸ * goed en kwaad, lewe en dood,
en wat voortdurend
oor hulle heers, is die tong.^d

¹⁹ Daar is 'n slinkse mens
wat baie mense onderrig,
maar vir homself is hy nutteloos.

²⁰ Daar is 'n goeie spreker
wat gehaat word;
hy sal geen voedsel hê nie —

²¹ sjarme is immers nie
deur die Here aan hom gegee nie,
omdat alle wysheid hom ontnem is.

²² Daar is 'n persoon wat wys is
in sy eie oë,^e
en die vrugte van sy insig
is betroubaar uit sy mond.

²³ *'n Wyse man sal sy eie volk onderrig,
en die vrugte van sy insig is betroubaar.

²⁴ 'n Wyse man sal gevul word met seën,
en almal wat hom sien,
sal hom gelukkig ag.

²⁵ Die lewe van 'n man

***37:18** Spr 18:21

^d**37:18 tong:** Die tong word geassosieer met spraak.

^e**37:22 oë:** Letterlik 'siel'.

***37:23** Sir 39:10-11

word bereken in 'n getal dae,
maar die dae van Israel is sonder getal.

²⁶ *Die wyse sal onder sy mense
betroubaarheid verwerf,
en sy naam sal vir ewig voortleef.

²⁷ Kind, toets jou siel
gedurende jou lewe;
let op na wat vir jou siel sleg is,
en moet dit nie aan jou siel gee nie.

²⁸ *Want nie alles is voordelig
vir almal nie
en geen mens^f is tevrede met alles nie.

²⁹ *Moenie smul aan enige
lekkernye nie,
en moet jouself nie oorgee aan kos nie.

³⁰ Want in 'n oormaat voedsel
skuil daar siektes,
en vraatsug gee 'n mens naarheid.

³¹ As gevolg van vraatsug
het baie mense al gesterf,
maar wie versigtig is,
sal sy lewe verleng.

***37:26** Sir 39:9; 44:13-16

***37:28** 1 Kor 6:12; 10:23

^f**37:28 mens:** Letterlik 'siel'.

***37:29** Sir 31:16-21

38

¹ Eer 'n geneesheer vir sy dienste
aan jou
met die eer wat hom toekom,
want die Here het hom
inderdaad geskape.

² Want genesing kom
van die Allerhoogste,
maar sy vergoeding^g sal hy
van die koning ontvang.

³ 'n Geneesheer se kundigheid
maak hom beroemd,^h
en in die teenwoordigheid
van maghebbers
sal hy bewonder word.

⁴ Die Here het geneesmiddele
uit die aarde geskep,
en 'n verstandige man
sal dit nie geringskat nie.

⁵ Is water nie soet gemaak deur hout,^{*}
sodat die krag daarvan
bekend kon word nie?

⁶ En dit was Hy wat kennis
aan die mens gegee het,
sodat Hy deur sy wonderdade

^g38:2 vergoeding: Letterlik 'n geskenk'.

^h38:3 maak hom beroemd: Letterlik 'sal sy kop oplik'.

^{*}38:5 Is ... hout: Eks 15:23-25

verheerlik kan word.

⁷ Daardeur genees Hy en neem Hy
die pyn weg,
maar met die middele sal die apteker
sy mengsel saamstel.

⁸ Die Hereⁱ se werk sal nooit
voltooi word nie,
en sy vrede rus op die aarde.

⁹ *Kind, moenie in jou
ongesteldheid rondkyk nie,
maar bid tot die Here
en Hy sal jou genees.

¹⁰ Vermy oortredings
en rig jou hande op wat reg is,
en reinig jou hart van alle sonde.

¹¹ *Brand wierook,
bring 'n herinneringsoffer
van gesifte meel,^j
en bring 'n oordadige^k vetoffer.

¹² Gee aan 'n geneesheer 'n plek,
want die Here het hom
inderdaad geskep,

ⁱ**38:8 Die Here:** Letterlik 'sy'.

***38:9** Jes 38:1-3

***38:11** Lev 2:1-3

^j**38:11 gesifte meel:** Dit verwys na meel van hoë gehalte.

^k**38:11 oordadige:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Griekse uitdrukking.

en laat hy hom nie aan jou onttrek nie,
want hy is beslis nodig.

¹³ Daar is 'n tyd wanneer sukses
ook in hulle hande is.

¹⁴ Want hulle sal ook tot die Here bid,
dat Hy goedgunstiglik
aan hulle verligting,
en genesing vir die instandhouding
van lewe sal gee.

¹⁵ Mag hy wat sondig voor sy Skepper
in die hande van 'n geneesheer val.

¹⁶ *Kind, stort jou trane oor 'n dooie,
en begin 'n klaaglied soos een
wat verskriklik ly,
maar lê sy liggaam uit
volgens sy besluit,
en moenie sy begrafnis afskeep nie.

¹⁷ ¹Sorg dat die geweene bitter is,
en die klaaglied gevoelvol,
en sorg dat die rouproses hom waardig is,
een of twee dae lank,
sodat die mense nie kan skinder nie,
en wees dan getroos ná die verdriet.

¹⁸ *Want uit verdriet kom dood voort,
en verdriet van die hart

*38:16-23 Sir 22:11-12

¹38:17-34 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 38:17-39.

*38:18 Spr 12:25; 15:13; 17:22; Sir 30:23; 2 Kor 7:10

ondermyn krag.

¹⁹ In ellende duur verdriet ook voort,
en die lewe van 'n arme
lê swaar op die hart.

²⁰ *Moet jou hart nie oorgee
aan verdriet nie;
onttrek jou daaraan wanneer jy
aan die einddinge dink.

²¹ *Moet dit nie vergeet nie,
want daar is geen terugkeer nie,
en jy sal hom nie bevoordeel nie,
maar jy sal jouself benadeel.

²² Onthou my^m oordeel,ⁿ
want so sal joune ook wees —
vir my gister en vir jou vandag.

²³ Wanneer die dooie ter ruste gelê is,
lê dan sy nagedagtenis ter ruste,
en word daardeur getroos,
oor die vertrek van sy gees.

²⁴ 'n Sekretaris se wysheid
lê in die geleentheid tot vrye tyd,
en hy wat hom minder
met sy besigheid vermoei,
sal wys word.

***38:20** Sir 7:36; 30:21

***38:21** 2 Sam 12:23; Wys 2:1

^m**38:22** my: Sommige mss lui “sy”.

ⁿ**38:22** oordeel: Ander vertaal dit “lot”.

²⁵ Hoe sal iemand wys word
wat 'n ploeg vashou,
en spog oor 'n prikstok,
terwyl hy vee aandryf
en betrokke is by hulle versorging,
terwyl sy gesprekke handel
oor kalwers?

²⁶ Hy sal sy lewe^o wy aan die ploeg
van vore,
en sy slapeloosheid het te make
met voer vir die kalwers.

²⁷ So ook elke ambagsman
en meesterbouer wat snags
voortgaan asof dit dag is,
hulle wat figure op seëls uitkerf,
en die een wat die geduld het
om verskillende beelde te maak —
hy sal sy lewe daaraan wy
om 'n skildery lewensgetrou
te maak,
en hy slaap nie,
om sy werk te kan voltooi.

²⁸ So ook 'n smid wat naby
'n aambeeld sit,
terwyl hy voorwerpe van yster
aandagtig bekyk;
die gloed van die vuur
sal sy liggaam skroei,

^o38:26,27,28 lewe: Letterlik 'hart'.

tog sal hy teen die hitte
van die oond stry;
die geraas van die hamer
weerklink in sy ore,
en sy oë is vasgenael
op die patroon van die voorwerp.
Hy sal sy lewe daaraan wy
om die voorwerpe te voltooi,
en slaap inboet om die versiering
daarvan te voltooi.

²⁹ So ook 'n pottebakker
wat by sy werk sit,
terwyl hy sy pottebakkerswiel
met sy voete draai —
hy wat gedurig vol bekommernis lê
oor sy werk,
en al sy werke word bymekaar getel.

³⁰ Met sy arm sal hy die klei vorm,
en met sy voete sal hy dit sag maak;
hy sal sy lewe daaraan wy
om die verfwerk te voltooi,
en hy boet slaap in
om die oond skoon te maak.

³¹ Hulle vertrou almal op hulle hande
en is almal kundig in hulle werk.

³² Sonder hulle sal 'n stad
nie gevestig word nie,
en sal hulle nie daarin woon

of rondbeweeg nie.

³³ Maar hulle sal nie gesoek word
om raad vir die volk te gee nie,
ook sal hulle nie hoë posisies
in die volksvergadering beklee nie.
Hulle sal nie op die regter se stoel
sit nie,
en die ooreenkoms in 'n regsbesluit
sal hulle nie verstaan nie.

³⁴ Ook sal hulle nie lig kan werp
op onderrig en besluitneming nie,
en wyse spreuke sal nie by hulle
gevind word nie.

Maar hulle sal die vestiging
van 'n nuwe orde ondersteun,
en hulle begeerte is die beoefening
van 'n ambag.

39

¹ ^pDie uitsondering is hy
wat homself toewy aan
en nadink oor die wet
van die Allerhoogste.
Hy sal die wysheid van al die mense
van die ou tyd naspour,
en met profesieë besig wees.

² *Hy sal die verhale van beroemde

^p39:1-35 Die •Vulgaat en sommige vertalings nommer hierdie verse as Sir 39:1-41.

*39:2 Spr 1:5-6; Wys 8:8

mense bewaar,
en insig verkry in die nuanses
van gelykenisse.

³ Hy sal die verborge betekenis
van spreuke uitpluis,
en met die raaisels van gelykenisse
besig wees.

⁴ Hy sal onder maghebbers dien
en voor leiers verskyn.
Hy sal reis in die lande
van vreemde nasies,
want hy het^q goed en kwaad
onder mense ervaar.

⁵ Hy sal sy lewe^r daaraan wy
om vroeg op te staan,
om die Here wat hom gemaak het,
te nader,
en hy sal voor die Allerhoogste bid,
en hy sal sy mond oopmaak in gebed,
en oor sy sondes sal hy bid.

⁶ As die magtige Here wil,
sal hy vervul word met 'n gees
van insig.
Hy sal die woorde van sy wysheid
laat uitstroom,^s
en in gebed sal hy die Here bely.

^q39:4 **het:** Die Vulgaat lui “sal”.

^r39:5 **lewe:** Letterlik ‘hart’.

^s39:6 **uitstroom:** Die Vulgaat voeg by “soos die reën”.

⁷ Die Here^t sal sy raad en kennis rig,
en hy^u sal oor sy verborge dinge nadink.

⁸ Hy sal die dissipline^v
van sy onderrig aan die lig bring,
en in die wet van die Here
se verbond sal hy roem.

⁹ *Baie sal sy insig prys,
en tot in ewigheid sal dit
nie uitgewis word nie;
sy nagedagtenis sal nie vervaag nie,
en sy naam sal van geslag
tot geslag voortleef.^w

¹⁰ *Nasies sal vertel van sy wysheid,
en die volksvergadering
sal sy lof verkondig.

¹¹ As hy volhard, sal hy 'n naam
groter as 'n duisend agterlaat,
en as hy tot rus kom,
sal dit tot sy voordeel wees.

^t39:7 Die Here: Letterlik 'Hy'.

^u39:7 hy: Dit verwys waarskynlik na die sekretaris.

^v39:8 dissipline: Die Griekse naamwoord *paideia* kan benewens 'opvoeding, onderrig' ook 'dissipline, tugtiging' beteken; •Opvoed.

*39:9 Sir 37:26; 44:14

^w39:9 voortleef: Die Vulgaat lui "opgeroep word".

*39:10 Sir 44:15

Lof oor die skepping

¹² Nadat ek weer nagedink het,
het ek nog om te vertel^x —
ek is gevul soos die volmaan.

¹³ Luister na my, heilige seuns,
en bloei^y soos 'n oleander^z
wat langs 'n waterstroom groei.

¹⁴ En stuur 'n soet geur uit
soos wierook,^a
en bring 'n bloeisel voort
soos 'n narsing.^b

Versprei julle geur^c
en hef 'n loflied aan,
en prys die Here vir al sy werke.

¹⁵ Verleen majesteit aan sy Naam
en bely Hom met lof,
met liedere op die lippe
en met die lier;^d
dit sal julle belydenis wees:

^x**39:12 Nadat ... vertel:** Die Vulgaat lui “Ek sal nog verder nadink en vertel”.

^y**39:13 en bloei:** Die Vulgaat lui “en julle vlees sal bloei”.

^z**39:13 oleander:** 'n Immergroen sierstruik met wit, pienk of rooi blomme, Selonsroos.

^a**39:14 wierook:** Rook met 'n aangename geur wat verkry word deur die brand van 'n soort gom of hars uit Arabië. In die Israelitiese erediens het wierook 'n belangrike plek ingeneem.

^b**39:14 narsing:** 'n Veldblom wat algemeen in die lente in die Mediterreense gebied voorkom.

^c**39:14 Versprei julle geur:** Die Vulgaat lui “Verhef julle stem”.

^d**39:15 lier:** Driehoekige snaarinstrument met vier snare.

¹⁶ * “Al die werke van die Here —
hulle is baie goed
en elke bevel sal op sy tyd
uitgevoer word.

Dit is ongeoorloof om te vra,
‘Wat is dit? Waarvoor is dit?’
Alles sal immers op sy tyd
ondersoek word.

¹⁷ Deur sy woord het die water
opgespring soos 'n kolom*
en deur 'n woord van sy mond
het opgaarputte^e vol water ontstaan.

¹⁸ Al sy goedgesindheid
lê opgesluit in sy gebod,
en daar is niemand wat sy redding
kan verminder nie.

¹⁹ * Die werke van elke mens
is voor Hom,
en dit is nie moontlik om van sy oë
weg te kruip nie.

²⁰ Van geslag tot geslag
het Hy toegekyk,
en niks is wonderbaarlik voor Hom nie.

***39:16** Gen 1:29-31; Pred 3:11; Sir 39:33

***39:17 Deur ... kolom:** Gen 1:6-10; Eks 14:21-22; Jos 3:15-16

^e**39:17 opgaarputte:** Groot ondergrondse ruimtes wat in rots uitgekap is en waar water of graan gestoor is.

***39:19** Wys 1:7-10; Sir 15:18-19; 42:18-20

²¹ *Dit is ongeoorloof om te vra,
‘Wat is dit? Waarvoor is dit?’
Want alles is geskep vir hulle eie doel.

²² “Sy seën bedek soos 'n rivier,
en soos 'n vloed oorstrom
dit die dorre grond.

²³ *So sal nasies sy toorn erf,
soos toe Hy soet water
in soutwater verander het.

²⁴ Sy paaie is reguit vir die heiliges;
net so is hulle struikelblokke
vir die wetteloses.

²⁵ Van die begin af is goeie dinge
geskep vir die goeies,
so ook slegte dinge vir die sondaars.

²⁶ *Die basiese behoeftes
vir 'n mens se lewe
is water en vuur, en yster en sout,
en gesifte koringmeel,^f
en melk en heuning,
die sap^g van 'n druif,
en olie en kleding.

***39:21** Spr 16:4; Pred 3:11; Sir 39:34

***39:23** Gen 13:10; 14:3; 19:24-28; Deut 29:22-23; Ps 107:34; Wys 10:7

***39:26** Sir 29:21

^f**39:26 gesifte koringmeel:** Dit verwys nie na hoe fyn die meel gemaal is nie, maar na meel van hoë gehalte.

^g**39:26 sap:** Letterlik ‘bloed’.

²⁷ Al hierdie dinge kom
die godvresendes ten goede;
net so sal dit vir die sondaars
ten kwade verander word.

²⁸ “*Daar is winde^h wat geskep is
met die oog op vergelding,
en in hulle woede het hulle
hulle aanslae versterk;
in die voleindingstyd
sal hulle krag uitgiet,
en die toorn van Hom wat hulle
gemaak het, laat bedaar.

²⁹ Vuur en hael en hongersnood
en die dood,
al hierdie dinge is geskep
met die oog op vergelding —

³⁰ die tande van wilde diere
en skerpioene en adders,
en 'n swaard wat wraak neem
op die goddeloses en hulle vernietig.

³¹ In sy gebod sal hulle hulle verbly,
en hulle sal voorberei word
vir diens op die aarde;
wanneer hulle tye aanbreek,
sal hulle nie sy woord
verontagsaam nie.”

*39:28 Sir 40:10

^h39:28 winde: Word ook vertaal “geeste”.

³² Daarom, van die begin af
is ek versterk,
en het ek nagedink en dit
op skrifⁱ gestel.

³³ *Die werke van die Here
is almal goed,
en in elke behoefte sal Hy
op sy tyd voorsien.

³⁴ *En dit is ongeoorloof om te sê:
“Hierdie dinge is slegter
as daardie dinge,”
want alles sal op die regte tyd
hoog geag word.

³⁵ En nou, met julle hele hart
en mond moet julle liedere sing,
en die Naam van die Here prys.

40

¹ *'n Groot taak is vir elke mens
geskep,
en 'n swaar juk rus op die nageslag
van Adam,
van die dag dat hulle

ⁱ39:32 **skrif:** In Palestina sou dit na bokvel (vellum) verwys en in Egipte na papyrus.

*39:33 Sir 39:16

*39:34 Gen 1:29-31; Pred 3:11; Sir 39:21

*40:1 Gen 3:17-19; Job 1:21; 7:1; Ps 139:15; Pred 2:23

uit die moederskoot gekom het,
tot die dag dat hulle terugkeer
na die moeder van alles:
² hulle oorwegings, die vrees
van hulle harte,
hulle toekomsverwagting,
die dag van hulle dood.

³ Uit sowel die een wat op
'n skitterende troon sit
as die een wat verneder is
in grond en as,

⁴ uit sowel die een wat 'n purper
kleed en 'n kroon dra
as die een wat geklee is
in growwe linne,
kom daar toorn en naywer
en verwarring en onrus,
en ook vrees vir die dood
en woede en twis.

⁵ Selfs in die oomblik van rus op 'n bed,
in die nag verander slaap
die mens se denke —

⁶ hy kry min, feitlik geen rus nie,
en daarom is hy in sy slaap verontrus,^j
net soos in sy dagtaak,
as gevolg van 'n visioen van sy hart,
soos een wat van die oorlog

^j40:6 en ... verontrus: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.
Word ook vertaal as “en daardeur word hy in sy slaap verontrus”.

weggevlug het.

⁷ Op 'n kritieke oomblik
word hy wakker,
verbaas dat daar niks was
om te vrees nie.

⁸ By alle vlees, van mens tot dier,
en by sondaars sewe keer meer,

⁹ * is daar dood en bloed
en twis en swaard,
teenslae, hongersnood
en verwoesting en foltering.

¹⁰ Vir die goddeloses is al hierdie
dinge geskep,
en deur hulle toedoen
het die vloed plaasgevind.

¹¹ * Alles wat van die aarde is,
keer na die aarde terug,
en wat van die water is,
vind sy weg terug na die see.

¹² Elke omkoopgeskenk en onreg
sal uitgewis word,
maar trou sal vir ewig bly staan.

¹³ Die geld van die onregverdiges
sal opdroog soos 'n rivier,
en soos 'n harde donderslag in 'n storm
sal dit 'n oomblik lank weergalm.

* 40:9-10 Sir 39:28-31

* 40:11 Sir 17:1

¹⁴ ^kWanneer hy sy hande oopmaak,
sal hy verheug wees;
so sal die oortreders op die ou end faal.

¹⁵ Die nageslag van goddeloses
sal nie hulle takke
laat vermenigvuldig nie;
hulle is •onrein wortels op 'n skerp rots.

¹⁶ 'n Riet by enige water en rivieroewer
sal uitgepluk word voor enige gras.*

¹⁷ *Maar goedgunstigheid
is soos 'n tuin met seëninge;
'n daad van ontferming
sal tot in ewigheid duur.

¹⁸ Die lewe van 'n selfversorgende
en hardwerkende persoon
sal soet wees,
maar verhewe bo beide
is hy wat 'n skat vind.

¹⁹ *Kinders en die bou van 'n stad
bevestig 'n naam,
maar verhewe bo beide
is 'n onberispelike vrou.

²⁰ Wyn en musiek verbly die hart,*

^k40:14 Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

* 40:14-16 so sal ... gras: Wys 4:3-6; Sir 23:25-26

* 40:17 Jes 58:11; Sir 40:27

* 40:19 Spr 18:22; 19:14

* 40:20 Wyn ... hart: Ps 104:15

maar verhewe bo beide
is liefde vir wysheid.

²¹ Fluit- en harpmusiek^l
verskaf soet klanke,

maar verhewe bo beide
is 'n aangename tong.^m

²² Die oog sal grasia en skoonheid
begeer,

maar verhewe bo beide
is die eerste spruite van saad.

²³ *Vriend en kameraad ontmoet
op die geskikte tydstop,

maar verhewe bo beide
is 'n vrou met 'n eggenoot.

²⁴ Broers en hulp is daar
vir 'n tyd van verdrukking,

maar verhewe bo beide
is 'n aalmoes wat uitkoms bring.

²⁵ Goud en silwer maak 'n voetstap
stewig,

maar verhewe bo beide
is raad wat hoog geag word.

²⁶ ⁿ* Geld en mag sal 'n hart verhef,
maar verhewe bo beide

^l40:21 harpmusiek: 'n Driehoekige snaarinstrument met 'n klankbord.

^m40:21 tong: Die tong word geassosieer met spraak.

* 40:23 Sir 25:1

ⁿ40:26-30 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 40:26-32.

* 40:26 Ps 34:10; Sir 25:11

is ontsag vir die Here.
In ontsag vir die Here
is daar geen tekort nie,
en daarom is daar geen rede
om hulp te soek nie.

²⁷ *Ontsag vir die Here
is soos 'n tuin met seëninge
en dit oordek 'n mens^o
meer as enige eer.

²⁸ Kind, moenie die lewe
van 'n bedelaar leef nie;
dit is beter om te sterf
as om te bedel.

²⁹ *Wanneer 'n man na 'n tafel kyk
wat aan 'n ander behoort,
kan sy leefwyse nie langer
as 'n lewe beskou word nie;
hy sal sy siel besoedel met voedsel
wat aan ander behoort,
maar 'n verstandige en opgevoede mens
sal op sy hoede daarvoor wees.

³⁰ In die mond van 'n skaamtelose
persoon sal bedelary soet wees,
maar in sy ingewande sal 'n vuur brand.

* 40:27 Jes 4:5-6

^o40:27 'n mens: Letterlik 'hom'.

* 40:29 Sir 29:24

41

¹ **P**O dood, hoe bitter is die gedagte

aan jou —

vir iemand wat tevrede is

met sy besittings,

vir 'n man wat doelgerig

en suksesvol in alles is,

en steeds lewenskragtig genoeg

om voedsel te geniet.

² *****O dood, jou oordeel is welkom

vir iemand wat gebrek ly

en wie se kragte afneem,

wat in hoë ouderdom verkeer

en oor alles angstig is,

en wat ongehoorsaam is

en die wil verloor het

om te volhard.

³ *****Moenie die dood se oordeel vrees nie;

dink net aan diegene

wat jou voorafgegaan het,

en dié wat ná jou kom.

⁴ Dit is die oordeel van die Here

oor alle vlees,

en waarom verwerp jy

^P**41:1-27** Die •Vulgaat en sommige vertalings nommer hierdie verse as Sir 41:1-28,22.

^{*}**41:2** Sir 30:17

^{*}**41:3** Sir 38:20-22

die goedgunstigheid
van die Allerhoogste?
Of dit nou tien of honderd
of duisend jaar is —
in Hades^q vind daar nie meer
enige vermaning oor die lewe plaas nie.

⁵ *Kinders van sondaars
is afstootlike kinders
en hulle woon saam in die plekke
waar die goddeloses oorbly.

⁶ *Die erfdeel van sondaars
se kinders sal vergaan,
en skande sal voortdurend
met hulle nageslag wees.

⁷ Kinders sal 'n goddelose vader blameer,
omdat hulle vanweë hom
in die skande gestee word.

⁸ Wee julle, goddelose mans,
julle wat die Wet van die Allerhoogste
versaak het.

⁹ Want as julle gebore word,
word julle gebore tot vervloeking
en as julle te sterwe kom,
sal vervloeking julle deel wees.

^q**41:4 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

* **41:5-10** Wys 3:16-19; Sir 3:9-11

* **41:6** Sir 23:25-26

¹⁰ * Alles wat uit die aarde kom,
sal na die aarde terugkeer;
so ook gaan die goddeloses
van vervloeking tot ondergang.

¹¹ * Mense ervaar pyn in hulle liggame,
maar dit is die slegte naam
van sondaars wat uitgewis sal word.

¹² * Wees begaan oor 'n naam,
want dit sal bly voortbestaan,
langer as 'n duisend groot
skatkamers vol goud.

¹³ Van 'n goeie lewe is daar
net soveel dae,
maar 'n goeie naam sal vir ewig
bly voortbestaan.

¹⁴ Kinders, koester in vrede
julle opvoeding,
maar verborge wysheid
en onsigbare skatte —
watter voordeel is daar
in hierdie twee?

¹⁵ 'n Persoon wat sy dwaasheid verberg,
is beter as een wat sy wysheid verberg.

¹⁶ * Toon daarom dan respek

* 41:10 Wys 4:19; Sir 40:11

* 41:11 Spr 10:7; 22:1

* 41:12 Spr 22:1; Pred 7:1

* 41:16 Sir 4:20-26

vir my oordeel,^r
want dit is nie goed om jou
teen elke skande te beskerm nie,
en nie alles sal deur almal
met vertroue goedgekeur word nie.

¹⁷ Wees skaam voor jou vader
en moeder oor hoerery,
en voor 'n leier en maghebber
oor valsheid;

¹⁸ voor 'n regter en 'n ampsdraer
oor 'n vergryp,
en voor die raad en die volk
oor wetteloosheid;

¹⁹ voor metgesel en vriend
oor onreg,
en voor jou woonplek
oor diefstal;

²⁰ voor die waarheid van God
en sy verbond,
en oor die uithou van jou hand
vir brood;^s

²¹ oor die afwysing van ontvang
en gee
en oor jou stilte voor mense
wat groet;

²² * oor jou gekyk na 'n vrou

^r**41:16 oordeel:** Letterlik 'woord'.

^s**41:20 oor ... brood:** Letterlik 'voor die styfheid van 'n elmboog vir brood'.

* **41:22** Sir 9:8; Matt 5:28

wat 'n straatvrou is
en oor die wegdraai van jou gesig
van jou familie;
²³ oor jou wegdra van 'n deel
van 'n geskenk;
oor jou gestaar na 'n vrou
wat getroud is;
²⁴ * oor jou teistering
van 'n diensmeisie —
en moenie op haar bed beland nie;
²⁵ voor vriende
oor beledigende woorde —
en moenie skimp ná jou gawe nie;
²⁶ oor die oorvertel van
wat jy gehoor het,
en oor jou bekend maak
van geheime woorde.
²⁷ Dan sal jy waarlik beskeie wees
en guns vind by alle mense.

42

¹ Moenie oor die volgende dinge
skaam wees nie,
en moenie partydig wees*
en daardeur sondig nie:
² oor die Wet van die Allerhoogste
en sy verbond,

* 41:24-25 Sir 18:15; 31:31

* 42:1 partydig wees: Spr 24:23; Jak 2:1-4,9

en oor die besluit om die goddelose
te regverdig,

³ oor die rekening van 'n metgesel
en reisigers

en oor die verdeling van vriende
se erfdeel,

⁴ * oor die akkuraatheid
van 'n weegskaal en gewigte,
en oor die verkryging van baie of min,

⁵ oor die wins van besigheid
met handelaars,

en oor die streng dissiplinerings
van kinders,

en oor die trek van bloed
met sweepslae^t uit die sy
van 'n slegte huiskneg.*

⁶ In die geval van 'n slegte vrou
is dit goed om dinge te verseël,
en waar daar vele hande is,
moet jy toesluit.

⁷ Wat jy ook al oorhandig,
in getal of gewig,
of gee of ontvang, skryf alles op.

⁸ * Moenie skaam wees

* **42:4** Lev 19:35; Spr 11:1; 16:11; 20:10

^t**42:5 met sweepslae:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **42:5 oor die streng ... huiskneg:** Sir 30:1-13; 33:25-33

* **42:8** Spr 10:13; 26:3; Sir 25:2

oor die dissiplinering
van 'n onverstandige
en van 'n dwaas,
en van 'n grysaard skuldig
teenoor^u jong mans nie;
dan sal jy werklik opgevoed wees
en elke lewende wese se goedkeuring
wegdra.

^{9 *}n Dogter is vir 'n vader
'n verborge bron van slapeloosheid
en besorgdheid oor haar
neem die slaap weg --
as sy jonk is, dat sy nie die fleur
van haar jeug verloor nie,
en as sy getroud is, dat sy nie gehaat
word nie;

¹⁰ as sy 'n maagd is, dat sy
nie onteer word en swanger is
in haar vader se huis nie;
as sy by 'n man is,
dat sy nie oortree nie,
en as sy getroud is,
dat sy nie onvrugbaar sal wees nie.

¹¹ Oor 'n eiesinnige dogter
moet jy streng waak,
sodat sy nie voor jou vyande

^u42:8 teenoor: Ander mss lui “weens seksuele losbandigheid”.

* 42:9-11 Deut 22:20-21; 24:1; Sir 7:24-25; 26:10-12

van jou 'n gek maak nie --
die onderwerp word
van skinderpraatjies in die stad,
en opgeroep word tot verhoor
deur die volk --
en sy jou so voor 'n menigte mense
in die skande steek.

¹² *Moenie na die skoonheid
van enige mens kyk nie;
moet ook nie in die midde van vroue
beraadslaag nie.

¹³ Want uit klere kom 'n mot
te voorskyn
en uit 'n vrou die boosheid van 'n vrou.

¹⁴ Beter is die boosheid van 'n man
as 'n vrou wat goed doen,
en as 'n vrou wat skandes maak
tot op die punt van belediging.

¹⁵ *Ek sal inderdaad die werke
van die Here onthou,
en wat ek gesien het,
sal ek oorvertel;
deur die woorde van die Here
het sy werke ontstaan.^{v*}

* 42:12-13 Sir 9:1-9

* 42:15 – 43:33 Vgl Sir 16:24 – 18:14

^v42:15 ontstaan: Die •Vulgaat voeg by “en oordeel word voltrek volgens sy wil.”

* 42:15 deur ... ontstaan: Gen 1:1-31; Ps 33:6; Ps 77:12-13; Wys 9:1

¹⁶ Die stralende son kyk af op alles,
en sy werk is vol van die glorie
van die Here.

¹⁷ Die Here^w laat nie sy heiliges toe
om te vertel van al sy wonders
wat Hy, die Here, die Almagtige,
tot stand gebring het nie,
sodat die heelal vas kan staan
in sy heerlikheid.^x

¹⁸ Die onpeilbare diepte^{*y} en die hart
ondersoek Hy,
en Hy oordink hulle slinkse planne,^z
want die Allerhoogste besit alle kennis,
en Hy sien die teken van die tye,

¹⁹ terwyl Hy vertel oor wat
verbygegaan het en wat sal wees,
en spore van verborge dinge openbaar.

²⁰ *Geen gedagte ontgaan Hom nie;
geen enkele woord is vir Hom
verborge nie.

^w**42:17 Die Here** Letterlik 'Hy'.

^x**42:17 sodat ... heerlikheid:** Die Vulgaat lui "Die Here het sy leërs bevestig in die teenwoordigheid van sy glorie."

^{*}**42:18 onpeilbare diepte:** Gen 1:2

^y**42:18 onpeilbare diepte:** In Grieks *abussos*. Dit verwys na die beskouing in antieke tye waarvolgens bose geeste en demone in 'n diep onderaardse woonplek gevange gehou is.

^z**42:18 ondersoek ... planne:** Die Vulgaat lui "het Hy ondersoek en hulle slinkse planne het Hy oordink."

^{*}**42:20** Ps 139:1-4; Wys 1:6-9; Sir 39:19

^{21 a*}Die grootshede van sy wysheid
orden Hy,
aangesien Hy van voor alle tye
en tot in alle tye is.

Niks is tot Hom toegevoeg
of aan Hom verminder nie,
en Hy het geen raadgewer nodig nie.

²²Hoe begeerlik is al sy werke,
en hulle is soos skitterende vonke
om te aanskou.

²³Al hierdie dinge leef
en duur vir altyd binne hulle funksies,
en alles is gehoorsaam.^b

^{24 *}Alles kom in pare,
die een teenoor die ander,
en Hy het niks onvolkome geskep nie.

²⁵Een versterk die goeie kenmerke
van die ander,
en wie sal genoeg kry by die aanskoue
van sy glorie?

43

^{1 *}Die trots van die hoogte

^a42:21-25 Die Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 42:21-26.

^{*} 42:21 Pred 3:14; Jes 40:13; Wys 9:13; Sir 18:6; Rom 11:34; 1 Kor 2:11

^b42:23 duur ... gehoorsaam: Die Vulgaat lui “duur vir altyd, en alles is gehoorsaam in elke noodsituasie.”

^{*} 42:24-25 Pred 3:1-8; Sir 33:14-15

^{*} 43:1-12 Ps 19:2-5; 104:1-2

is die helder hemelkoepel;
die voorkoms van die hemel
is 'n heerlike gesig om te aanskou.

² Die son, wanneer hy aanskou word,
verkondig met sy opkoms^c
dat hy 'n wonderlike liggaam is,
'n werk van die Allerhoogste.

³ Teen die middaguur
droog hy die land uit,
en voor sy verskroeiende hitte,
wie sal kan uithou?

⁴ Wanneer iemand 'n oond aanblaas
waar hy werk by verskroeiende
hitte —

drie maal erger is die son
wanneer hy berge verteer,
sy vurige asem uitblaas,
sy strale vlammend uitsprei
en so die oë verblind.

⁵ * Groot is die Here
wat hom^d gemaak het,
en op sy bevel haas hy hom op sy reis.

⁶ * En die maan merk
al die vasgestelde seisoene —

^c**43:2 opkoms:** Letterlik 'uitgaan'.

* **43:5** Ps 19:6

^d**43:5 hom:** Die son.

* **43:6-7** Gen 1:14-18; Num 28:11-14; Ps 81:4; 89:38; 104:19

'n aankondiger van tye
en 'n ewigdurende teken.

⁷ Van die maan kom 'n teken
vir 'n fees —

'n hemellig wat verdof
soos hy sy koers voltooi.

^{8 e} Die nuwemaan, volgens sy naam,
groeï wonderbaarlik
terwyl hy verander —

'n hemellig vir die leërmagte
in die hoogte^f
wanneer hy in die hemelkoepel skyn.

^{9 *} Die skoonheid van die hemel
lê in die glans van die sterre —
'n sieraad wat lig verskaf
in die hoogtes van die Here.

¹⁰ Volgens die woorde
van die Heilige sal hulle^g
bly staan, volgens sy bevel,
en hulle sal nooit verslap
in hulle wagbeurt nie.

^{11 *} Kyk na die reënboog,

^e43:8-33 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 43:8-37.

^f43:8 hemellig ... hoogte: Word ook vertaal “'n hemellig in die hoogte vir leërmagte”.

* 43:9 Ps 8:4

^g43:10 hulle: Die sterre.

* 43:11 Gen 9:13; Sir 50:7

en loof Hom wat dit geskep het —
buitengewoon pragtig in sy glans.

¹² Dit omsirkel die hemel
met 'n glansende boog;
die hande van die Allerhoogste
het dit gespan.

¹³ Met sy bevel verhaas Hy die sneeu,
en versnel Hy die blitse van sy oordeel.

¹⁴ Daarom is voorraadkamers geopen,
en het wolke uitgevlieg soos voëls.

¹⁵ Deur sy wonderlike krag
het Hy wolke versterk,
en is haelstene in stukke gebreek.

¹⁶ En met sy verskyning
sal berge geskud word;
deur sy wil sal die suidewind waai.

¹⁷ Die geluid van sy donder
bestraf die aarde,*
so ook 'n storm uit die noorde
en 'n werwelwind.

¹⁸ Soos voëls wat na benede vlieg,
sprinkel Hy sneeu,
en soos sprinkane wat gaan sit,
val dit neer.

'n Oog sal die prag van die witheid
daarvan bewonder,
en 'n hart sal verstom wees

* 43:17 Die geluid ... aarde: Ps 29:8

oor die neerslag^h daarvan.

¹⁹ *En soos sout strooi Hy ryp uit
oor die aarde,
en wanneer dit vries,
ontstaan daar doringpunte.

²⁰ 'n Koue noordewind sal waai
en yskristalle vries op die water;
op elke versameling van water
sal dit vorm,
en soos 'n borsplaat sal die water
dit aantrek.

²¹ Hy sal berge verorber
en woestyne verbrand
en gras skroei soos vuur.

²² Mis bring spoedig
die herstel van alles;
dou wat verskyn, sal verligting
bring van die hitte.

²³ *Volgens sy plan het Hy
die watermassas beteuel,
en eilande daarin geplant.

²⁴ *Mense wat die see bevaar,
vertel van die gevaar daarvan,
en ons is verwonderd oor dit

^h**43:18 neerslag:** Letterlik 'reën'.

* **43:19** Ps 147:16-17

* **43:23** Ps 104:5-6

* **43:24-25** Ps 104:25-26

wat ons ore hoor.

²⁵ En daarin is uitsonderlike
en wonderlike werke,
'n verskeidenheid van alle lewende
wesens,
die skepping van seediere.

²⁶ *Vanweë Hom is sy boodskapperⁱ
suksesvol,
en deur sy woord bly alles byeen.

²⁷ *Al sou ons baie dinge kon sê,
sal ons nooit alles bereik nie;
die slotsom van alle woorde is:
“Hy is die Alles.”

²⁸ *Waar sal ons die krag kry
om Hom^j te verheerlik?
Want Hy is die Groot Een,
meer as al sy werke.

²⁹ Ontzagwekkend is die Here;
uitermate groot en skouspelagtig
is sy heerskappy.

³⁰ Verhoog die Here deur Hom
te verheerlik,

* **43:26** Ps 33:6

ⁱ**43:26 boodskapper:** In die lig van Ps 147:15 dui “boodskapper” hier waarskynlik op die skeppingswoord van God.

* **43:27** Wys 1:7; 7:22 — 8:1

* **43:28** Ps 96:4; 145:3

^j**43:28 Hom:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

soveel as wat julle kan,
want ook dit sal Hy steeds oortref;
en span al julle kragte in
om Hom te verhoog.

Moenie moeg word nie, want julle
sal dit nooit bereik nie.

³¹ *Wie het Hom gesien
en kan Hom beskryf?

En wie sal Hom groot maak
soos Hy is?

³² Baie wat verborge is,
is groter as hierdie dinge,
want min van sy werke
het ons gesien.

³³ *Want die Here het alles geskep,
en aan die godvresendes
het Hy wysheid gegee.

44

Lied vir die beroemdes

¹ *Laat ons nou die beroemde
manne prys,
ja, die vaders van wie ons afstam.

² Die Here het 'n omvattende
heerlikheid geskep;

* 43:31 Ps 106:2

* 43:33 Sir 1:10

* 44:1-15 1 Mak 2:51-64

daarin is sy majesteit van ewig af.

³ Sommige het in hulle koninkryke

geheers,

en beroemde manne geword

deur mag;^k

ander het uit hulle insig raad gegee

toe hulle uitsprake gelewer het

deur profesieë;^{*}

⁴ ander het die volk gelei

met samesprekings,

en deur hulle insig in die skryfkuns

van die volk¹ —

wyse woorde was daar

in hulle onderrig;

⁵ ander het melodieë gekomponeer

en nog ander het verhalende

gedigte geskryf;

⁶ sommige vermoënde manne

was ook toegerus met mag,^m

en het vreedsaam verkeer

in hulle huise.

⁷ Al hierdie manne is vereer

in hulle geslagte,

en in hulle dae was hulle

^k44:3 **deur mag:** Die •Vulgaat lui “voorsien van groot mag en sy wysheid”.

^{*}44:3 **uit hulle insig ... profesieë:** Sir 39:1

¹44:4 **en deur ... van die volk:** Die Vulgaat lui “en volke deur hulle ervaring in die skryfkuns”.

^m44:6 **toegerus met mag:** Die Vulgaat voeg by “toegewy aan skoonheid”.

'n voorwerp van roem.

^{8 n*} Daar was van hulle wat 'n naam
agtergelaat het,
sodat lofsange oor hulle
gesing kon word.

⁹ Maar daar is hulle van wie
daar geen herinnering bestaan nie;
hulle het gesterf asof hulle
nie bestaan het nie,
en hulle het geword soos diegene
wat nie gebore is nie,
so ook hulle kinders na hulle.

¹⁰ Hierdie manne,^o daarenteen,
was vol ontferming,
en hulle regverdige daade
is nie vergeet nie.

¹¹ Onder hulle nageslag
sal dit voortleef;
'n goeie nalatenskap is hulle kinders.

¹² Aan die verbonde^p het hulle
nageslag getrou gebly,
asook hulle kinders om hulle ontwil.

ⁿ44:8 Die Vulgaat lui “Hulle nageslag het vir hulle 'n naam agtergelaat deur lofsange vir hulle te sing.”

^{*} 44:8-9 Pred 2:16

^o44:10 Hierdie manne: Dit verwys na die bekende voorouers.

^p44:12 verbonde: Dit verwys na die verskillende verbonde in die OT.

¹³ *Hulle nageslag sal vir ewig
bestaan,
en hulle glorie sal nie uitgewis
word nie.

¹⁴ *Hulle liggame is in vrede begrawe,
en hulle naam sal leef
oor geslagte heen.

¹⁵ *Volke sal hulle wysheid oorvertel,
en 'n volksvergadering
sal hulle lof verkondig.

¹⁶ Henog^q het die Here behaag
en hy is weggeneem^r —
'n voorbeeld van berou
vir die geslagte.

¹⁷ ^s*Noag is volkome en regverdig
bevind;
in 'n tyd van toorn het hy
'n versoening^t geword.
Vanweë hom het daar 'n nageslag

* **44:13** Sir 39:9; 41:13

* **44:14** Wys 3:2-3

* **44:15** Sir 39:10

^q**44:16 Henog:** Dit verwys na die tradisie van die openbaringe van •Henog; vgl
Gen 5:22-24; Wys 4:10; Sir 49:14; Heb 11:5; Jud vs 6,14.

^r**44:16 weggeneem:** Die Vulgaat voeg by “na die paradys”.

^s**44:17-23** Die Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 44:17-27.

* **44:17** Gen 6:9; Heb 11:7

^t**44:17 versoening:** Letterlik ‘losprys’.

op aarde oorgebly
toe die vloed gekom het.

¹⁸ *Ewigdurende verbonde
is met hom gesluit,
naamlik dat geen vlees
weer uitgewis sou word
deur 'n vloed nie.

¹⁹ *Abraham was 'n grootse vader
vir 'n veelheid van nasies,
en niemand is soos hy bevind
in sy heerlikheid^u nie.

²⁰ *Hy het die wet van die
Allerhoogste nagekom,
en in 'n verbond met Hom getree;
aan sy liggaam^v het hy
'n verbond gesluit,
en toe hy op die proef gestel is,
is hy betroubaar bevind.

²¹ *Daarom het die Allerhoogste^w
met 'n eed aan hom bevestig
dat nasies geseën sou word in sy saad,

* **44:18** Gen 8:21; 9:9-11

* **44:19** Gen 17:4-5; Rom 4:3; Gal 3:6; Heb 11:8-19; Jak 2:23

^u**44:19 niemand ... heerlikheid:** Die Vulgaat lui “geen smet is gevind in sy heerlikheid”.

* **44:20** Gen 15:18; 17:10-14,24; 22:1-19; Heb 11:8

^v**44:20 sy liggaam:** Dit verwys na die besnydenis van Abraham.

* **44:21** Gen 12:3; 13:16; 15:5,18; Gal 3:8; Heb 6:14; 11:12

^w**44:21 die Allerhoogste:** Letterlik ‘Hy’.

en dat Hy hom sou vermeerder
soos die stof van die aarde,
en sy saad sou verhoog
soos die sterre,
en dat Hy aan hulle 'n erfdeel
sou gee van see tot see,
en van die rivier^x tot aan
die einde van die aarde.

²² *En Hy het dit ook so
aan Isak bevestig
vanweë Abraham, sy vader.

²³ *'n Seëning vir alle mense
en 'n verbond
het Hy op die hoof van Jakob
laat rus.

Hy het hom erken met sy seën,
en dit aan hom gegee met 'n erfenis.^y
Hy het sy erfdeel verdeel
en dit aan die twaalf stamme gegee.

45

¹ *En Hy het uit Jakob^z

^x**44:21 rivier:** Moontlik die Eufraatrivier. In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, vyande van Israel, gevloei.

* **44:22** Gen 17:19

* **44:23** Gen 26:3-5,24; 27:27-29; 28:13-15; 35:12

^y**44:23 dit ... erfenis:** Die Vulgaat lui “en het hom 'n erfenis gegee.”

* **45:1** Eks 2:2; 11:3; 33:11; Num 12:7

^z**45:1 Jakob:** Letterlik ‘hom’.

'n deernisvolle man voortgebring
wat guns gevind het
in die oë van alle mense,
geliefd deur God en mense —
Moses, wie se herinnering
deur seëninge vergesel is.

² *God^a het hom gelyk gestel
aan die heerlikheid van heiliges
en Hy het hom verhef deur vrees te stig
onder die vyande.

³ *Deur Moses se^b woorde
het Hy wondertekens laat ophou.^c
Hy het hom voor konings verheerlik;
Hy het hom bevele gegee vir sy volk
en het hom sy heerlikheid getoon.

⁴ *Op grond van sy getrouheid en sagmoedigheid
het Hy hom afgesonder en uit alle mense
hom uitgekies.

⁵ ^d*Hy het hom sy stem laat hoor,
hom in die duisternis gelei
en aan hom van aangesig
tot aangesig gebooi gegee —

* 45:2 Eks 4:16; 7:1

^a45:2 **God:** Letterlik 'Hy'.

* 45:3 Eks 7:1-7; 8 — 11; 19:3,7,10; 20:2-25; Deut 5:6-21

^b45:3 **Moses se:** Letterlik 'sy'.

^c45:3 **laat ophou:** 'n Ander ms lui "snel laat gebeur".

* 45:4 Num 12:3,7

^d45:5-26 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 45:5-31.

* 45:5 Eks 19:15-21; 24:18

'n wet vir die lewe en kennis,
om Jakob 'n verbond te leer
en Israel sy oordele.

⁶ *Hy het sy broer, Aäron,
uit die geslag van Levi, * verhef —
'n heilige man soos hyself.

⁷ *Hy het 'n ewige verbond met hom gesluit
en aan hom die priesterskap
van die volk besorg;

Hy het hom geseën met waardige optrede
en hom beklee met 'n mantel van eer.

⁸ *Hy het hom geklee
met volmaakte heerlikheid
en hom versterk met die uitrustings
van mag —

'n linnebroek, 'n vollengtemantel en 'n efod^e.

⁹ Hy het hom ook met granate omring,
met baie goue klokkies rondom —
om 'n geluid te maak wanneer hy loop,
'n hoorbare geluid in die tempel,
— as 'n herinnering vir die kinders van sy volk;

* 45:6-22 Eks 28 — 29; Wys 18:24

* 45:6 sy broer ... Levi: Eks 4:14

* 45:7 Eks 28:1-2,43; Sir 45:9-10

* 45:8 Eks 28:39-42

^e45:8 efod: 'n Soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het.

¹⁰ * met die heilige stola,^f
 met goud en blou en pers,
 die werk van 'n borduurder;
 met die borsplaat van oordeel,
 simbole van waarheid;
 met gevlegte skarlaken, die werk
 van 'n ambagsman;
¹¹ * met kosbare stene
 van 'n gegraveerde seël^g
 in 'n goue montuur, die werk van 'n juwelier,
 ter herinnering, in gegraveerde skrif,
 aan die getal stamme van Israel;
¹² * met 'n kroon van goud op 'n tulband,^h
 'n heilige seël in reliëf,
 'n pronkstuk van eer, 'n geweldige werk —
 alles ryklik versierde voorwerpe
 wat die oog begeer.
¹³ Voor sy tyd het sulke pragtige dinge

* 45:10 Eks 28:4-5,30; Lev 8:8

^f45:10 stola: 'n Lang gewaad wat byvoorbeeld deur skrifkenners, priesters en geleerdes gedra word tydens besondere geleenthede. Dit strek tot op die voete en is 'n simbool van hoë status en waardigheid; •Kleredrag.

* 45:11 Eks 28:12-13,39

^g45:11 met ... seël: Dit verwys waarskynlik na die 12 stene waarop die name van die 12 stamme van Israel gegraveer is. Die Hebreeuse teks van Ben Sira lui “met kosbare stene op die borsplaat, seëlgraverings in hulle monture. Elke kosbare steen is ter herinnering, in gegraveerde skrif, aan die getal van hulle stamme”.

* 45:12 Eks 28:36-38

^h45:12 tulband: 'n Lang strook materiaal wat verskeie kere op 'n sekere manier om die kop gedraai en ingevou is. Dit kon soos 'n hoed opgesit en afgehaal word.

nie bestaan nie.

Tot in ewigheid sal geen vreemdeling
dit aangetrek het nie,
behalwe net sy seuns en hulle nageslag
vir altyd.

¹⁴ *Sy offers sal heeltemal verbrand word,
twee keer per dag, sonder onderbreking.

¹⁵ *Moses het sy hande gevul
en hom met heilige olie gesalf;
dit het vir hom 'n ewige verbond geword,
asook vir sy saad, solank die hemel bestaan,ⁱ
om Hom te dien en terselfdertyd
'n priester te wees
en om sy volk te seën in sy Naam.

¹⁶ Hy het hom uit almal wat leef, uitgekies,
om 'n offer aan die Here te bring,
wierook en 'n aangename geur,
ter herinnering,
om versoening vir die volk te doen.

¹⁷ *Deur sy gebooie het Hy aan hom
gesag verleen
om volgens verbondsbepalings oordele te vel,
om vir Jakob die getuienisse te leer
en om deur sy Wet Israel te verlig.

* 45:14 Lev 6:12-16

* 45:15 Lev 8:1-13

ⁱ45:15 solank ... bestaan: Letterlik 'in die dae van die hemel'.

* 45:17 Sir 45:26

¹⁸ *Vreemdelinge het teen hom planne beraam
en hulle was jaloers op hom in die woestyn —
die manne saam met Datan en Abiram
en dié wat in toorn en woede by Korag
versamel was.

¹⁹ Die Here het gekyk en was nie tevrede nie,
en hulle is vernietig deur sy grimmige toorn;
Hy het wonderwerke teen hulle gedoen
deur hulle te verteer in die vlam van sy vuur.

²⁰ Hy het glorie vir Aäron bygevoeg
en aan hom 'n erfdeel gegee;
die eersteling^j van die eerste produkte
het Hy aan hom toegeken;*
brood van die eersteling het die Here^k
in oorvloed voorberei.*

²¹ Want ook hulle^l sal die offerandes
van die Here eet,
wat Hy aan hom én sy nageslag gegee het.

²² *Maar in die land van die volk
sal hy geen erfenis besit nie,
en daar is vir hom geen erfdeel
onder die volk nie,

* **45:18-19** Num 16:1-35

^j**45:20 eersteling:** Dit verwys na die eerste graan of vrugte wat aan die begin van die oes aan God gewy is.

* **45:20 eersteling ... toegeken:** Num 18:12-13

^k**45:20 die Here:** Letterlik 'Hy'.

* **45:20 brood ... voorberei:** Eks 25:30; Lev 24:5-9

^l**45:21 hulle:** Dit verwys na die Leviëte en die priesters.

* **45:22** Num 18:20; Deut 10:9; Ps 16:5

want God self^m is sy erfdeel en nalatenskap.

²³ *En Pinehas, die seun van Eleasar,

is derde in glorie,

aangesien hy ywerig was

in sy ontsag vir die Here

en hy vasgestaan het tydens die afdwaling

van die volk;

deur die goedheid, die ywer van sy siel,ⁿ

het hy ook versoening vir Israel gedoen.

²⁴ Daarom is daar met hom

'n verbond van vrede gesluit,

om in beheer te wees van heilige dinge

en van sy volk,

sodat hy en sy nageslag

vir ewig die grootsheid van die priesterskap

kan besit.

²⁵ *Daar is ook 'n verbond gesluit met Dawid,

seun van Isai, uit die stam van Juda,

dat die erfdeel van die koning

slegs van seun tot seun sal wees,

en die erfdeel van Aäron ook vir sy nageslag.

²⁶ *Mag Hy aan julle wysheid

^m**45:22 God self:** Letterlik 'Hy'.

* **45:23** Num 25:7-13; Ps 106:30-31; 1 Mak 2:26,54

ⁿ**45:23 siel:** Die mens se bewuste, innerlike self.

* **45:25** 2 Sam 7:12-16; 1 Kon 8:25

* **45:26** Sir 50:23

in julle hart skenk
om sy volk in regverdigheid te oordeel,
sodat hulle goeie dae nie verdwyn nie
en hulle glorie oor hulle geslagte heen
sal wees.

46

¹ ^{o*} Josua, seun van Nun,
was magtig in oorlogvoering,
en 'n opvolger van Moses in profesieë,
en hy was, soos sy naam aandui,^p
beroemd^q vir die redding
van sy^r uitverkorenes,
deur wraak te neem
op aanvallende vyande
sodat hy vir Israel 'n erfenis kon gee.

² Hoe is hy vereer toe hy sy hande
opgehef het,
en toe hy 'n swaard uitgestrek het
teen die stede!

³ Wie voor hom het so vas gestaan?
Want dit was hý wat die oorloë
van die Here gelei het.

^o46:1-20 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 46:1-23.

^{*}46:1 Jos 1:1 — 11:23

^p46:1 soos ... aandui: Die naam Josua beteken ‘•Jahwe verlos’. In die •Septuagint is die naam in Grieks “Jesus”.

^q46:1 beroemd: Letterlik ‘groot’.

^r46:1 sy: God se.

⁴* Was dit nie deur sy hand
dat die son teruggehou is,
en een dag so lank soos twee
geword het nie?

⁵* Hy het die Allerhoogste,
die Magtige, aangeroop,
toe vyande van alle kante af
hom in die noute gedruk,
en die grootse Here hom gehoor het
met haelstene van geweldige krag.

⁶ Hy het oorlog laat uitbreek
teen 'n nasie,
en vanaf 'n hoogte het hy dié
wat teenstand gebied het, verwoes,
sodat nasies sy wapentuig mag ken —
naamlik, dat sy oorlog in die
teenwoordigheid van die Here was.

⁷* Want hy het inderdaad
'n Magtige Een gevolg,
en in die dae van Moses
het hy genade betoon,
hy en Kaleb, seun van Jefunne,
deur 'n volksvergadering teen te staan,
deur die volk van sonde te weerhou,
en deur hulle bose gemor die swye
op te lê.

* 46:4 Jos 10:12-13

* 46:5 Jos 10:10-11; vgl Sir 46:16

* 46:7 Num 13:30; 14:6-10,30; Jos 14:6-11

⁸ En hulle, alhoewel net twee,
het ongedeerd ontkom
uit seshonderdduisend voetsoldate,
om hulle na 'n erfdeel te lei,
na 'n land wat vloei
van melk en heuning.

⁹ En die Here het aan Kaleb
krag verleen,
en tot sy oudag het dit by hom gebly,
sodat hy na die heuweland opgegaan,
en sy nageslag 'n erfdeel ontvang het,
¹⁰ en al die Israeliete kon sien
dat dit goed is om die Here te volg.

¹¹ Ook die rigters,* elkeen
met sy eie naam,
wie se harte nie hoerery gepleeg het,
en wat nie van die Here af
weggedraai het nie —
mag hulle nagedagtenis tot seën wees,
¹² mag hulle beendere herleef
uit die plek waar hulle is,^s
en hulle naam oorgedra word
na die kinders van die beroemdes.

¹³ *Samuel, vir wie die Here liefhet,

* **46:11 rigters:** Rig 1:1 — 16:31

^s**46:12 uit ... is:** Dit verwys na hulle grafte.

* **46:13-20** 1 Sam 3:19-20; 10:1; 16:13; 28:18-19

'n profeet van die Here,
het 'n koningskap laat vestig,
en heersers oor sy volk gesalf.

¹⁴ Deur die wet van die Here
het hy die volksvergadering gerig,
en die Here het wag gehou oor Jakob.^t

¹⁵ Deur sy trou is hy bevind
as 'n ware profeet
en die betroubaarheid van sy visioen
het geblyk uit sy woorde.

¹⁶ * En hy het die Here, die Magtige,
aangeroop
— wanneer sy vyande rondom hom
hom in die noute gebring het —
met die offerande van 'n lammetjie
wat nog aan sy ma drink.

¹⁷ En die Here het uit die hemel
donder laat klink,
en met 'n harde geluid het Hy sy stem
laat hoor.

¹⁸ En hy het die leiers van Tirus
uitgewis,
en al die heersers van die Filistyne.

¹⁹ * En voor die tyd van ewige slaap
het hy voor die Here
en sy gesalfde getuig:

^t**46:14 Jakob:** Dit verwys hier na die volk Israel.

* **46:16-17** 1 Sam 7:9-13

* **46:19** 1 Sam 12:3

“Geen besittings, selfs nie
'n paar skoene,
het ek ontvang van enige mens nie!”
En nie 'n enkele persoon
het hom beskuldig nie.
²⁰ Selfs nadat hy die doodslaap
ingegaan het, het hy geprofeteer,
en aan die koning sy einde
bekend gemaak,
en sy stem uit die aarde verhef
in 'n profesie ten einde
die wetteloosheid van die volk
uit te wis.

47

¹ *En ná hom het Natan opgestaan
om te profeteer, in die tyd van Dawid.

² *Net soos vet afgeskei word
van 'n maaltydoffer,^u
so ook Dawid van die Israëliete.

³ Hy het met leeus gespeel
soos met boklammers,

* 47:1 2 Sam 7:2-17

* 47:2-11 1 Sam 17:34 — 18:7; 2 Sam 5:7-9; 7:12-16; 8:1; 12:13,14

^u47:2 **maaltydoffer:** 'n Diereoffer (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

en met bere soos met skaaplammetjies.

^{4v}Het hy nie in sy jeug

'n reus gedood,

en sodoende skande van die volk

weggeneem

deur sy hand met 'n klip

in 'n slinger op te lig

en die hoogmoed van Goliat

neer te werp nie?

⁵Want hy het die Here,

die Allerhoogste, aangeroop,

en Hy het aan sy regterhand krag gegee

om 'n persoon, bedrewe

in oorlogvoering, te verwyder

ten einde sy volk se horing^w te verhef.

⁶So, met^x tienduisende gevallenes,^y

het hulle hom verheerlik,

en het hulle hom met seëninge

van die Here geprys,

deur vir hom 'n diadeem van glorie

te bring.

⁷Want hy het vyande

^v47:4-25 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 47:4-31.

^w47:5 **horing:** 'n Dier se horings is beskou as 'n simbool van krag; vgl Ps 18:2. 'n Ramshoring is ook gebruik om op te roep tot die stryd en om oorwinning aan te kondig.

^x47:6 **met:** Die Vulgaat lui “oor”.

^y47:6 **gevallenes:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel; vgl. 1 Sam 18:7; 21:11.

aan alle kante uitgewis,
en die Filistyne, sy teenstanders,
met minagting behandel;
hy het hulle horing gebreek,
tot vandag toe.

⁸ In elkeen van sy dae
het hy erkenning gegee
aan die Heilige, die Allerhoogste,
met 'n woord van lof;
met sy hele hart het hy liedere gesing,
en hy het Hom, wat hom geskep het,
liefgehad.

⁹ *Dawid^z het psalmsangers
voor die altaar opgestel
om soet melodieë te maak
met hulle stemme.

¹⁰ Hy het sodoende luister verleen
aan feeste,
en feestye volledig georganiseer,
sodat hulle die Here se Heilige Naam
geprys het,
en van vroegoggend die heiligdom
laat weergalm het.

¹¹ Die Here het sy sondes weggeneem
en sy horing vir ewig verhef,
en vir hom 'n koningsverbond gegee
en 'n troon van glorie in Israel.

*47:9 1 Kron 15:16-17; 16:4-6; 25:1

^z47:9 Dawid: Letterlik 'Hy'.

¹² *Ná hom het 'n wyse seun
op die toneel verskyn,
en danksy Dawid^a het hy
in 'n groot gebied gewoon.

¹³ *Salomo het in tye van vrede
geheers,
en God het hom aan alle kante
rus gegee,

sodat hy 'n huis vir sy Naam kon vestig
en 'n heiligdom vir ewig kon voorberei.

¹⁴ Hoe wys was jy nie in jou jeug nie!
Ja, jy was soos 'n rivier gevul met insig.

¹⁵ Jou siel^b het die aarde bedek,
en jy het dit gevul met raaiselagtige
spreuke.

¹⁶ Jou naam het verafgeleë eilande
bereik,
en jy was geliefd in jou vredestyd.

¹⁷ Oor odes, spreuke, gelykenisse
en interpretasies,
het landstreke jou bewonder.

¹⁸ In die Naam van die Here God,
wat bekend staan as die God
van Israel,

* **47:12** 1 Kon 2:12

^a **47:12 Dawid:** Letterlik 'hom'.

* **47:13-17** 1 Kon 4:21-32; 5:9-18

^b **47:15 siel:** Die mens se bewuste, innerlike self.

het jy goud versamel soos tin,
en silwer vermeerder soos lood.*

¹⁹* Jy het jou lendene gebuig

vir die vroue,

en jy is beheer deur jou liggaam.

²⁰ Jy het skande gebring oor jou eer

en jou saad onteer,

sodat jy gramskap oor jou kinders

gebring het,

en hulle deur jou dwaasheid bedroef is,

²¹* sodat 'n tweedelige tirannie

ontstaan het,

en in Efraim^c 'n opstandige koninkryk

aan bewind gekom het.

²²* Maar die Here hou nooit

sy genade terug nie,

en wend Hom nooit

van sy beloftes af nie,^d

en sal nooit die nakomelinge

van sy uitverkorene uitwis,

en nooit die nageslag van die een

wat hom liefgehad het,

* **47:18 het jy ... lood:** 1 Kon 10:21

* **47:19** 1 Kon 11:1-10

* **47:21** 1 Kon 12:1-25

^c**47:21 Efraim:** Dit verwys na gebied waar sommige van die stamme van die Noordelike Ryk wes van die Jordaan gevestig was.

* **47:22** Ps 89:34-38

^d**47:22 wend ... af nie:** Dit verwys na die belofte van die Here aan Dawid; vgl 2 Sam 7:15.

wegneem nie.

En Hy het 'n oorblyfsel vir Jakob gegee
en daaruit 'n wortelstok^e vir Dawid.

²³ *En Salomo is by sy vaders
te ruste gelê,
en het ná hom, uit sy nageslag,
'n man van dwaasheid
onder die volk agtergelaat —
iemand by wie dit aan insig
ontbreek het,
naamlik Rehabeam, wat die volk
afvallig gemaak het met sy raad.

²⁴ Jerobeam, seun van Nabat,
het Israel laat sondig,
en vir Efraim op 'n pad van sonde gelei,
en hulle sondes het uitermate
vermeerder,
sodat hulle moes wyk
uit hulle grondgebied.

²⁵ En hulle het elke boosheid nagejaag
totdat straf oor hulle gekom het.

48

¹ *En Elia, 'n profeet soos vuur,

^e47:22 wortelstok: Dit verwys na familiestam.

* 47:23-25 1 Kon 11:43; 12:13-14,28-30; 13:34

* 48:1-14 1 Kon 17:1,17-24; 18:2,36-38,40; 19:4-21; 2 Kon 1:10-15; 2:1-12; Jak
5:17

het opgestaan,
en sy profetiese woord het gebrand
soos 'n lamp.

² Dit is hy wat hongersnood
oor hulle gebring het,
en deur sy ywer hulle getalle
uitgedun het.

³ Deur 'n woord van die Here
het hy die hemel gesluit,
en so het hy ook drie keer
vuur afgebring.

⁴ Hoe is jy, Elia, nie verheerlik
deur jou wonderdade nie!
En wie kan roem soos jy?

⁵ Jy is die een wat 'n lyk
uit die dood opgewek het,
ja, uit Hades,^f op bevel
van die Allerhoogste.

⁶ Jy is die een wat konings
neergewerp het tot hulle vernietiging
en beroemdes van hulle beddens af* —

⁷ jy wat 'n teregwysing gehoor het
by Sinai,
en by Horeb^g oordele van straf;

^f**48:5 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

* **48:6 beroemdes ... af:** 2 Kon 1:16

^g**48:7 Horeb:** Eks 3:1; 17:6; Deut 1:2; 1 Kon 8:9; 2 Kron 5:10; Ps 106:19; Mal 4:4;
ook genoem Sinai in Eks 19:11-23.

⁸ jy wat konings gesalf het
met die oog op vergelding,
en profete om jou op te volg;

⁹ jy wat opgeneem is
in 'n stormwind van vuur,
in 'n strydwa met vurige perde.

¹⁰ Daar is van jou geskryf dat jy
van tyd tot tyd dwalinge weerlê het^h
om toorn te laat bedaar voor dit
uitbreek in woede,
om die hart van 'n vader
na sy seun te draai,^{*}
en om die stamme van Jakob
te herstel.

¹¹ Gelukkig is hulle wat jou
gesien het,
en hulle wat in liefdeⁱ vir jou
ontslaap^j het,
want ook ons sal sekerlik leef.^k

¹² *Elia was van 'n stormwind omgewe,
en Elisa is met sy gees gevul;

^h48:10 van tyd ... weerlê het: Die •Vulgaat lui “gereed was op beslissende oomblikke”.

^{*} 48:10 om die hart ... draai: Mal 4:5-6; Matt 17:10; Luk 1:17

ⁱ48:11 liefde: Die Vulgaat lui “vriendskap”.

^j48:11 ontslaap: 'n Versagtende term vir “sterwe”.

^k48:11 ons ... leef: Die Vulgaat lui “ons leef ons lewe, maar ná die dood sal ons naam nie so groot wees nie.”

^{*} 48:12-16 2 Kon 2:9-25; 13:20-21; 18:9-12

en in sy tyd is hy nie deur enige
heerser van stryk gebring nie,
en niemand kon hom onderdruk nie.

¹³ Geen saak was bo sy vermoë nie,
en in sy doodslaap het sy liggaam
geprofeteer.

¹⁴ Gedurende sy lewe het hy
wonders gedoen,
en in sy dood was sy dade
wonderbaarlik.

¹⁵ Deur al hierdie gebeure heen
het die volk nie berou getoon nie,
en het hulle nie afstand gedoen
van hulle sondes nie,
totdat hulle van hulle land
as oorlogsbuit weggevoer,
en oor die hele aarde verstrooi is.

¹⁶ En die volk het in klein getalle
oorgebly,
met 'n heerser in die huis van Dawid;
en sommige van hulle het gedoen
wat die Here¹ behaag het,
maar ander het sondes vermenigvuldig.

¹⁷ *Hiskia het sy stad verskans

¹48:16 Here: Die Griekse woord hier is *despotes*. Gewoonlik is dit die woord *kurios* wat vertaal word “Here”.

* 48:17-22 2 Kon 18:3,13,17; 19:35; 20:20

en water in die stad gebring;
hy het 'n tunnel met ystergereedskap
gegrawe,
en opgaarputte^m gebou vir water.

¹⁸ In sy dae het Sanherib opgetrek,
en hy het rabsakeesⁿ gestuur
en self vertrek,
sy hand gelig teen Sion,
en in hoogmoed gespog.

¹⁹ Toe is hulle harte en hande geskud,
en hulle was in barensnood
soos vroue wat geboorte skenk.

²⁰ En hulle het die Here,
die Barmhartige, aangeriep,
terwyl hulle hulle hande smekend
na Hom uitgestrek het;
en die Heilige het hulle gou
vanuit die hemel aangehoor
en hulle bevry deur die hand
van Jesaja.

²¹ Hy het die kamp van die Assiriërs
vernietig
en sy engel het hulle uitgewis.

²² Want Hiskia het gedoen
wat die Here behaag het,

^m**48:17 opgaarputte:** Dit was 'n groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekop is en waarin daar water of graan gestoor is.

ⁿ**48:18 rabsakees:** Benaming van hoë amptenare wat regsake vir die koning hanteer het. Hier as 'n eienaam gebruik.

en hy het volgehou in die weë
van Dawid, sy voorvader,
soos Jesaja beveel het —
die profeet wat groots
en betroubaar in sy visioen was.

²³ *In sy tyd het die son teruggegaan,
en hy het die lewe van die koning
verleng.

²⁴ Deur sy groot gees het hy
die laaste dinge gesien,
en hy het dié wat in Sion getreur het,
vertroos.

²⁵ Hy het aangetoon
wat tot in ewigheid sal gebeur,
en die verborge dinge, nog voordat
hulle plaasgevind het.

49

¹ ^o* Die herinnering aan Josia
is 'n wierookmengsel
voorberei met die vaardigheid
van 'n salfmenger;
soos heuning sal dit in elke mond
soet wees,
soos musiek by 'n wynbanket.

* 48:23-25 2 Kon 20:4-11; Jes 38:4-8

^o49:1-16 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 49:1-19.

* 49:1-3 2 Kon 22:1,11-13; 23:3,25

² Hy het daarin geslaag om die volk
tot inkeer te bring,
en het die gruwels van wetteloosheid
verwyder.

³ Hy het sy hart op die Here gerig;
in die tyd van wetteloses het hy
godvresendheid versterk.

⁴ Afgesien van Dawid, Hiskia en Josia,
het almal erg gesondig,
want hulle het die Wet
van die Allerhoogste verlaat;
dit was die einde van die konings
van Juda,

⁵ want hulle het hulle mag^p
aan ander afgestaan,
en hulle eer aan 'n vreemde nasie.

⁶ *Dié het die uitverkore stad
van die heiligdom aan die brand
gesteek,

en haar strate verlate gemaak,

⁷ deur die hand van Jeremia.^q

Want hulle het hom mishandel,
en dit terwyl hy in die moederskoot
as profeet geheilig is —
om te ontwortel, te ruïneer

^p49:5 **mag:** Letterlik 'horing'. 'n Dier se horings is beskou as 'n simbool van krag.

^{*}49:6-7 Jer 1:4-10; 20:2; 21:10; 39:8

^q49:7 **deur ... Jeremia:** Dit verwys na die krag van Jeremia se profetiese woord.

en te verwoes,
maar net so ook om te bou
en te plant.

⁸ *Esegiël het 'n visioen
van heerlikheid gesien,
wat God^r vir hom gewys het
bo 'n strydwa van gerubs.^s

⁹ Want Hy het selfs sy vyande
in 'n donderstorm onthou,
en om goed te doen aan diegene
wat hulle paaie reguit maak.

¹⁰ En mag die beendere
van die twaalf profete
herleef uit die plek waar hulle is,
want hulle het Jakob^t vertroos,
en bevry in hoopvolle vertrou.

¹¹ *Hoe sal ons vir Serubbabel verhoog?
Ook hy was soos 'n seëlring
aan die regterhand.

* **49:8-9** Eseg 1:3-15,28; 14:14-20

^r**49:8 God:** Letterlik 'Hy'.

^s**49:8 gerubs:** Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die •verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

^t**49:10 Jakob:** Dit verwys hier na die volk Israel.

* **49:11** Esra 3:2; Hag 2:23

¹² So ook Josua, seun van Josadak,^{*}
wat in sy tyd 'n tempel^u gebou
en vir die Here 'n heiligdom^v
opgerig het,
vir ewige heerlikheid bestem.

¹³ *En die herinnering aan Nehemia
leef sterk,
aangesien hy vir ons die gevalle
mure weer opgerig het,
en poorthekke, beveilig met
grendels,
daargestel en ons geboue
herbou het.

¹⁴ *Niemand is op aarde geskape
soos Henog nie,
want ook hy is van die aarde af
weggeneem.

¹⁵ *Ook is daar nie nog 'n man
soos Josef gebore nie,
'n leier vir broers
en 'n ondersteuner vir die volk,

* **49:12 Josadak:** Hag 1:1

^u**49:12 tempel:** Letterlik 'huis'.

^v**49:12 heiligdom:** Die agterste vertrek van die •tempel, waar die verbondsark later gestaan het, en wat ook die Allerheiligste genoem word.

* **49:13** Neh 6:15

* **49:14** Gen 5:18-24; Sir 44:16

* **49:15** Gen 37; 39 — 50; Eks 13:19; Jos 24:32

en sy beendere is bewaar.

¹⁶ *Sem en Set is vereer onder mense,
maar bo elke lewende wese
in die skepping is Adam.

50

¹ Simon, seun van Onias,^w
was die hoëpriester,
hy wat in sy lewe die tempel^x
herstel het,
en in sy tyd die heiligdom^y
versterk het.

² En deur hom is die hoë struktuur
van die tempelringmuur daargestel.

³ In sy tyd is 'n opvangplek
vir water uitgegrawe,
'n opgaarput^z soos die omtrek
van die See.^a

⁴ Hy is die een wat gesorg het
dat sy volk nie gestruikel het nie,
en die stad versterk het tydens 'n beleg.

***49:16** Gen 1:26-30; 2:7; 4:25-26

^w**50:1 Simon ... Onias:** Dit verwys na Simon II, seun van Onias III, ongeveer 220-195 vC.

^x**50:1 tempel:** Letterlik 'huis'.

^y**50:1 heiligdom:** Die agterste vertrek van die •tempel, waar die verbondsark later gestaan het, en wat ook die Allerheiligste genoem word.

^z**50:3 opgaarput:** Dit was 'n groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekap is en waar water of graan gestoor is.

^a**50:3 See:** Die naam van die bronswaskom; vgl Eks 30:17-21.

⁵ Hoe is hy nie verheerlik
in die midde van sy volk
toe hy agter die Voorhangsel^b
van die tempel uitgekom het nie —
⁶ soos 'n môrester tussen die wolke,
soos 'n volmaan tydens feesdae,
⁷ ^csoos die son skyn op die tempel
van die Allerhoogste,
en soos 'n reënboog skitter
in glansende wolke,
⁸ soos 'n oleanderblom^d in lentetyd,^e
soos narsings by die uitloop van water,
soos 'n nuwe loot op die Libanon
in die somertyd,
⁹ soos vuur en wierook in 'n vuurpan,
soos 'n houer van geplette goud,
versier met allerlei kosbare edelstene,
¹⁰ soos 'n olyfboom wat vrugte
voortbring,
en soos 'n sipres wat in die wolke
opklim.

^b**50:5 Voorhangsel:** Die gordyn wat die heilige voorste deel van die •tempel geskei het van die Allerheiligste.

^c**50:7-29** Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 50:7-31.

^d**50:8 oleanderblom:** 'n Immergroen sierstruik met wit, pienk of rooi blomme, Selonsroos.

^e**50:8 lentetyd:** Letterlik 'nuwe dinge'.

¹¹ *Wanneer hy 'n glansryke stola^f
aantrek,
wanneer hy homself bekleed
met prag en praal,
en wanneer hy die heilige altaar bestyg,
het hy die binnehof van die heiligdom
verheerlik;

¹² terwyl hy porsies uit die hande
van priesters ontvang
waar hy by die vuurherd
van die altaar^g staan,
was daar rondom hom
'n kroon van broers
soos lote van seders in die Libanon,
en hulle het hom omring
soos die stamme van dadelpalms.

¹³ En al Aäron se seuns
was daar in hulle prag,
en die offerande vir die Here
was in hulle hande,
voor die hele volksvergadering
van Israel.

*50:11 Eks 28:36-42; Sir 45:8-13

^f50:11 stola: 'n Lang gewaad wat byvoorbeeld deur skrifkenners, priesters en geleerdes gedra word tydens besondere geleenthede. Dit strek tot op die voete en is 'n simbool van hoë status en waardigheid; •Kleredrag.

^g50:12 altaar: Hierdie woord word in die Griekse •Pentateug (Eks 34:13) gebruik vir heidense altare. Die woord wat “Bybelse” altare aandui, kom ook hier in Sir voor.

¹⁴ En terwyl hy besig was
om 'n laaste offer op die altaar te bring
deur 'n offerande vir die Allerhoogste,
die Almagtige, voor te berei,
¹⁵ *het hy sy hand uitgesteek
na 'n beker
en 'n drankoffer van druiwebloed
gebring,
en dit uitgegiet oor die basis
van die altaar —
'n aromatiese geur vir die Allerhoogste,
die Koning van almal.
¹⁶ *Toe het die seuns van Aäron gejuig;
hulle het geblaas op trompette
van beslane metaal;
hulle het 'n harde geluid laat hoor
as 'n herinnering voor die Allerhoogste.
¹⁷ Toe het die hele volk
hulle soos een man gehaas,
en op hulle gesigte op die aarde
neergeval om hulle Here te aanbid,
die Almagtige God,
die Allerhoogste.
¹⁸ Toe het die psalmsangers
hulle stemme laat opklink
met prysliedere,
'n melodie soet gemaak

*50:15 Num 15:5; 28:7

*50:16 Num 10:10

en met 'n ryk toon.

¹⁹ En die volk het gebid
tot die Here, die Allerhoogste,
met 'n gebed aan die
Barmhartige Een,
totdat die orde van diens
aan die Here voltooi is,
en hulle sy liturgie afgehandel het.

²⁰ Toe, nadat hy afgekom het,
het hy sy hande opgelig
oor die hele byeenkoms
van Israeliete,
om die seën van die Here
op sy lippe te neem*
en te roem in sy Naam.

²¹ Toe het hulle die aanbidding
herhaal om die seën
van die Allerhoogste te ontvang.

²² En nou, loof die God van alles!
Dit is Hy wat oral groot dinge doen,
wat van die moederskoot af
glans verleen aan ons dae,
en wat met ons handel
ooreenkomstig sy ontferming.

²³ Mag Hy aan ons vreugdevolle
harte gee,

*50:20 om ... neem: Num 6:23-27

en mag daar vrede wees in ons dae,
gedurende die dae van ons lewe,
in Israel.^h

²⁴ ⁱMag Hy sy ontferming
aan ons toevertrou
en laat Hy ons in ons tyd bevry.

²⁵ My siel^j is deur twee nasies vertoorn
en die derde is nie 'n nasie nie:

²⁶ *hulle wat op die berg van Samaria
woon, en die Filistyne,
asook die dwase volk
wat in Sigem woon.

Slotwoord

²⁷ Onderrig in insig en kennis
het ek in hierdie •boekrol geskryf —
ek, Jesus, seun van Sirag,
seun van Eleasar^k uit Jerusalem,
wat wysheid uit sy hart
laat voortvloei het.

²⁸ Gelukkig is hy wat hiervolgens leef,

^h50:23 en mag ... Israel: Die Vulgaat lui “en mag daar vrede wees in Israel in ons dae en alle dae vir altyd.”

ⁱ50:24 Die Vulgaat lui “en mag Israel vertrou dat God se ontferming met ons sal wees sodat Hy ons in ons tyd bevry.”

^j50:25 siel: Die mens se gemoed met sy emosies en stemminge.

*50:26 2 Kon 17:24; Joh 4:9

^k50:27 Jesus ... Eleasar: Word ook vertaal “Jesus, die seun van Eleasar, die seun van Sirag”.

en as hy dit in sy hart bewaar,
sal hy wys wees.

²⁹ Want as hy hierdie dinge doen,
sal hy tot alles in staat wees,
want die lig van die Here is sy pad.

51

Gebed van Jesus, seun van Sirag

¹ ^{1*} Ek sal U bely, Here en Koning,
en ek sal U as my God
en Verlosser loof.

Ek bely u Naam,

² * want U was my beskermmer en helper,
U het my liggaam van ondergang gered,
en uit die valstrik
van 'n lasterlike tong,^m
en van lippe wat leuens voortbring.

En teen my teenstanders
was U 'n hulp en het U my bevry

³ — * ooreenkomstig die oorfloed
van ontferming en u Naam —
van die gekners van tandeⁿ
gereed om my te verslind,

¹51:1-30 Die •Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 51:1-38.

*51:1 Eks 15:2; Ps 138:1

*51:2 Ps 91:3; 120:2

^m51:2 tong: Die tong word geassosieer met spraak.

*51:3 Ps 35:4; 56:10-12; 124:2-3

ⁿ51:3 gekners van tande: Die Vulgaat lui “strikke”.

van die hand van diegene
wat my lewe seek,
van baie verdrukkinge
wat ek ondervind het,
^{4 *} van versmoring deur 'n vuur
rondom my,
en van binne 'n vuur wat ek nie
aan die brand gestee het nie,
^{5 *} uit die dieptes van die maag
van Hades,^o
en van 'n •onrein tong
en 'n leuenagtige woord,
⁶ die lastering^p van 'n onregverdige tong
teenoor die koning.
My siel^q het na aan die dood gekom
en my lewe was naby aan Hades
daar onder.
^{7 *} Hulle het my van alle kante
omsingel,
en daar was niemand wat wou help nie;
ek het uitgekyk vir bystand van mense,
maar daar was niemand nie.

* **51:4** Job 20:26; Ps 66:12

* **51:5-6** Ps 88:4; 94:17

^o**51:5 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

^p**51:6 die lastering:** Die Vulgaat lui “van die spies”.

^q**51:6 siel:** Die mens se bewuste, innerlike lewenskern wat voortbestaan na sy dood.

* **51:7** Ps 22:12; 118:10-11; 142:5

⁸ *Tog het ek u ontferming onthou, Here,
en wat U van ewig af bewerk,
want U hef diegene op wat op U wag,
en U verlos hulle uit die hand
van vyande.^r

⁹ Ek het my smeking
van die aarde af opgestuur,
en gebid om verlos te word
van die dood.

¹⁰ *Ek het die Here, Vader
van my heer,^s aangeroop
om my nie te verlaat in dae
van benoudheid nie,^t
en my in 'n tyd van hoogmoediges
sonder hulp te laat nie.
“Ek sal u Naam voortdurend loof,
en ek sal U bely met die sing
van liedere.”^u

¹¹ En my gebed is verhoor,
want U het my gered van ondergang
en my uit 'n bese tyd verlos.

*51:8 Ps 25:6

^r51:8 vyande: Die Vulgaat lui “onregverdiges.”

*51:10 Ps 89:27; 95:1

^s51:10 Vader ... heer: Moontlik 'n Christelike invoeging in die Griekse teks, maar miskien 'n vertaling van 'n moeilik verstaanbare ms. Die Hebreeuse ms lui “Ek het verkondig: Jahwe, U is my Vader, want U is die bewerker van my verlossing.”

^t51:10 Ek het ... benoudheid nie: Die Vulgaat lui “Ek het die Here aangeroop, ‘U is my Vader; verlaat my nie in die dag van my benoudheid nie’”.

^u51:10 en ek ... liedere: Die Vulgaat lui “en u Naam loof in belydenis”.

^{12 v*} Om hierdie rede sal ek U bely
en U prys
en sal ek die Naam van die Here loof.

^{13 *} Toe ek nog jonk was,
voordat ek gereis het,
het ek openlik Wysheid
in my gebed gesoek.

¹⁴ Voor die tempel het ek
na haar^w gevra
en tot die laaste tye sal ek haar soek.

¹⁵ Vandat die druiwe bot
totdat dit ryp word,^x
was my hart verheug in haar;^y
my voete het op die paaie
van geregtigheid* geloop;
van my jeug af was ek op haar spoor.

¹⁶ Ek het skaars my ore gespits
of ek het haar^z ontvang

^v**51:12-20** Die Vulgaat nommer hierdie verse as Sir 51:17-28.

^{*}**51:12** Ps 136:1; Rom 15:6

^{*}**51:13-22** Ps 25:2; Spr 4:6; 8:17,34; Jes 50:4; 55:1-3; Wys 8:2; Sir 6:18; 15:1-3

^w**51:14 haar:** Wysheid (*Sofia* in Grieks) word altyd in 'n vroulike vorm aangedui.

^x**51:15 Vandat ... word:** Die Vulgaat lui "en sy het gebloei soos vroegryp druiwe."

^y**51:15 was ... haar:** Die Vulgaat lui "My hart was verheug oor haar".

^{*}**51:15 paaie van geregtigheid:** Ps 23:3; Jes 40:3

^z**51:16 haar:** Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

en baie onderrig gevind.

¹⁷ Ek het vooruitgang
deur haar gemaak;
wie aan my wysheid gee, sal ek eer.

¹⁸ Want ek het besluit
om haar te beoefen —
ek het die goeie nagestreef.
en sal nooit beskaamd staan nie.

¹⁹ My siel^a het met haar geworstel,
en in die uitvoering van die wet
was ek nougeset.
Ek het my hande boontoe uitgesprei,
en die onkunde oor haar betreur.^b

²⁰ Ek het my siel op haar gerig,
en in reinheid het ek haar gevind.

Met haar het ek van die begin af
'n hart^c verkry;
om hierdie rede sal ek nooit
verlaat word nie.

²¹ My binneste was vol onrus,
sodat ek haar opgesoek het;
daarom het ek 'n kosbare besitting
verwerf.

^a51:19 siel: Vgl voetnoot by Sir 51:6.

^b51:19 en die ... betreur: Die Vulgaat lui “en het haar onnaspeurlikheid verstaan.”

^c51:20 hart: Die hart is beskou as die setel van die denke.

²² Die Here het aan my
'n tong gegee as my loon,
en daarmee sal ek Hom prys.

²³ *Nader my, oningeligtes,
en kom woon in 'n huis van onderrig.

²⁴ Hoekom sê julle dat julle
tekortskiet in hierdie dinge,
en verduur julle siele groot dors?

²⁵ Ek het my mond oopgemaak en gesê:
“Verwerf wysheid^d vir julleself,
sonder geld.

²⁶ *Plaas julle nek onder haar juk,
en laat julle siel onderrig ontvang;
dit is naby om te vind.”

²⁷ Sien met julle eie oë dat ek
min moeite gehad het,
maar dat ek vir myself
baie rus gevind het.

²⁸ Neem deel aan onderrig
wat baie silwer kos,
en julle sal baie goud
daardeur verwerf.

²⁹ Mag julle siel vreugde vind

*51:23-30 Spr 4:7; 16:16

^d51:25 **wysheid:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*51:26 Sir 6:26-28; Matt 11:29

in sy ontferming,
en mag julle nooit skaam wees
om Hom te prys nie.
³⁰ *Doen julle werk vroegtydig,
en Hy sal julle beloon op sy tyd.

*51:30 Sir 2:8; Luk 10:7; Joh 4:36; 9:4; 1 Kor 3:8,14